- 3.32 **Clause 32** amends section 66 of the principal Act. The clause includes public participation in the application process for the removal of a licence by incorporating certain provisions from sections 36, 37, 38, 39 and 40 of the principal Act in the process. The clause provides for the criteria by which the Liquor Licensing Tribunal must be guided in the consideration of an application for removal of a licence by incorporating certain provisions of sections 34 and 41 of the principal Act. The clause further incorporates the provisions of sections 42, 43 and 44 of the principal Act for the conditional granting by the Liquor Licensing Tribunal of an application for the removal of a licence. The remainder of the clause textually improves the section.
- 3.33 **Clause 33** amends section 67 of the principal Act by deleting the power of the Liquor Licensing Tribunal to appoint a manager where it is satisfied that a licensed business has been abandoned by the licensee.
- 3.34 **Clause 34** amends section 68 of the principal Act. The amendments are consequential to the amendment to section 25 of the principal Act relating to the appointment of two persons to act as Appeal Tribunals.
- 3.35 **Clause 35** amends section 73 of the principal Act and is a textual improvement of the section.

- 3.36 **Clause 36** amends section 75 of the principal Act and is a textual improvement of the section.
- 3.37 **Clause 37** amends section 78 of the principal Act and is a consequential amendment to the amendment to section 25 of the principal Act relating to the appointment of two persons to act as Appeal Tribunals. The clause also textually improves the section.
- 3.38 **Clause 38** amends section 83 of the principal Act and is a consequential amendment to the amendment to section 52 of the principal Act that relates to the appointment of managers.
- 3.39 **Clause 39** amends section 85 of the principal Act and is a consequential amendment to the amendment of section 54 of the principal Act.
- 3.40 **Clause 40** amends section 87 of the principal Act. The clause provides that an offence in terms of section 63(13) also attracts a fine, on conviction, not exceeding R100 000 or imprisonment for a period not exceeding six months or both such fine and such period of imprisonment.
- 3.41 **Clause 41** amends the index to the principal Act.
- 3.42 **Clause 42** provides for savings and transitional arrangements.
- 3.43 **Clause 43** provides for the short title and commencement of the Draft Bill once enacted.

4. CONSULTATION

Department of Community Safety
Department of the Premier: Legal Services
Department of the Premier: Strategic Programmes
Western Cape Liquor Authority

5. PERSONNEL IMPLICATIONS

There are no direct personnel implications.

6. FINANCIAL IMPLICATIONS

The Authority currently spends R4 513 960 a year to advertise liquor licence applications in terms of section 36, of which only R1 912 143 is included on the MTEC budget baseline. The remaining R2 601 817 has historically been funded from the roll-over of funds not spent in the previous financial years. The funds were not included in the MTEC budget baseline as they were regarded as a legislative inefficiency. The amendment in clause 14 will resolve the legislative inefficiency and result in a saving of about R1 500 000 from the MTEC budget baseline.

Furthermore, the Authority currently generates R1 129 577 from penalties on late payments of licence renewals. The amendments in clauses 28 and 29 will significantly reduce these penalties on the late payments of licence renewals resulting in own revenue losses estimated around R1 000 000. The revenue loss will be funded from the efficiency savings highlighted above. The legislative amendments will thus result in an estimated saving of R500 000 that will be available for other service delivery priorities of the Authority.

7. LEGISLATIVE COMPETENCE

The Provincial Minister responsible for liquor licences is satisfied that the provisions of the Draft Bill fall within the legislative competence of the Province.

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 112/2023

15 November 2023

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE OPMERKING:

[] Woorde in vetdruk in vierkantige hake dui skappings uit bestaande wetgewing aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WES-KAAPSE KONSEPDRANKWYSIGINGSWETSONTWERP, 2023

Tot wysiging van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), ten einde sekere woordskrywings te vervang en in te voeg; om voorsiening te maak vir die Owerheid om in sekere omstandighede die indiening van aansoeke om sekere lisensies te weier; om anders voorsiening te maak vir die aanstelling van plaasvervangende lede; om voorsiening te maak vir die onderrig en opleiding van bestuurders; om verder voorsiening te maak vir die instelling van komitees van die Dranklisensiëringstribunaal; om verder voorsiening te maak vir aangeleenthede wat aan komitees van die Dranklisensiëringstribunaal gedelegeer kan word; om voorsiening te maak vir die aanstelling van twee persone om as Appèltribunale op te tree; om anders voorsiening te maak vir die publikasie van kennisgewings van aansoeke om lisensies; om verder voorsiening te maak vir die oorweging van aansoeke deur die Dranklisensiëringstribunaal; om aan die Minister die bevoegdheid te verleen om regulasies te maak oor inligting wat deur die Dranklisensiëringstribunaal oorweeg moet word wanneer hy 'n aansoek om 'n lisensie oorweeg; om anders voorsiening te maak vir die kondoneringsbevoegdhede van die Dranklisensiëringstribunaal; om voorsiening te maak vir die oplegging van 'n fooi vir onderrig en opleiding volgens die direktief van die Dranklisensiëringstribunaal ten opsigte van die voorwaardelike toestaan van 'n lisensie; om verder voorsiening te maak vir aflewering van drank; om uit te klaar dat die verhuring van lisensies, die bedryf van besigheid ingevolge 'n lisensie en die gebruik van 'n gelisensieerde perseel slegs tussen lisensiehouers toegelaat word en om ten opsigte daarvan verder voorsiening te maak; om anders voorsiening te maak vir die bestuur van 'n gelisensieerde besigheid; om verder voorsiening te maak vir aansoeke om uitbreidings aan gelisensieerde persele uit te voer of om die aard van die gelisensieerde besigheid te verander; om verder voorsiening te maak ten opsigte van kinders; om verder voorsiening te maak vir die byhou deur lisensiehouers van rekords van drank wat verkoop is; om anders voorsiening te maak vir die outomatiese hernuwing van lisensies; om verder en anders voorsiening te maak vir aansoeke om die hernuwing van lisensies; om voorsiening te maak vir die oplegging van 'n fooi vir onderrig en opleiding volgens die direktief van die Dranklisensiëringstribunaal wanneer hy 'n aansoek om die oordrag van 'n lisensie toestaan; om verder en anders voorsiening te maak vir die verwydering van lisensies; om verder voorsiening te maak vir die beslissing oor appèlle en aansoeke om die hersiening van besluite; om voorsiening te maak vir voorbehouds- en oorgangsbepalings; om sekere teksverbeteringe aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 2 van Wet 10 van 2010, artikel 1 van Wet 10 van 2010, artikel 1 van Wet 3 van 2015 en artikel 1 van Wet 5 van 2016

1. Artikel 1 van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) (die Hoofwet), word gewysig—

- (a) deur die omskrywing van “bestuurder” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘bestuurder’** ’n persoon of persone [wie se aanstelling] wat aangestel is as bestuurder [goedgekeur word] of bestuurders van ’n gelisensieerde besigheid of geag word ’n bestuurder van ’n gelisensieerde besigheid te wees ingevolge artikel 52[(1)];”;
- (b) deur die omskrywing van “drank” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘drank’** enige vloeistof of stof wat meer as [1] 0,5% alkohol per volume of massa bevat of bestem is om dit te bevat, maar **[sluit die volgende uit] nie ook die volgende nie:**
 (a) brandspiritus;
 (b) medisyne wat onderworpe is aan registrasie ingevolge die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965); en
 (c) produkte wat nie vir menslike gebruik bedoel is nie;”;
- (c) deur die omskrywing van “hernuwingsfooi” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘hernuwingsfooi’** ’n fooi wat jaarliks of tweejaarliks betaalbaar is ten opsigte van ’n lisensie, uitgesonderd ’n tydelike dranklisensie of dranklisensie vir ’n geleentheid, ten einde die voortgesette geldigheid van die lisensie te verseker;”;
- (d) deur ná die omskrywing van “Hoof-Uitvoerende Beampte” die volgende omskrywing in te voeg:
 “**‘indien’** ook, met betrekking tot die indiening van dokumente aan die Owerheid, indiening per elektroniese kommunikasie soos beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet 25 van 2002);”;
- (e) deur die omskrywing van “Minister” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘Minister’** die lid van die Provinsiale Kabinet **[aan wie die administrasie van hierdie Wet opgedra is deur die Premier]** verantwoordelik vir dranklisensies in die Provinsie;” en
- (f) deur ná die omskrywing van “perseel” die volgende omskrywing in te voeg:
 “**‘persoon’** ook—
 (a) enige staatsorgaan;
 (b) enige maatskappy of beslote korporasie of as sodanig geregistreer kragtens enige wet;
 (c) enige liggaam van persone ingelyf of oningelyf; en
 (d) enige trust;”.

Wysiging van artikel 9 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 10 van Wet 10 van 2010

2. Artikel 9 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die volgende paragraaf ná paragraaf (b) in te voeg:

“(bA) om die indiening te weier van aansoeke om lisensies van die kategorie bedoel in artikel 33(1) wat nie in alle opsigte aan die voorgeskrewe vereistes vir ’n aansoek voldoen nie;” en

(b) deur in paragraaf (f) die woord “Appèltribunaal” deur die woord “Appèltribunale” te vervang.

Vervanging van opskrif van Hoofstuk 3 van Wet 4 van 2008, soos vervang by artikel 15 van Wet 10 van

3. Die opskrif van Hoofstuk 3 van die Hoofwet word deur die volgende opskrif vervang:

“DRANKLISENSIËRINGSTRIBINAAL EN
[APPÈLTRIBUNAAL] APPÈLTRIBUNALE”.

Wysiging van artikel 16 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 2 van Wet 3 van 2015

4. Artikel 16 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur in paragraaf (d) van subartikel (1) die woorde “verantwoordelik vir gemeenskapsveiligheid in die Provinsie” te skrap;

(b) deur paragraaf (b) van subartikel (2A) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) Die bepalinge van artikel 10(2), (3) en (6) is van toepassing, met die nodige veranderinge wat die samehang vereis, op ’n delegering ingevolge paragraaf (a).”;

(c) deur die vervanging van paragraaf (a) by subartikel (3A) van die volgende paragraaf:

“(a) Ondanks [subartikels] subartikel (1) [en (2)] mag die Raad [in oorleg met die Minister] te eniger tyd hoogstens vier geskikte persone as plaasvervangende lede aanstel om as lede van die Dranklisensiëringstribunaal [of ’n komitee daarvan] waar te neem op versoek van die Voorsittende Beampte in die omstandighede beoog in artikel 21(4) [of 24(2A)], of om deel te wees van ’n komitee van die Dranklisensiëringstribunaal vir die doeleindes van artikel 24(1).”;

(d) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Voordat ’n kandidaat as lid of plaasvervangende lid van die Dranklisensiëringstribunaal aangestel word, moet hy of sy ’n beëdigde verklaring aan die Raad voorlê waarin sodanige kandidaat verklaar dat hy of sy nie ingevolge artikel 17 gediskwalifiseer word nie.”; en

(e) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Die Raad mag, in oorleg met die Minister, te eniger tyd vra vir bewyse tot sy bevrediging van die voortgesette geskiktheid van enige lid of voorgestelde lid van die Dranklisensieringstribunaal of ’n plaasvervangende lid, of enige ondersoek of navraag in daardie verband doen of laat doen.”.

Wysiging van artikel 18 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 18 van Wet 10 van 2010 en artikel 4 van Wet 3 van 2015

5. Artikel 18 van die Hoofwet word gewysig deur in subartikel (3) die woorde “verantwoordelik vir gemeenskapsveiligheid in die Provinsie” te skrap.

Wysiging van artikel 20 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 20 van Wet 10 van 2010 en artikel 6 van Wet 3 van 2015

6. Artikel 20 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur paragraaf (f) van subartikel (1) word deur die volgende paragraaf vervang:

“(f) vertoë deur ’n lisensiehouer of ander belanghebbende oor die herroeping van die intrekking van ’n lisensie, behalwe die herroeping van die intrekking van ’n lisensie beoog in artikel 63(8), of die verwydering of wysiging van enige voorwaarde wat vir ’n lisensie opgelê is; [of]”;

(b) deur in paragraaf (fA) van subartikel (1) die woord “die” voor die woord Appèltribunaal deur die woord “’n” te vervang; en

(c) deur die volgende subartikel by te voeg:

“(8) Die Dranklisensieringstribunaal moet die onderrig en opleiding beoog in artikel 52(4)(c) bepaal.”.

Wysiging van artikel 21 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 7 van Wet 3 van 2015

7. Artikel 21 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(4)(a) Indien ’n lid van die Dranklisensieringstribunaal, behalwe die Voorsittende Beampte, afwesig is van ’n vergadering van die Dranklisensieringstribunaal of onbeskikbaar is om die vergadering by te woon en sodanige afwesigheid of onbeskikbaarheid tot gevolg het dat daardie vergadering nie ’n kworum het nie, [mag] moet die Voorsittende Beampte ’n plaasvervangende lid versoek om as ’n lid waar te neem in die plek van die lid wat afwesig of onbeskikbaar is.”.

Vervanging van artikel 24 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 9 van Wet 3 van 2015

8. Artikel 24 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Komitees van Dranklisen­siëringstribunaal

24. (1) Die Voorsittende Beampte mag een of meer komitees aanstel wat bestaan uit—

(a) die Voorsittende Beampte[**self**] of ’n Adjunk-Voorsittende Beampte; en

(b) een of meer van die volgende persone:

(i) [**enige**] ’n lid van die Dranklisen­siëringstribunaal [**of**];

(ii) [**enige**] ’n persoon wat ingevolge artikel 20(5) gekoöpteer is; en

(iii) ’n plaasvervangende lid.

(1A) Ondanks subartikel (7) en artikel 20(6), [**het**] mag ’n persoon gekoöpteer ingevolge artikel 20(5) wat [**as ’n lid**] deel is van ’n komitee [**ingevolge subartikel (1) aangestel is die reg om te**] stem by enige vergadering van die komitee wanneer die komitee enige funksie van die Dranklisen­siëringstribunaal [**beoog in artikel 89(7) en wat**] ingevolge subartikel (3)[(c)](b) na die komitee gedele­geer [**word**], verrig.

(2) ’n Komitee bestaan uit minstens drie persone.

(2A) [(a) Indien ’n lid van ’n komitee afwesig is van ’n vergadering van die komitee of onbeskikbaar is om die vergadering by te woon, mag die Voorsittende Beampte ’n plaasvervangende lid versoek om as ’n lid van die komitee in die plek van die lid wat afwesig is, waar te neem.

(b)] ’n Plaasvervangende lid wat [**aldus as ’n lid**] deel is van ’n komitee [**waarneem**], het die bevoegd­hede en pligte van ’n lid van die [**komitee**] Dranklisen­siëringstribunaal.

(3) Die Dranklisen­siëringstribunaal mag die funksies van die Dranklisen­siëringstribunaal—

(a) wat in artikels 20(1)(d), (e), (f), (fA) en (g), 20(3)(b), (c) en (d), [**52**] 53, 64, 65, 66 en 71 uiteengesit word; [**of**]

(b) wat in artikel 89(7) beoog word, aan ’n komitee dele­geer.

(4) Die Dranklisen­siëringstribunaal mag riglyne aan ’n komitee uitreik oor die uitoefening van ’n bevoegd­heid of die verrigting van ’n funksie deur hom aan die komitee gedele­geer.

(5) ’n Komitee moet in die uitoefening van ’n gedele­geerde bevoegd­heid of die verrigting van ’n gedele­geerde funksie voldoen aan die riglyne bedoel in subartikel (4).

(6) By die aanstelling van **[lede van]** ’n komitee moet die Voorsittende Beampte behoorlik ag slaan op die kennis, kundigheid en ervaring wat vereis word vir die aangeleentheid wat oorweeg moet word.

(7) ’n Komitee van die Dranklisensiëringstribunaal word beheer deur dieselfde prosedurereëls as dié wat op die Dranklisensiëringstribunaal van toepassing is.”

Vervanging van artikel 25 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 21 van Wet 10 van 2010 en artikel 10 van Wet 3 van 2015

9. Artikel 25 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“[Appèltribunaal] Appèltribunale

25. (1) Die Minister moet, vir ’n termyn deur **[hom of haar]** die Minister bepaal, **[’n persoon]** twee persone, op ’n deelydse basis, aanstel met regs kwalifikasies gelykwaardig aan dié wat vir toelating as prokureur, of advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika vereis word, en met ervaring in regspleging, om elk op te tree as ’n Appèltribunaal om te beslis oor appèlle teen of aansoeke om die hersiening van die besluite van—

- (a) die Dranklisensiëringstribunaal;
- (b) die Voorsittende Beampte; of
- (c) ’n Adjunk-Voorsittende Beampte wat funksies verrig wat deur die Voorsittende Beampte aan **[hom of haar]** daardie Adjunk-Voorsittende Beampte gedelegeer is.

(1A) By die beslissing van ’n appèl of aansoek om hersiening moet ’n Appèltribunaal wat ingevolge subartikel (1) aangestel is, ooreenkomstig artikel 68 optree, en enige besluit wat aldus geneem is, maak ’n besluit van die Appèltribunaal uit en is finaal.

(2) Die Minister moet die prosedure voorskryf wat deur **[die]** ’n Appèltribunaal gevolg moet word.”

Wysiging van artikel 26 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 22 van Wet 10 van 2010

10. Artikel 26 van die Hoofwet word gewysig deur die woord “Appèltribunaal”, waar dit ook al voorkom, insluitend in die opskrif, deur die woord “Appèltribunale” te vervang.

Wysiging van artikel 27 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 23 van Wet 10 van 2010 en artikel 11 van Wet 3 van 2015

11. Artikel 27 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die lede van die Raad en die Dranklisensieringstribunaal, die **[persoon]** persone wat aangestel word om as **[Appèltribunaal]** Appèltribunale op te tree, plaasvervangende lede en persone wat ingevolge artikel 11(1) of 20(5) gekoöpteer is, is geregtig om redelike besoldiging en toelaes te ontvang soos deur die Minister, in oorleg met die Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie, bepaal.”.

Wysiging van artikel 30 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 26 van Wet 10 van 2010 en artikel 12 van Wet 3 van 2015

12. Artikel 30 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die fooie bedoel in artikel **[63(2) en (2B)]** 63(4)(a) en (b) moet in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word.”;

(b) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) **[die]** boetes bedoel in artikels 46(6), 48(10), **[62(3), 63(4), 64(4)]** 63(8)(a) en (b), 64(7)(b), 65(19) [en 66(8)] en 66(11); en”;

(c) deur paragraaf (c) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) fooie bedoel in artikels 26(8), **[36(1)(e)]** 36(1C)(b), 38, 45, 46(2), 48(1), 48(4), 52(4)(c), 53(1), 53(1A), 59(7), 64(1), 64(4), 64(7)(a), 65(4), 65(14), 65(16), 66(2) en **[66(6)]** 66(9).”;

(d) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die fooie bedoel in artikel 37(4)(a)**[(i) en (b)(i)]** moet aan die betrokke munisipaliteit betaal word.”; en

(e) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) **[Geen]** Behoudens artikel 63(12), is geen bedrag in hierdie artikel beoog **[is]** terugbetaalbaar nie.”.

Wysiging van artikel 36 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 31 van Wet 10 van 2010

13. Artikel 36 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“’n Aansoek om ’n lisensie van ’n kategorie in artikel 33(1) bedoel, moet by die Owerheid gedoen word deur voor of op die voorgeskrewe datum die volgende by die Owerheid en by die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is in te dien[—];

(b) deur in subartikel (1) aan die einde van paragraaf (b) die woord “en” in te voeg;

- (c) deur paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(d) ander inligting wat die Dranklisensiëringstribunaal nodig mag hê om te kan bepaal of die aansoeker aan die maatstawwe vir die toestaan van ’n lisensie voldoen of nie.”;
- (d) deur paragraaf (e) van subartikel (1) te skrap;
- (e) deur ná subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:
“(1A) Die Owerheid mag, ten opsigte van ’n aansoek beoog in subartikel (1)—
 (a) die indiening van die aansoek aanvaar indien dit in alle opsigte voldoen; of
 (b) die indiening van die aansoek weier indien dit, in enige opsig, versuim om te voldoen,
 aan die voorgeskrewe vereistes vir aansoeke.
 (1B) Indien die indiening geweier word, moet die Owerheid binne die voorgeskrewe tydperk die aansoek en al die dokumente wat in verband daarmee ingedien is, terugbesorg aan die betrokke persoon en die persoon skriftelik in kennis stel van die redes vir die weiering.
 (1C) Indien die Owerheid die indiening van die aansoek aanvaar—
 (a) moet die Owerheid die aansoeker en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is, op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk van die aanvaarding van die indiening in kennis stel;
 (b) moet die aansoeker op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk die voorgeskrewe fooi aan die Owerheid betaal;
 (c) onderhewig aan die betaling van die voorgeskrewe fooi aan die Owerheid, moet die aansoeker ’n afskrif van die aansoek ingedien by die Owerheid by die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is, indien;
 (d) moet die aansoeker bewys van indiening by die aangewese drankbeampte beoog in paragraaf (b) tesame met bewys van betaling van die voorgeskrewe fooi op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk by die Owerheid indien; en
 (e) indien die aansoeker versuim om die stappe beoog in paragraaf (d) te doen, word die indiening geag ingevolge subartikel (1A)(b) geweier te wees en moet die Owerheid die aansoeker skriftelik in kennis stel van die versuim en die aansoek en alle dokumente wat in verband daarmee ingedien is, binne die voorgeskrewe tydperk aan die aansoeker terugbesorg.”;
- (f) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(2) Geen kennisgewing van indiening van ’n aansoek [om] vir ’n lisensie wat deur die Owerheid aanvaar is, mag gedurende die tydperk 1 Desember [en] tot 15 Januarie van die volgende jaar [geadvrteer] gepubliseer word nie.”; en

- (g) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“**[Deur]** Sodra die indiening van ’n aansoek [in te dien] aanvaar word, stem die aansoeker in dat enige lid van die Raad of gemagtigde werknemer van die Owerheid—”.

Vervanging van artikel 37 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 32 van Wet 10 van 2010

14. Artikel 37 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Kennisgewing van indiening van [aansoek] aansoeke

37. (1) Die Owerheid moet, in die voorgeskrewe vorm, binne die voorgeskrewe tydperk en in die drie amptelike tale van die Provinsie, kennisgewings op die webblad van die Owerheid publiseer van die indienings van die aansoeke wat deur die Owerheid aanvaar is en waar daar aan die vereistes van artikel 36(1C) voldoen is, **in die drie amptelike tale van die Provinsie publiseer in die *Provinsiale Koerant* en in ’n gemeenskapskoerant wat sirkuleer in die gebied waarin die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is, en waar daar geen sodanige gemeenskapskoerant is nie, in ten minste een ander koerant wat sirkuleer in die gebied waarin die betrokke perseel geleë is**.

(2) **[Die aansoeker]** ’n Aansoeker wie se indiening van aansoek aanvaar is, moet ’n kennisgewing, soos voorgeskryf, in die drie amptelike tale van die Provinsie op ’n opvallende plek op die voorgestelde gelisensieerde perseel vertoon sodat dit sigbaar is vir verbygangers: Met dien verstande dat die Dranklisensieëringstribunaal die nie-voldoening aan hierdie bepaling mag kondoneer by aanvoering van goeie redes.

(3) ’n Kennisgewing ingevolge subartikel (2) moet vir die voorgeskrewe tydperk vanaf die datum van **[indiening van die aansoek] versending van die kennisgewing beoog in artikel 36(1C)(a)** vertoon word.

(4) Die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is, moet binne die voorgeskrewe tydperk vanaf die datum van **[indiening van ’n aansoek] versending van die kennisgewing beoog in artikel 36(1C)(a)** ’n **[kennisgewing] afskrif** van die aansoek op die voorgeskrewe wyse aan die betrokke munisipaliteit beteken om die munisipaliteit in staat te stel om—

(a) **[waar artikel 36(1)(c) van toepassing is—**

(i) die publiek in staat te stel om toegang te hê tot die aansoek, insae daarin te verkry of, by betaling van die voorgeskrewe fooi, ’n afskrif daarvan te bekom;

[(ii)] (b) die kommentaar van die wyksraadslid te verkry;

[(iii)] (c) kommentaar te lewer oor die aansoek; en

[(iv)] (d) waar van toepassing, toe te laat om die oorweging van die beplanningsaansoek met betrekking tot die aansoek om 'n dranklisensie];
of

(b) waar artikel 36(1)(c) nie van toepassing is nie—

(i) die publiek in staat stel om toegang te hê tot die aansoek, insae daarin te verkry of, by betaling van die voorgeskrewe fooi, 'n afskrif daarvan te bekom;

(ii) die kommentaar van die wyksraadslid te verkry; en

(iii) kommentaar te lewer oor die aansoek.].

(5) Die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is, moet[**of**] **en** die munisipaliteit mag, binne die voorgeskrewe tydperk, kennis van die aansoek gee aan die—

(a) naburige inwoners of die persone of instellings wat na [sy of haar oordeel] die mening van die aangewese drankbeampte of die munisipaliteit geraak mag word deur of 'n belang mag hê by die toestaan of weiering van die aansoek; [en]

(b) die gemeenskapspolisiëringsforum, [as daar een is] indien enige, van die gebied waarin die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is; en

(c) die belastingbetalersvereniging, indien enige, van die gebied waarin die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is; en

(d) die persone en instellings bedoel in artikel 34(1)(e), indien enige, in die gebied waarin die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is.

[(6) Nieteenstaande subartikel (1), waar 'n aansoeker aan artikel 36(1)(c) moet voldoen, word die kennisgewing wat ingevolge die toepaslike beplanningswetgewing gedoen is, geag te voldoen aan die kennisgewingvereistes ingevolge hierdie artikel: Met dien verstande dat die Dranklisensieërings-tribunaal sodanige bykomende kennisgewing kan vereis sover dit toepaslik is.]”.

Vervanging van artikel 38 van Wet 4 van 2008, soos vervang by artikel 33 van Wet 10 van 2010

15. Artikel 38 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Aansoeke ter insae by Owerheid

38. (1) Die Owerheid moet, binne die voorgeskrewe tydperk [ná] nadat hy die indiening van 'n aansoek[bedoel in] ingevolge artikel 36 [by hom ingedien is] aanvaar het, die publiek in staat stel om by die kantore van die Owerheid toegang te kry tot, insae te hê in of, teen betaling van die voorgeskrewe fooi, 'n afskrif te verkry van die aansoek en enige dokumente wat in verband daarmee ingedien is.”.

Wysiging van artikel 39 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 34 van Wet 10 van 2010

16. Artikel 39 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) ’n Afskrif van die vertoë, uitgesonderd die besonderhede bedoel in subartikel (5)(b), moet deur die persoon wat die vertoë rig, beteken word aan die aansoeker of sy of haar verteenwoordiger.”.

Wysiging van artikel 40 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 35 van Wet 19 van 2010

17. Artikel 40 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) sy besluit ten opsigte van die beplanningsaansoek bedoel in artikel 36(1)[(c)](b), waar van toepassing;”.

Wysiging van artikel 41 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 14 van Wet 3 van 2015

18. Artikel 41 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Oorweging van aansoeke

41. (1) Die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte [mag]—

(a) moet, by die oorweging van ’n aansoek, kennis neem van die volgende—:

[(a)](i) die aansoek en enige verslag wat in antwoord daarop ingedien is;

[(b)](ii) vertoë ten gunste van of teen die aansoek, enige antwoord op vertoë teen aansoeke en enige ander dokument of artikel wat met betrekking tot die aansoek ingedien is; [en

(c)](iii) [behoudens artikel 23(9)—

(i)] die nabyheid van die voorgestelde gelisensieerde perseel aan ’n onderneming wat die besigheid van ’n diensstasie bedryf wat petrol, diesel of ander petroleumprodukte aan die publiek verkoop; [en

(ii)] (iv) enige inligting soos wat deur die Minister voorgeskryf mag word; en

(b) mag, by die oorweging van ’n aansoek, kennis neem van enige ander aangeleentheid wat na die Dranklisensieringstribunaal of Voorsittende Beampte se mening in aanmerking geneem [moet] behoort te word.

(2) Indien—

(a) ’n aansoek[,] waarvan die Owerheid ooreenkomstig artikel 36(1A) die indiening aanvaar het, of ’n gepaardgaande dokument, ondanks die feit dat die aansoek in alle opsigte aan die voorgeskrewe vereistes vir aansoeke

voldoen, gebrekkig is in 'n ander opsig [vertoë of 'n verslag in enige opsig gebrekkig is of indien enige persoon versuim om enige dokument in te dien of om by 'n redelike tydperk of tydsbeperking te hou], mag die Dranklisensiëringstribunaal [die gebrek of versuim kondoneer indien daar wesentliche voldoening aan hierdie Wet was en] indien dit onwaarskynlik is dat [sodanige] kondonering daarvan enige persoon sal benadeel; of

(b) vertoë of 'n verslag in enige opsig gebrekkig is, of indien enige persoon versuim om enige dokument buiten 'n dokument beoog in paragraaf (a) in te dien, of versuim om by 'n redelike tydperk behalwe die tydperke bedoel in subartikel 36(1C) te hou, mag die Dranklisensiëringstribunaal, indien daar wesentliche voldoening aan hierdie Wet is en indien kondonering daarvan waarskynlik geen persoon sal benadeel nie,'

die gebrek of versuim kondoneer.".

Vervanging van artikel 45 van Wet 4 van 2008

19. Artikel 45 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Onderrig en opleiding

45. Die dranklisensiëringstribunaal moet, wanneer 'n lisensie voorwaardelik toegestaan word, gelas dat die lisensie nie uitgereik mag word nie totdat die aansoeker of 'n werknemer of werknemers van die aansoeker, by betaling van die voorgeskrewe fooi, die opleiding en onderrig ondergaan het wat deur die Dranklisensiëringstribunaal vereis word.".

Wysiging van artikel 48 van Wet 4 van 2008, soos vervang by artikel 16 van Wet 3 van 2015

20. Artikel 48 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang:

“(12) Die Voorsittende Beampte mag nie 'n tydelike dranklisensie of dranklisensie vir 'n geleentheid toestaan nie tensy 'n bestuurder vir die betrokke gelisensieerde besigheid aangestel is [**en die aanstelling**] ingevolge artikel 52 [**goedgekeur is**].”.

Wysiging van artikel 50 van Wet 4 van 2008

21. Artikel 50 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) waar die hoeveelheid drank wat aangekoop word, bó die voorgeskrewe drempel is, moet die koper—

(i) (aa) sy of haar geldige identiteitsdokument of -kaart, geldige rybewys, geldige paspoort of enige ander geldige vorm van

fotografiese identifikasie wat sy of haar identiteitsnommer of geboortedatum bevat; [en]

(bb) bewys van adres; en

(cc) die toestemming beoog in artikel 60(2),

toon[,]; en

(ii) kontakbesonderhede verskaf, soos voorgeskryf.”; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Versuim deur **[die]** ’n lisensiehouer, insluitend die houer van ’n tydelike dranklisensie of ’n dranklisensie vir ’n geleentheid, om te voldoen aan ’n voorwaarde in subartikel (1) beoog, is ’n misdryf.”.

Wysiging van artikel 51 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 40 van Wet 10 van 2010 en artikel 17 van Wet 3 van 2015

22. Artikel 51 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur in die opskrif die woorde “en verhuring van gelisensieerde perseel” te skrap;

(b) deur subartikels (7), (7A), (8) en (8A) te skrap; en

(c) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

“(9) ’n Oortreding van, of versuim om te voldoen aan, subartikel (1) **[of (7)]** is ’n misdryf.”.

Invoeging van artikel 51A in Wet 4 van 2008

23. Die volgende artikel word ná artikel 51 ingevoeg:

“Verhuring van lisensie, besigheid bedryf ooreenkomstig lisensie en gebruik van gelisensieerde perseel

51A. (1) ’n Lisensiehouer mag nie—

(a) die lisensie aan ’n ander persoon verhuur nie;

(b) ’n ander persoon toelaat om besigheid ooreenkomstig die lisensie te bedryf nie;

(c) ’n ander persoon toelaat om die gelisensieerde perseel te gebruik nie, tensy die lisensiehouer, op aansoek, vooraf die skriftelike toestemming van die Voorsittende Beampte bekom het.

(2) Die Voorsittende Beampte kan ’n aansoek ingevolge subartikel (1) toestaan, onderhewig aan die voorwaardes wat die Voorsittende Beampte mag oplê, slegs indien die ander persoon—

(a) aan wie die lisensiehouer van voorneme is om die lisensie te verhuur;

(b) wat van voorneme is om besigheid ooreenkomstig die lisensie te bedryf;

(c) wat van voorneme is om die gelisensieerde perseel te gebruik, ook ’n lisensiehouer is met dieselfde kategorie lisensie as die lisensiehouer.

(3) Die aangewese drankbeampte moet, binne die voorgeskrewe tydperk, ’n verslag by die Owerheid indien rakende ’n aansoek bedoel in subartikel (1) en kan

daarin enige aangeleentheid insluit wat die aangewese drankbeampte as tersaaklik tot die aansoek ag.

(4) 'n Oortreding van of versuim om te voldoen aan subartikel (1) is 'n misdryf.''

Vervanging van artikel 52 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 18 van Wet 3 van 2015

24. Die volgende artikel vervang artikel 52 van die Hoofwet:

Bestuur

52. (1) 'n Lisensiehouer, of 'n aansoeker om 'n lisensie, moet, tensy die lisensiehouer of aansoeker 'n natuurlike persoon is, minstens een persoon wat 'n natuurlike persoon is, op die voorgeskrewe wyse as bestuurder van die gelisensieerde besigheid aanstel.

(2) 'n Lisensiehouer of aansoeker wat 'n natuurlike persoon is, word geag 'n bestuurder van die betrokke gelisensieerde besigheid te wees.

(3) 'n Lisensiehouer of aansoeker beoog in subartikel (2) mag, ondanks subartikel (2), te eniger tyd en op die voorgeskrewe wyse, minstens een persoon wat 'n natuurlike persoon is as bestuurder van die gelisensieerde besigheid aanstel.

(4) 'n Lisensiehouer of aansoeker om 'n lisensie mag nie 'n persoon as bestuurder aanstel of mag nie ingevolge subartikel (2) geag word 'n bestuurder te wees nie tensy daardie persoon, lisensiehouer of aansoeker, na gelang van die geval—

- (a) in die Provinsie woonagtig is;
- (b) nie daarvan gediskwalifiseer is om 'n dranklisensie ingevolge artikel 35 te hou nie;
- (c) behoudens subartikel (5), by betaling van die voorgeskrewe fooi, die onderrig en opleiding wat die Dranklisensieëringstribunaal bepaal, suksesvol voltooi het; en
- (d) van goeie karakter is.

(5) 'n—

- (a) Houer beoog in artikel 48 van 'n tydelike dranklisensie of 'n dranklisensie vir 'n geleentheid;
- (b) Voorgestelde lisensiehouer aan wie toestemming ingevolge artikel 65(5) verleen is;
- (c) Persoon wat vir 'n tydelike dranklisensie, of dranklisensie vir 'n geleentheid beoog in artikel 48 aansoek doen; of
- (d) Voorgestelde lisensiehouer bedoel in artikel 65(3),

word nie vereis om aan subartikel (4)(c) te voldoen nie.

(6) Die Owerheid moet, binne die voorgekrewe tydperk ná die suksesvolle voltooiing van die onderrig en opleiding bedoel in subartikel (4)(c), en by betaling van die voorgeskrewe fooi, 'n sertifikaat uitreik aan die persoon wat die onderrig en

opleiding suksesvol voltooi het wat aandui dat daardie persoon die onderrig en opleiding suksesvol voltooi het.

(7) Die sertifikaat moet in die voorgeskrewe vorm wees en die volgende inligting bevat:

- (a) die naam van die bestuurder of bestuurders, na gelang van die geval, van die gelisensieerde besigheid; en
- (b) die datum waarop die bestuurder of bestuurders, na gelang van die geval, van die gelisensieerde besigheid die opleiding beoog in subartikel (4)(c) voltooi het.

(8) 'n Lisensiehouer moet die sertifikaat in die drie amptelike tale van die Provinsie op 'n prominente plek by die gelisensieerde perseel vertoon sodat dit vir die publiek sigbaar is.

(9) 'n Bestuurder wat ingevolge hierdie artikel aangestel is, is verantwoordelik vir die bestuur van die besigheid en is aan dieselfde pligte, verpligtinge en aanspreeklikhede as die lisensiehouer onderhewig.

(10) Die aanstelling van 'n bestuurder ingevolge hierdie artikel stel nie die lisensiehouer vry van enige plig, verpligting of aanspreeklikheid wat by hierdie Wet of ingevolge die voorwaardes van die lisensie aan hom of haar opgelê is nie.

(11) Indien 'n persoon wat as 'n bestuurder aangestel is, ophou om die gelisensieerde besigheid te bestuur of gediskwalifiseer word om dit te doen en die gelisensieerde besigheid gevolglik sonder 'n bestuurder gelaat word, moet die lisensiehouer, indien die lisensiehouer nie 'n natuurlike persoon is nie, binne dertig (30) dae en ooreenkomstig hierdie artikel 'n bestuurder in die persoon se plek aanstel.

(12) Indien 'n lisensiehouer versuim om aan subartikel (11) te voldoen, kan die lisensie kragtens artikel 20(3)(b)(ii) ingetrek word, ingevolge artikel 20(3)(b)(iii) opgeskort word, of ingevolge artikel 48(13)(c) opgeskort of ingetrek word, na gelang van die geval, of kan 'n toestemming beoog in artikel 65(5) ingevolge artikel 65(6) ingetrek word.

(13) 'n Oortreding van subartikel (1), (4) of (8) is 'n misdryf.

(14) In hierdie artikel beteken—

- (a) “lisensiehouer” ook 'n voorgestelde lisensiehouer aan wie toestemming beoog in artikel 65(5) verleen is, en 'n houër van 'n tydelike dranklisensie of 'n dranklisensie vir 'n geleentheid beoog in artikel 48, uitgesonderd 'n houër van 'n tydelike dranklisensie in die omstandighede beoog in artikel 52(12);
- (b) “aansoeker” 'n persoon wat aansoek doen om 'n lisensie bedoel in artikel 33 en 'n voorgestelde lisensiehouer bedoel in artikel 65(3); en
- (c) “lisensie” 'n toestemming insluit wat ingevolge artikel 65(5) verleen is, maar nie ook 'n tydelike dranklisensie beoog in artikel 52(12) nie.”

Vervanging van artikel 53 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 41 van Wet 10 van 2010

25. Artikel 53 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Verandering aan gelisensieerde perseel of aard van besigheid

53. (1) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Voorsittende Beampte, wat verleen is op aansoek in die voorgeskrewe vorm en by betaling van die voorgeskrewe fooi, by die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, mag ’n lisensiehouer nie—

(a) enige strukturele verandering, aanbouing[,] of verbouing [of uitbreiding] van of aan die gelisensieerde perseel uitvoer nie;

[(b) die aard van die besigheid ten opsigte waarvan die lisensie toegestaan is, wesenlik verander van dié soos beskryf in die aansoek wat deur die Dranklisensieringstribunaal oorweeg is toe die lisensie toegestaan is nie;] of

(c) sy of haar besigheid kragtens die lisensie nie bedryf op ’n perseel waarop enige ander besigheid, met inbegrip van ’n besigheid waarop enige ander lisensie betrekking het, bedryf word, of enige handel gedryf of beroep beoefen word nie, tensy die Voorsittende Beampte, te eniger tyd wanneer die aangeleentheid na sy of haar oordeel met reg geopper kan word, in ’n bepaalde geval anders bepaal.

(1A) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming verleen deur die Dranklisensieringstribunaal op aansoek by die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, in die voorgeskrewe vorm en by betaling van die voorgeskrewe fooi, mag ’n lisensiehouer nie—

(a) enige uitbreiding van of aan die gelisensieerde perseel uitvoer nie; of

(b) die aard van die besigheid ten opsigte waarvan die lisensie toegestaan is, wesenlik verander van wat beskryf is in die aansoek wat die Dranklisensieringstribunaal oorweeg het toe hy die lisensie toegestaan het nie.

(2A) Die aangewese drankbeampte moet—

(a) ten opsigte van ’n aansoek beoog in subartikel (1)(a) of (c), binne die voorgeskrewe tydperk, ’n verslag betreffende [’n aansoek in subartikel (1) bedoel] die betrokke aansoek by die Owerheid indien en mag enige ander aangeleentheid wat die aangewese drankbeampte as tersaaklik vir die aansoek beskou, daarby insluit;

(b) ten opsigte van ’n aansoek beoog in subartikel (1A)(a) of (b), binne die voorgeskrewe tydperk—

(i) kennis van die aansoek gee aan—

- (aa) naburige inwoners of die persone of instellings wat na sy of haar oordeel geraak kan word deur of 'n belang kan hê by, die toestaan of weiering van die aansoek;
 - (bb) die gemeenskapspolisiëringsforum, indien enige, van die gebied waarin die gelisensieerde besigheid geleë is;
 - (cc) die belastingbetalersvereniging, indien enige, van die gebied waarin die gelisensieerde perseel geleë is; en
 - (dd) die persone en instellings bedoel in artikel 34(1)(e), indien enige, in die gebied waarin die gelisensieerde perseel geleë is; en
- (ii) 'n afskrif van die betrokke aansoek op die voorgeskrewe wyse aan die betrokke munisipaliteit beteken sodat die munisipaliteit—
- (aa) die kommentaar van die wyksraadslid kan bekom; en
 - (bb) op die aansoek kommentaar kan lewer.

(2B) 'n Persoon of instelling beoog in subartikel (2A)(b)(i) wat 'n belang het in die toestaan of weiering van 'n aansoek om toestemming beoog in subartikel (1A)(a) of (b), mag, binne die voorgeskrewe tydperk, skriftelike vertoë aan die Dranklisensieringstribunaal rig ten gunste van of teen die toestaan van die aansoek.

(2C) Die bepalinge van artikel 39(2) tot (6) is van toepassing, met die nodige veranderinge vereis deur die samehang, op die indiening van vertoë ingevolge subartikel (2B).

(2D) Die Dranklisensieringstribunaal moet, wanneer hy 'n aansoek oorweeg wat ingevolge subartikel (1A)(a) of (b) gedoen is, kennis neem van die volgende:

- (a) die aansoek en enige verslag wat in antwoord daarop in gediën is;
- (b) vertoë ten gunste van of teen die aansoek en enige antwoord op die vertoë teen die aansoek;
- (c) enige ander dokument wat met betrekking tot die aansoek ingediën is.

(2E) Die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte mag, by oorweging van 'n aansoek wat ingevolge hierdie artikel gedoen is, kennis neem van enige aangeleentheid wat na die mening van die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, in aanmerking geneem behoort te word.

(3) [**n Goedkeuring**] Die toestemming van die Voorsittende Beampte ingevolge subartikel (1)(a) of die toestemming van die Dranklisensieringstribunaal ingevolge subartikel (1A)(a), na gelang van die geval, mag nie uitgereik word nie voordat die aansoeker binne die voorgeskrewe tydperk bewys ten genoë van die Voorsittende Beampte of Dranklisensieringstribunaal, na gelang van die geval, ingediën het dat hy of sy die reg het om die betrokke perseel vir die doel soos in die betrokke aansoek beoog, te verander of uit te brei, na gelang van die geval.

(4) 'n Oortreding van, of versuim om te voldoen aan, subartikel (1) of (1A) is 'n misdryf.''

Vervanging van artikel 54 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 42 van Wet 10 van 2010

26. Artikel 54 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Kinders

54. (1) Geen persoon mag drank aan ’n persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar verkoop indien hy of sy weet of redelikerwys behoort te geweet het dat die persoon aan wie die drank verkoop word onder die ouderdom van agtien (18) jaar is.

(2) Geen persoon mag drank aan ’n persoon onder die ouderdom van agtien (18) gee of verskaf of so ’n persoon in sy of haar sorg of onder sy of haar bewaring toelaat om drank te verbruik nie indien hy of sy weet of redelikerwys behoort te geweet het dat die persoon aan wie drank gegee of verskaf is of wat drank verbruik, onder die ouderdom van agtien (18) jaar is, behalwe waar dit gegee word met die oog op aanbidding as deel van die deelname aan of viering van ’n godsdienstige geleentheid.

(3) ’n Lisensiehouer of ’n bestuurder, na gelang van die geval, mag nie ’n persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar toelaat om drank op die gelisensieerde perseel te verbruik nie indien die lisensiehouer of bestuurder weet of redelikerwys behoort te geweet het dat sodanige persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar is.

(4) ’n Lisensiehouer of ’n bestuurder, na gelang van die geval, mag nie ’n persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar toelaat om in ’n deel van ’n gelisensieerde perseel te wees waarin daardie persoon ingevolge hierdie Wet of ingevolge ’n voorwaarde van ’n lisensie nie mag wees nie indien die lisensiehouer of bestuurder weet of redelikerwys behoort te geweet het dat sodanige persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar is.

(5) ’n Persoon onder die ouderdom van atien (18) jaar mag nie drank strydig met hierdie Wet verkry of verbruik nie, of enige persoon mislei met betrekking tot sy of haar ouderdom ten einde drank te verkry of te verbruik of om toegang te verkry tot dele van ’n gelisensieerde perseel wat daardie persoon ingevolge hierdie Wet of ’n voorwaarde van ’n lisensie nie mag binnegaan nie.

(5A) 'n Lisensiehouer of 'n bestuurder, na gelang van die geval, moet, indien hy of sy redelikerwys glo dat 'n persoon, in die omstandighede beoog in subartikel (3) en (4) onder die ouderdom van agtien (18) jaar is of indien 'n persoon blyk onder die ouderdom van agtien (18) jaar te wees, versoek dat daar die persoon een van die volgende verskaf:

- (a) sy of haar geldige identiteitsdokument of -kaart;
- (b) sy of haar geldige rybewys;
- (c) sy of haar geldige paspoort; of
- (d) enige ander geldige vorm van fotografiese identifikasie wat sy of haar identiteitsnommer of geboortedatum bevat,

om die persoon se ouderdom te verifieer.

(5B) Vir die doeleindes van hierdie artikel, behoort 'n persoon redelikerwys 'n feit te weet indien die gevolgtrekkings wat hy of sy redelikerwys behoort te bereik dié was wat 'n redelikerwys toegewyde en oplettende persoon sou bereik het, wat beskik oor beide—

- (a) die algemene kennis, vaardighede, opleiding en ondervinding wat redelikerwys van 'n persoon in sy of haar posisie verwag kan word; en
- (b) die algemene kennis, vaardighede, opleiding en ondervinding waaroor hy of sy werklik beskik.

(6) Enige oortreding van, of versuim om te voldoen aan, subartikel (1), (2), (3), (4) [of], (5) of (5A) is 'n misdryf'.

Vervanging van artikel 60 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 21 van Wet 3 van 2015

27. Artikel 60 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Hoeveelheid drank verkoop en hou van rekords

60. (1) 'n Lisensiehouer—

- (a) insluitende 'n houer van 'n tydelike dranklisensie, moet op die voorgeskrewe wyse 'n rekord hou en by die Owerheid indien van alle drank wat verkoop is **[vir verbruik buite die gelisensieerde perseel]**;
- (b) insluitende 'n houer van 'n tydelike dranklisensie, moet die voorgeskrewe inligting met betrekking tot die kleinhandelverkoop van drank hou en by die Owerheid indien;
- (c) wat gemagtig is om drank te mikrovervaardig ingevolge 'n lisensie bedoel in artikel 33(1)(a), moet ook op die voorgeskrewe wyse 'n rekord hou en by die Owerheid indien van alle drank wat vervaardig is.

(1A) Die Minister moet die vorm en aard van die inligting beoog in subartikel (1)(a), (b) en (c) voorskryf, die tydperk waarvoor die inligting behou moet word en hoe gereeld die inligting ingedien moet word, en mag anders voorskryf vir verskillende kategorieë lisensies.

(2) Geen persoon, behalwe die lisensiehouer, insluitende die houer van ’n tydelike dranklisensie of dranklisensie vir ’n geleentheid, mag meer drank as ’n hoeveelheid wat die Minister voorskryf, koop, **[en ’n lisensiehouer mag]** of aan **[geen] een** persoon op een enkele dag vir verbruik weg van die gelisensieerde perseel, meer drank as ’n hoeveelheid, wat die Minister kan voorskryf, verkoop[,] sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Voorsittende Beampte nie.

(4) ’n Oortreding van, of versuim om te voldoen aan subartikel (1) of (2) is ’n misdryf.”.

Wysiging van artikel 62 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 44 van Wet 10 van 2010 en artikel 22 van Wet 3 van 2015

28. Artikel 62 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur die vervanging van paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf:
 “(b) op 1 Januarie van die toepaslike jaar **[ten opsigte waarvan die voorgeskrewe toepaslike fooie nie voor of op 31 Desember van die voorafgaande jaar betaal is nie]** beoog in artikel 63(2).”;
- (b) deur in subartikel (2) aan die einde van paragraaf (d) die woord “of” te skrap;
- (c) deur paragraaf (e) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(e) op die datum waarop dit ingevolge artikel 89 in ’n ander lisensie omgeskakel word; of”;
- (d) deur in subartikel (2) ná paragraaf (e) die volgende paragraaf in te voeg:
 “(f) op die datums beoog in artikel 64(3), (5) en (8).”;
- (e) deur paragraaf (a) van subartikel (3) te skrap;
- (f) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(5) Die intrekking van ’n lisensie ingevolge subartikel (4) **[verval]** word herroep by ontvangs deur die Voorsittende Beampte van bewys dat die gelisensieerde perseel nie deur die lisensiehouer geabandonneer is nie of weer deur dieselfde lisensiehouer gebruik word.”; en
- (g) deur die woord “die” voor die woord “Appèltribunaal”, waar dit ook al voorkom, deur die woord “’n” te vervang.

Wysiging van artikel 63 van Wet 4 van 2008, soos vervang by artikel 23 van Wet 3 van 2015

29. Die volgende artikel word vervang deur artikel 63 van die Hoofwet:

“Outomatiese hernuwing van lisensies

63. (1) ’n Lisensiehouer mag, op die voorgeskrewe wyse, inteken op of ’n jaarlikse hernuwingsiklus of ’n tweejaarlikse hernuwingsiklus van die lisensie.

(2) Indien ’n lisensiehouer inteken op—

- (a) ’n jaarlikse hernuwingsiklus moet die lisensiehouer die Owerheid die voorgeskrewe jaarlikse hernuwingsfooie betaal teen 31 Desember van die jaar wat die jaar voorafgaan waarin die lisensie hernu moet word; of

(b) 'n tweejaarlikse hernuwingsiklus, moet die lisensiehouer die Owerheid die voorgeskrewe tweejaarlikse hernuwingsfooi betaal teen 31 Desember van die jaar wat die eerste jaar van die tweejaartydperk waarbinne die lisensie hernu moet word voorafgaan.

(3) Die Owerheid kan 'n jaarlikse of tweejaarlikse hernuwingskennisgewing uitreik, na gelang van die geval, in die voorgeskrewe vorm, teen nie later nie as 31 Oktober van die jaar wat die jaar voorafgaan waarin die lisensie hernu moet word.

(4) By betaling van die volle bedrag van die voorgeskrewe jaarlikse of tweejaarlikse hernuwingsfooi, na gelang van die geval, word die lisensie outomaties hernu—

(a) ten opsigte van 'n jaarlikse hernuwingsiklus, tot en met 31 Desember van die jaar waarvoor die jaarlikse hernuwingsfooi betaal is; of

(b) in die geval van 'n tweejaarlikse hernuwingsiklus, tot en met 31 Desember van die tweede jaar van die tweejaartydperk ten opsigte waarvan die tweejaarlikse hernuwingsfooi betaal is.

(5) Indien 'n lisensiehouer versuim om die volle bedrag van die voorgeskrewe hernuwingsfooi te betaal of die volle bedrag van enige toepaslike boete bedoel in subartikel (8) maar 'n gedeelte van die fooi of boete betaal, word die gedeeltelike betaling van die fooi of boete beskou as nie-betaling van die fooi of boete.

(6) Die lisensiehouer word nie vrygestel van sy of haar verpligting om die voorgeskrewe hernuwingsfooi stiptelik te betaal indien die kennisgewing bedoel in subartikel (3) nie gestuur is aan of ontvang is deur die lisensiehouer nie.

(7) Die lisensie van 'n lisensiehouer wat versuim om die volle bedrag van die voorgeskrewe jaarlikse of tweejaarlikse hernuwingsfooi te betaal, na gelang van die geval, teen die datums beoog in subartikel (2)(a) of (b), word outomaties ingetrek, behoudens subartikel (8), vir 'n tydperk van ses maande vanaf 1 Januarie van die jaar waarvoor die voorgeskrewe fooi betaal moes wees.

(8) 'n Lisensiehouer wie se lisensie ingetrek word ingevolge subartikel (7) kan die intrekking ongedaan maak deur aan die Owerheid die volgende te betaal:

(a) indien die lisensiehouer op 'n jaarlikse hernuwingsiklus ingeteken het—

(i) die volle bedrag van die voorgeskrewe jaarlikse hernuwingsfooi en 'n boete van 50% van die volle bedrag van die voorgeskrewe jaarlikse hernuwingsfooi voor of op 1 Maart; of

(ii) die volle bedrag van die voorgeskrewe jaarlikse hernuwingsfooi en 'n boete van 100% van die volle bedrag van die voorgeskrewe jaarlikse hernuwingsfooi voor of op 1 Junie,

van die jaar ten opsigte waarvan die voorgeskrewe jaarlikse hernuwingsfooi betaal moes wees; of

(b) indien die lisensiehouer op die tweejaarlikse hernuwingsiklus ingeteken het—

(i) die volle bedrag van die voorgeskrewe tweejaarlikse hernuwingsfooi en 'n boete van 50% van helfte van die volle bedrag van die voorgeskrewe tweejaarlikse hernuwingsfooi voor of op 1 Maart; of

(ii) die volle bedrag van die voorgeskrewe tweejaarlikse hernuwingsfooi en 'n boete van 100% van helfte van die volle bedrag van die voorgeskrewe tweejaarlikse fooi voor of op 1 Junie, van die eerste jaar van die tweejaartydperk ten opsigte waarvan die voorgeskrewe tweejaarlikse hernuwingsfooi betaal moes wees.

(9) 'n Lisensiehouer wie se lisensie opgeskort is ingevolge subartikel (7) mag ooreenkomstig die lisensie nie tydens die tydperk van intrekking drank verkoop nie.

(10) Die intrekking van 'n lisensie word outomaties teruggetrek op die datum van betaling deur die betrokke lisensiehouer van die volle bedrag van die toepaslike voorgeskrewe hernuwingsfooi en die volle bedrag van die toepaslike boete bedoel in subartikel (8), en die lisensiehouer mag daarna ingevolge die lisensie drank verkoop.

(11) Indien 'n lisensiehouer versuim om die volle bedrag van die toepaslike voorgeskrewe hernuwingsfooi en die volle bedrag van die toepaslike boete te betaal subartikel (8) teen die datum bedoel in subartikel (8)(a)(ii) en 8(b)(ii) word die lisensie geag te verval op 1 Januarie van die jaar ten opsigte waarvan die toepaslike voorgeskrewe hernuwingsfooi betaal moes wees.

(12) Indien 'n lisensiehouer versuim om die volle bedrag van die toepaslike voorgeskrewe hernuwingsfooi of die volle bedrag van die toepaslike boete te betaal teen die datum waarna in subartikel (8)(a)(ii) en 8(b)(ii) verwys word, moet enige gedeeltelike betaling van die fooi of boete deur die Owerheid aan die lisensiehouer terugbetaal word nadat die lisensie ingevolge subartikel (11) verval het.

(13) 'n Oortreding van subartikel (9) is 'n misdryf.'

Vervanging van artikel 64 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 46 van Wet 10 van 2010 en artikel 24 van Wet 3 van 2015

30. Artikel 64 van die Hoofwet word vervang deur die volgende artikel:

“Aansoeke om hernuwing van lisensies

64. (1) Indien [**'n lisensiehouer**], sedert die datum van uitreiking van die lisensie of, indien die lisensie hernu is [**sedert die laaste hernuwing van die lisensie**] gedurende die tydperk van die laaste hernuwing van die lisensie, die lisensiehouer—

- (a) ingevolge artikel 35 gediskwalifiseer is om 'n lisensie te hou;
- (b) onbevoeg verklaar is deur die Dranklisensieëringstribunaal om 'n dranklisensie te hou;
- (c) versuim het om aan die voldoeningskennisgewing uitgereik ingevolge hierdie Wet te voldoen; of

(d) die onderwerp was van 'n verslag ingevolge artikel 73(7)(c) of (d); **of] wat ingevolge artikel 26(7) na die Dranklisensiëringstribunaal verwys is;**

[(e) die onderwerp was van 'n klagte ontvang deur 'n munisipaliteit],

mag die lisensie nie ingevolge artikel 63 nie outomaties hersien word nie, maar hernu word deur die Owerheid op aansoek deur die lisensiehouer in die voorgeskrewe vorm en by betaling van die voorgeskrewe fooi.

(2) Die Owerheid moet voor 31 Julie van die jaar waarin 'n hernuwingskennisgewing uitgereik **[moet] kan** word, 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1) op die lisensiehouer beteken wat—

(a) die lisensiehouer meedeel dat die lisensie nie outomaties hernu sal word nie; en

(b) die lisensiehouer versoek om nie later nie as 30 September van daardie jaar aansoek te doen, by betaling van die voorgeskrewe fooi en in die voorgeskrewe vorm, om die hernuwing van die lisensie.

(3) Indien die lisensiehouer versuim om te voldoen aan die kennisgewing bedoel in subartikel (2) sal die lisensie, behoudens subartikel (4), op 31 Desember van daardie jaar verval.

(4) Indien die lisensiehouer aansoek doen soos beoog in subartikel (2)(b) na 30 September maar voor 31 Desember van die jaar waarin die hernuwingskennisgewing uitgereik kan [moet] word, kan die lisensiehouer terselfdertyd as wat die aansoek soos beoog in subartikel (2)(b) gedoen word, skriftelik aansoek doen, by betaling van die voorgeskrewe fooi en in die voorgeskrewe vorm, by die Dranklisensiëringstribunaal om daardie versuim te kondoneer, en die Dranklisensiëringstribunaal kan die versuim kondoneer **[en die laat betaling van die voorgeskrewe hernuwingsfooi toelaat teen 'n datum wat die Dranklisensiëringstribunaal bepaal, behoudens die betaling van 'n boete van 150% van daardie hernuwingsfooi].**

(5) Indien die lisensiehouer aan die kennisgewing beoog in subartikel (2)(b) voldoen, of indien die lisensiehouer aansoek doen om kondonering soos beoog in subartikel (4), bly die lisensie geldig totdat die Dranklisensiëringstribunaal sy oorweging van die aansoek om hernuwing of kondonering, na gelang van die geval, afgehandel het.

(6) Wanneer die Dranklisensiëringstribunaal 'n aansoek om hernuwing oorweeg, is sy bevoegdheede en pligte **[wat] wat** hy het dieselfde as wanneer hy 'n aansoek om 'n nuwe lisensie oorweeg, met inbegrip van die reg om die aansoek te weier of toe te staan, behoudens die voorwaardes wat hy as geskik ag.

(7)(a) Behoudens paragraaf (b), **[Indien] indien** die Dranklisensiëringstribunaal 'n aansoek om die hernuwing van die lisensie toestaan, word die lisensie, by betaling van die volle bedrag van die toepaslike voorgeskrewe hernuwingsfooi teen 'n datum bepaal deur die Dranklisensiëringstribunaal, geag hernu te **[gewees het] wees** ingevolge artikel **[63(2) of (2B)] 63(4)(a) of (b)**, na gelang van die geval.

(b) Waar die Dranklisensiëringstribunaal 'n aansoek om kondonering en die hernuwing van 'n lisensie toestaan, word die lisensie, by betaling van die volle

bedrag van die toepaslike voorgeskrewe hernuwingsfooi en 'n boete van 150% van die volle bedrag van die toepaslike voorgeskrewe hernuwingsfooi teen 'n datum bepaal deur die Dranklisensiëringstribunaal, geag hernu te wees ingevolge artikel 63(4)(a) of (b), na gelang van die geval.

(8)(a) Indien die Dranklisensiëringstribunaal die aansoek om hernuwing van 'n lisensie weier, vervel die lisensie onmiddellik of op die datum deur die Dranklisensiëringstribunaal bepaal.

(b) Indien die Dranklisensiëringstribunaal die aansoek om kondonering beoog in subartikel (4) weier, vervel die lisensie op die datum waarop die aansoek geweier word of op die datum bepaal deur die Dranklisensiëringstribunaal, en die Dranklisensiëringstribunaal hoef nie die aansoek om hernuwing te oorweeg nie.”.

Wysiging van artikel 65 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 49 van Wet 10 van 2010 en artikel 25 van Wet 3 van 2015

31. Artikel 65 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (14) deur die volgende subartikel te vervang:

“(14) Die Dranklisensiëringstribunaal kan wanneer hy 'n aansoek om oordrag toestaan, gelas dat die voorgestelde lisensiehouer, of een of meer werknemers van daardie persoon, by betaling van die voorgeskrewe fooi, die onderrig en opleiding moet ontvang as wat die Dranklisensiëringstribunaal kan bepaal.”.

Vervanging van artikel 66 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 50 van Wet 10 van 2010 en artikel 26 van Wet 3 van 2015

32. Artikel 66 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Verwydering van lisensies

66. (1) 'n Tydelike dranklisensie of geleentheidsdranklisensie kan nie van die gelisensieerde perseel na 'n ander perseel verwyder word nie.

(2) 'n Lisensiehouer kan te eniger tyd aansoek doen om die verwydering, hetsy permanent of vir 'n bepaalde tydperk, van die lisensie van die betrokke gelisensieerde perseel na enige ander perseel geleë in die Provinsie deur 'n aansoek in te dien by die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel tans geleë is en, waar die toestaan van die aansoek die verwydering van die lisensie na die regsgebied van 'n ander aangewese drankbeampte tot gevolg sal hê, ook by daardie drankbeampte, op die voorgeskrewe wyse en vorm en by betaling van die voorgeskrewe fooi.

(3)(a) Behoudens paragraaf (b), is die bepalings van artikels 36(2), 37, 38, 39 en 40 van toepassing, met die nodige veranderinge vereis deur die samehang, op aansoeke beoog in subartikel (2).

(b) Vir die doeleindes van paragraaf (a)—

(i) moet die Owerheid, ingevolge artikels 36(2), 37(1) en 37(2), kennisgewings publiseer van aansoeke om verwydering wat ingevolge subartikel (2) by die Owerheid ingedien is;

- (ii) die kennisgewing beoog in artikel 37(3) moet van krag bly vanaf die datum van indiening van die aansoek, indien van toepassing;
- (iii) waar die toestaan van die aansoek die uitwerking sal hê om die lisensie na die regsgebied van 'n ander aangewese drankbeampte of munisipaliteit te verwyder, is die tersaaklike aangewese drankbeampte en munisipaliteit beoog in artikels 37(4), 39(2) en 40(3) die aangewese drankbeampte en munisipaliteit van daardie gebied;
- (iv) waar die toestaan van die aansoek die verwydering van die lisensie na die regsgebied van 'n ander aangewese drankbeampte tot gevolg het, is die gemeenskapspolisieringsforum, belastingbetalersvereniging, indien enige, en die persone en instellings bedoel in artikels 34(1)(e) en 37(5)(b), (c) en (d), indien enige, dié van daardie gebied;
- (v) aansoeke moet ter insae lê binne die voorgeskrewe tydperk ná die indiening van die aansoek ingevolge artikel 38.

(4) Die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel tans geleë is, moet binne die voorgeskrewe tydperk, soos voorgeskryf, 'n verslag by die Owerheid indien en, waar die toestaan van die aansoek die verwydering van die lisensie na die regsgebied van 'n ander aangewese drankbeampte tot gevolg het, moet daardie aangewese drankbeampte ook 'n verslag, soos voorgeskryf, by die Owerheid indien.

(5) Die Dranklisensieringstribunaal moet elke aansoek om die verwydering van 'n lisensie oorweeg en mag—

- (a) die aansoek weier;
- (b) die aansoek toestaan; of
- (c) die aansoek voorwaardelik toestaan behoudens sodanige voorwaardes as wat die Dranklisensieringstribunaal mag bepaal.

(6)(a) Behoudens paragraaf (b), is die bepalings van artikels 34(1)(a), (c), (d) en (e) en artikel 41(1) en (2) van toepassing, met die nodige veranderinge vereis deur die samehang, wanneer die Dranklisensieringstribunaal besluit oor 'n aansoek bedoel in subartikel (5).

(b) Vir die doeleindes van paragraaf (a)—

- (i) moet die perseel bedoel in artikel 34(1)(c) en (d) verwys, vertolk word as die perseel ná verwydering;
- (ii) waar die toestaan van die aansoek die verwydering van die lisensie na die regsgebied van 'n ander aangewese drankbeampte tot gevolg het, is die persone en instellings bedoel in artikel 34(1)(e), indien enige, dié van daardie gebied;
- (iii) 'n aansoek ingedien ingevolge subartikel (2) moet vertolk word as 'n aansoek bedoel in artikel 41(1)(a) en (b), en die dokumente wat daardie aansoek vergesel, en vertoë en verslae of dokumente ingedien ter ondersteuning van of wat die aansoek vergesel.

(7)(a) Behoudens paragraaf (b) is die bepalings van artikels 42, 43, en 44 ook van toepassing, met die nodige veranderinge vereis deur die samehang, wanneer die

Dranklisensiëringstribunaal ingevolge subartikel (5)(c) 'n aansoek voorwaardelik toestaan.

(b) Vir die doeleindes van paragraaf (a)—

- (i) moet 'n verwysing na 'n lisensie in artikels 42, 43 en 44 vertolk word as 'n verwysing na 'n sertifikaat van verwydering;
- (ii) moet 'n verwysing na 'n perseel in artikels 42 en 43 vertolk word as die perseel, ná verwydering;
- (iii) moet die verwysing na artikel 46 in artikel 42(7) gelees word as 'n verwysing na artikel 46(1) en subartikels (8), (9), (10), (11) en (12) van hierdie artikel;
- (iv) met verwysing na artikel 42(5) kan die Voorsittende Beampte te eniger tyd ná die uitreiking van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (8)(b) optree.

(8)(a) Die Owerheid moet binne die voorgeskrewe tydperk ná die Dranklisensiëringstribunaal 'n aansoek om die verwydering van 'n lisensie toegestaan of voorwaardelik toegestaan het, maar behoudens subartikel (13) die aansoeker skriftelik in kennis stel dat die aansoek toegestaan is.

(b) Waar die Dranklisensiëringstribunaal 'n aansoek om verwydering van 'n lisensie toegestaan het ten opsigte van 'n perseel wat nog nie opgerig is nie of 'n perseel wat enige strukturele verandering, aanbouing of verbouing vereis om dit geskik te maak vir die doel waarvoor dit gebruik gaan word ooreenkomstig die lisensie, moet die Owerheid, in die kennisgewing bedoel in subartikel(8)(a), die lisensiehouer gelas om te voldoen aan die voorwaardes soos deur die Dranklisensiëringstribunaal bepaal ten opsigte van daardie perseel waarna in die kennisgewing verwys word.

(9) Die Owerheid moet, onderworpe aan die betaling van die voorgeskrewe fooi, binne sestig (60) dae ná uitreiking van die kennisgewing beoog in subartikel (8)(a) of (b), na gelang van die geval, 'n sertifikaat van verwydering in die voorgeskrewe vorm aan die lisensiehouer uitreik.

(10) Indien die lisensiehouer versuim om die fooi waarna in subartikel (9) verwys word te betaal, sal die toestaan van die aansoek verval, behoudens subartikel (11).

(11) Die lisensiehouer kan, binne 'n tydperk van sestig (60) dae nadat die tydperk bedoel subartikel (9) verval het skriftelik aansoek doen by die Hoof- Uitvoerende Beampte om kondonering van die versuim om die voorgeskrewe fooi te betaal bedoel in subartikel (9), en die Hoof- Uitvoerende Beampte kan daardie versuim kondoneer en laat betaling van die fooi toelaat teen 'n datum wat die Hoof- Uitvoerende Beampte sal bepaal, onderworpe aan die betaling van 'n boete van 100% van daardie fooi.

(12) 'n Sertifikaat van verwydering is onderworpe aan sodanige voorwaardes uiteengesit in die sertifikaat wat die Dranklisensiëringstribunaal volgens goedgekeurde mag bepaal.

(13) Die Voorsittende Beampte kan, te eniger tyd ná die uitreiking van 'n sertifikaat van verwydering, deur 'n kennisgewing wat aan die betrokke

lisensiehouer gelewer of aangebied word enige voorwaarde deur die Dranklisensiëringstribunaal opgelê ingevolge subartikel (12) intrek of wysig.

(14) Die gevolg van die uitreiking van 'n sertifikaat van verwydering sal wees dat die lisensiehouer òf permanent òf vir die tydperk bepaal deur die Dranklisensiëringstribunaal en vermeld in die sertifikaat, die besigheid waarop die lisensie betrekking het bedryf op die perseel waarvan die plan deur die Dranklisensiëringstribunaal goedgekeur is of die wysiging van die plan wat deur die Voorsittende Beampte goedgekeur is, na gelang van die geval, maar welke perseel nie, vir die doeleindes van die lisensie ten opsigte waarvan die betrokke aansoek gedoen is, sodanige plek of plekke mag insluit wat hy of sy of dit na sy of haar of hulle goeddunke spesifiek daarvan uitgesonder het nie.

(15) Waar 'n sertifikaat van verwydering die verwydering van 'n lisensie vir 'n bepaalde tydperk magtig, kan die Voorsittende Beampte, te eniger tyd voor die verstryking van daardie tydperk, op aansoek deur die betrokke lisensiehouer—

(a) die tydperk verleng; of

(b) die sertifikaat van verwydering intrek.

(16) Indien die sertifikaat van verwydering nie uitgereik word voor die verstryking van die tydperk beoog in subartikel (8)(a) of (b) of verleng word ingevolge artikel 42(5)(a) nie, na gelang van die geval, sal die betrokke kennisgewing verval en die aansoek om verwydering van die lisensie geag word nie toegestaan te wees nie”.

Wysiging van artikel 67 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 27 van Wet 3 van 2015

33. Artikel 67 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die vervanging van die opskrif deur die volgende opskrif:

“**[Abandonnering van perseel en dood] Dood of onvermoë van lisensiehouer**”; en

(b) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

“(1) Die Dranklisensiëringstribunaal kan, indien hy oortuig is dat[—

(a) 'n **gelisensieerde besigheid deur die lisensiehouer abandonneer is; of**

(b)] die lisensiehouer 'n persoon is soos beskryf in subartikel (3), en 'n eksekuteur, administrateur, trustee, kurator of likwidateur nie aangestel is nie,

'n persoon aanstel om as lisensiehouer op te tree en die gelisensieerde besigheid te bedryf totdat 'n eksekuteur, administrateur, trustee, kurator of likwidateur aangestel is [, of in die geval van 'n besigheid wat abandonneer is, 'n bestuurder].”.

Wysiging van artikel 68 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 51 van Wet 10 van 2010 en vervang deur artikel 28 van Wet 3 van 2015

34. Artikel 68 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die vervanging van die opskrif deur die volgende opskrif:

“**Appelle en aansoeke om hersiening aan [Appèltribunaal] Appèltribunale**”;

- (b) deur die vervanging in subartikels (1) en (2) van die woord “Die” voor die woorde “Appèltribunaal” deur die woord “’n”;
- (c) deur die vervanging in subartikels (5) en (9)(a) van die woord “die” voor die woorde “Appèltribunaal” deur die woord “’n”;
- (d) deur die vervanging van subartikel (10) deur die volgende subartikel:

“(10) Indien ’n persoon wat behoorlik kennisgewing gegee is dat hy of sy by ’n vergadering van **[die] ’n** Appèltribunaal teenwoordig moet wees, versuim om sodanige vergadering by te woon of die vergadering verlaat sonder die toestemming van die betrokke Appèltribunaal, kan die vergadering voortgaan in die afwesigheid van daardie persoon of mag die betrokke Appèltribunaal sodanige ander stappe doen as wat hy of sy [dit] in die omstandighede billik en regverdig ag;” en

- (e) deur die byvoeging van die volgende subartikels:

“(12) ’n Appèl of aansoek om hersiening beoog in subartikel (1) wat oorweeg word deur ’n Appèltribunaal, moet deur die betrokke Appèltribunaal bereg word.

(13) Indien ’n appèl of aansoek om hersiening nie oorweeg kan word nie te wyte aan ’n vakature of onbeskikbaarheid van ’n Appèltribunaal, moet die appèl of aansoek om hersiening deur die oorblywende Appèltribunaal bereg word.

Wysiging van artikel 73 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 54 van Wet 10 van 2010 en artikel 30 van Wet 3 van 2015

35. Artikel 73 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (8) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) Artikel 15 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie is van toepassing, met die nodige veranderinge vereis deur die samehang, op ’n afvaardiging kragtens paragraaf (a).”.

Wysiging van artikel 75 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 32 van Wet 3 van 2015

36. Artikel 75 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) Artikels 30 tot 34 van die Strafproseswet is van toepassing, met die nodige veranderinge vereis deur die samehang, op enigiets waarop ingevolge hierdie artikel beslag gelê word.”.

Wysiging van artikel 78 van Wet 4 van 2008

37. Artikel 78 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur die vervanging van die opskrif met die volgende opskrif:

“**Misdrywe betreffende vergaderings van Dranklisensieringstribunaal en [Appèltribunaal] Appèltribunale**”; en

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is met die nodige veranderings vereis deur die samehang, van toepassing op vergaderings van **[die] ’n Appèltribunaal**.”.

Wysiging van artikel 83 van Wet 4 van 2008

38. Artikel 83 van die Hoofwet word gewysig deur die vervanging in subartikel (1) van die woorde wat paragraaf (a) met die volgende woorde voorafgaan:

“Indien **[die] ’n** bestuurder, agent of werknemer van ’n lisensiehouer iets doen of versuim om enigiets te doen wat, indien die lisensiehouer dit gedoen of versuim het om dit te doen, ’n misdryf sou wees ingevolge hierdie Wet, word die lisensiehouer geag daardie handeling te gedoen of versuim het om dit te doen behalwe waar—”.

Wysiging van artikel 85 van Wet 4 van 2008, soos vervang by artikel 36 van Wet 3 van 2015

39. Artikel 85 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (e) van subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(e) bewys gelewer word dat ’n lisensiehouer wat wat beskuldig word van ’n oortreding van artikel 54, versuim het om van ’n persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar—

(i) sy of haar geldige identiteitsdokument of -kaart;

(ii) sy of haar geldige bestuurslisensie; **[of]**

(iii) sy of haar geldige paspoort; of

(iv) enige ander vorm van geldige fotografiese identifikasie wat, sy of haar identiteitsnommer of geboortedatum bevat, te bekom.”.

Wysiging van artikel 87 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 58 van Wet 10 van 2010 en artikel 37 van Wet 3 van 2015

40. Artikel 87 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) artikels 50(3), 57(3), 60(4), 63(13), 69(11), 76(b) of 82(1) is by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete van hoogstens R100 000,00 of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens ses maande, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf; of”.

Voorbehouds- en oorgangsbepalings

41. (1) Enige aansoek of aangeleentheid gedelegeer aan ’n komitee van die Dranklisensieringstribunaal ingevolge artikel 24 van die Hoofwet wat nie oorweeg, finaal beslis of afgehandel is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet oorweeg, geadministreer en finaal beslis en afgehandel word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.

(2) Enige aangeleentheid wat ingedien, terugverwys of verwys is na die Dranklisensieringstribunaal ingevolge artikel 20(1)(d), (e), (f), (fA) of (g) van die Hoofwet wat nie oorweeg, finaal beslis en afgehandel is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet oorweeg, geadministreer en finaal beslis en afgehandel word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.

(3)(a) Waar die oorweging van 'n appèl of aansoek om hersiening 'n aanvang geneem het ingevolge artikel 68 van die Hoofwet en nog nie finaal beslis is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet dit finaal beslis word deur die Appèltribunaal aangestel ingevolge artikel 25(1) van die Hoofwet soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge die Hoofwet en die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet.

(b) Indien 'n appèl of aansoek om hersiening beoog in paragraaf (a) nie finaal beslis kan word in ooreenstemming met paragraaf (a) nie te wyte aan die vakature of nie-beskikbaarheid van die Appèltribunaal, moet 'n Appèltribunaal aangestel ingevolge hierdie Wet die appèl of aansoek om hersiening oorweeg en finaal beslis in ooreenstemming met die Hoofwet en die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet.

(4) Enige aansoek ingedien ingevolge artikel 36 van die Hoofwet wat nog nie oorweeg, finaal beslis en afgehandel is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet oorweeg, geadministreer en finaal afgehandel word ingevolge artikels 36 tot 41 van die Hoofwet en die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet.

(5) Waar die Dranklisensieringstribunaal voor die inwerkingtreding van hierdie Wet en in ooreenstemming met artikel 45 van die Hoofwet soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, gelas het dat die aansoeker of 'n werknemer of werknemers van die aansoeker beoog in daardie artikel, opleiding moet ondergaan, en sodanige opleiding nog nie plaasgevind het teen die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet die bepalings van artikel 45 toegepas word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.

(6)(a) 'n Persoon wat aangestel is as 'n bestuurder ingevolge artikel 52 van die Hoofwet soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, word beskou as aangestel ingevolge artikel 52 soos vervang deur hierdie Wet en moet, om 'n bestuurder te bly—

- (i) binne een maand ná die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, die opleidingsertifikaat ten opsigte van bestuurders vertoon wat aan hom of haar uitgereik is deur die Owerheid voor die inwerkingtreding van hierdie Wet;
- (ii) binne een jaar ná die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet, indien hy of sy die tersaaklike onderrig en opleiding vir bestuurders van die Owerheid ontvang het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, maar nie die sertifikaat waarna in subparagraaf (i) verwys word nie, die sertifikaat bekom en, binne een maand daarna, die sertifikaat vertoon ingevolge artikel 52 soos vervang deur hierdie Wet;
- (iii) binne een jaar ná die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet, indien hy of sy nie die tersaaklike onderrig en opleiding van die Owerheid en die sertifikaat bedoel in subparagraaf (i) ontvang het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, die onderrig en opleiding en die sertifikaat bedoel in artikel 52 soos vervang deur hierdie Wet, bekom en daardie sertifikaat binne een maand vertoon ingevolge artikel 52 soos vervang deur hierdie Wet.

(b) Die Owerheid moet alle redelike stappe doen om 'n persoon soos beoog in subparagraaf (a)(ii) of (iii) by te staan om te verseker dat sodanige persoon die sertifikaat van die onderrig en opleiding betyds ontvang.

(c) Die Dranklisensiëringstribunaal moet die onderrig en opleiding beoog in artikel 52 soos vervang deur hierdie Wet bepaal teen die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet.

(d) Enige aansoek ingedien ingevolge artikel 52 van die Hoofwet wat nog nie oorweeg, finaal beslis en afgehandel is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet oorweeg, geadministreer en finaal beslis en afgehandel word ingevolge artikel 52 van die Hoofwet en die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan soos dit voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gelees het.

(7) Enige aansoek gedoen ingevolge artikel 53(1)(a) of (b) van die Hoofwet soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet wat nog nie oorweeg, finaal beslis en afgehandel is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet oorweeg, finaal beslis en afgehandel word ingevolge artikel 53 en die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet.

(8)(a) Behoudens die bepalings van paragraaf (b), indien hierdie Wet in werking tree op 'n datum ná 31 Julie van 'n jaar, is die bepalings van artikel 62 tot 64 van die Hoofwet en die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, van toepassing op lisensiehouers beoog in daardie artikels tot 30 Junie van die jaar wat volg op die jaar waarin hierdie Wet in werking tree.

(b) Indien 'n lisensiehouer beoog in paragraaf (a) uitgereik word met 'n kennisgewing soos bedoel in artikel 64(2) van die Hoofwet soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet in die jaar waarin hierdie Wet in werking tree, sal die bepalings van artikel 64 van die Hoofwet en die regulasies ingevolge daarvan uitgevaardig soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet slegs op die tydperk van 1 Julie tot 31 Desember van daardie jaar toegepas word.

(c) Indien hierdie Wet op 'n datum voor 31 Julie van 'n jaar in werking tree, is die bepalings van artikels 62 tot 64 van die Hoofwet en die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet en van toepassing op lisensiehouers beoog in daardie artikels tot 30 Junie van die jaar wat volg op die jaar waarin hierdie Wet in werking tree.

(9) Waar die Dranklisensiëringstribunaal voor die inwerkingtreding van hierdie Wet en in ooreenstemming met artikel 65(14) van die Hoofwet soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, gelas het dat die voorgestelde lisensiehouer of een of meer werknemers van die voorgestelde lisensiehouer beoog in daardie artikel onderrig en opleiding moet ondergaan en sodanige onderrig en opleiding nog nie afgehandel is teen die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet die bepalings van artikel 65(14) toegepas word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.

(10) Enige aansoek ingedien ingevolge artikel 66 van die Hoofwet wat nog nie oorweeg, finaal beslis en afgehandel is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet oorweeg, geadministreer, finaal beslis en afgehandel word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.

(11) Enige strafregtelike verrigtinge of vergadering van die Dranklisensiëringstribunaal soos beoog in artikel 85(2), saamgelees met artikel 85(2)(e) van die Hoofwet, wat ontstaan het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet en wat nie finaal beslis en afgehandel is voor die

inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet finaal beslis en afgehandel word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.

Wysiging van inhoudsopgawe tot Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 1 van Wet 10 van 2010 en artikel 39 van Wet 3 van 2015

42. Die inhoudsopgawe wat artikel 1 voorafgaan word gewysig—

- (a) deur die vervanging van die verwysing na die opskrif van artikel 37 deur die volgende item:
“37. Kennisgewing van indiening van [aansoek] aansoeke”;
- (b) deur die vervanging van die verwysing na die opskrif van artikel 51 deur die volgende item:
“51. Finansiële belange **[en verhuring van gelisensieerde perseel]**”;
- (c) deur die invoeging ná die verwysing in die opskrif van artikel 51 deur die volgende item:
“51A. Verhuring van lisensie, bedryf van besigheid ooreenkomstig lisensie en gebruik van gelisensieerde perseel”;
- (d) deur die vervanging van die verwysing na die opskrif van artikel 67 deur die volgende item:
“67. **[Abandonnering van perseel en dood]** Dood of onvermoë van lisensiehouer”; en
- (e) deur die vervanging van die woord “Appèltribunaal”, waar ookal dit voorkom, deur die woord “Appèltribunale”.

Kort titel en inwerkingtreding

43. Hierdie Wet word die Wes-Kaapse Drankwysigingswet, 2023, genoem en tree op die volgende datums in werking:

- (a) ten opsigte van artikel 1(a), die datum waarop die Wysigingswet op Drankprodukte, 2021 (Wet 8 van 2021), in werking tree;
- (b) ten opsigte van die res van hierdie Wet, die datum deur die Premier bepaal by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*.

**MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE
KONSEPDRANKWYSIGINGSWET, 2023**

1. AGTERGROND

- 1.1 Die Wes-Kaapse Regering het besluit dat 'n beleid oor alkoholverwante skadevermindering ontwikkel moet word om as riglyn te dien vir die Wes-Kaapse Regering se benadering tot die regulering van drank. Die Wes-Kaapse Regering het die Beleid op Alkoholverwante Skadevermindering (die Beleid) in 2017 aangeneem. Die Beleid se oogmerk is hoofsaaklik om deur ingrypings tot die vermindering van alkoholverwante skade in die Wes-Kaap by te dra. 'n Verdere oogmerk is om voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede om die doeltreffendheid en doelmatigheid te verhoog van bykomende steunstrukture wat met alkoholverwante skadevermindering in verband staan.
- 1.2 Die Beleid bevat 'n groot aantal ingrypings, waarvan sommige verdere navorsing vereis voordat hulle beslag in wetgewende verandering kan kry. In belang van doeltreffendheid het die Wes-Kaapse Regering 'n proaktiewe tweefasebenadering aangewend om daardie beleidsingrypings wat onmiddellik wetgewende verandering kan meebring, te skei van dié wat verdere navorsing vereis.
- 1.3 Die redes wat hieronder aangegee word, is die belangrikste ingrypings wat die Beleid tans voorstel, naamlik:
- 1.3.1 Doen stappe om verantwoordelike ongelisensieerde drankhandelaars na die gereguleerde mark te bring.
- 1.3.2 Dwing drankwetgewing af deur regulatoriese nakoming en strafregtelike wetstoepassing. Dit behels, onder meer, maatreëls ten opsigte van—
- (a) strengere optrede ter voorkoming van die verskaffing van drank aan ongelisensieerde afsetpunte;
- (b) toename in wetstoepassing ten opsigte van minderjarige drankmisbruik, wat 'n inspeksie behels van die identifikasie van klante by alle ondernemings of verkooppunte;
- (c) wysiging van die vereistes vir die verkryging van 'n dranklisensie om te verseker dat lisensiehouers en bestuurders opleiding ondergaan en 'n toets oor die Wes-Kaapse Drankwet, 2008, asook oor die regte en verpligtinge van 'n lisensiehouer slaag.
- 1.3.3 Beoog om voort te bou op die bestaande sterkpunte en hulpbronne van gemeenskappe en vennootskappe deur die dranklisensieringsproses te fasiliteer. Gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe erken die spesifieke en unieke behoeftes van gemeenskappe. Gemeenskapspolisiëringsforums behoort ook 'n meer aktiewe rol in die aansoekproses om lisensiering te speel.
- 1.3.4 Volg 'n genuanseerde benadering wat die soort gebied oorweeg en die faktore wat met die samehang in verband staan opweeg om te bepaal of nuwe dranklisensies vir 'n bepaalde gebied goedgekeur behoort te word. Rolspelers in die regulering van drank moet op die hoogte bly van ontwikkelings in tegnologie, bemaking en ontwikkeling, en moet nuwe en innoverende strategieë daarop grond. Institusionele reëlins speel 'n kritieke rol in die ondersteuning en implementering van die Beleid.

- 1.4 Die Konsepwetsontwerp is die eerste fase wat uitvoering gee aan die beleidsingrypings deur voorsiening te maak vir—
- 1.4.1 die vaartbelyning van die lisensie-aansoekproses;
 - 1.4.2 die oorweging van alkoholverwante skadeverminderingsfaktore in die beoordeling van lisensie-aansoeke; en
 - 1.4.3 die verbetering van institusionele doeltreffendheid vir die hantering van aangeleenthede wat in verband staan met wetstoepassing ten opsigte van dranklisensies en die insameling van data van lisensiehouers.

2. OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP

- 2.1 Die Konsepwetsontwerp se oogmerk is om die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) (die Hoofwet), te wysig deur—
- 2.1.1 die aansoekprosedure om dranklisensies meer vaartbelyn te maak en sodoende die doeltreffendheid van die Owerheid en die Dranklisensieëringstribunaal te verbeter;
 - 2.1.2 institusionele doeltreffendheid te verbeter om sodoende aangeleenthede wat met wetstoepassing rakende dranklisensies in verband staan, te hanteer;
 - 2.1.3 voorsiening te maak vir die oorweging van alkoholverwante skadeverminderingsfaktore in die beoordeling van aansoeke om lisensies;
 - 2.1.4 voorsiening te maak vir groter openbare deelname in meer aspekte van drankregulering op nuwe maniere wat met tegnologiese ontwikkelinge tred hou;
 - 2.1.5 die verbod op die verkoop, voorsiening of verskaffing van drank aan persone onder die ouderdom van 18 jaar te verskerp; en
 - 2.1.6 die insameling van data van lisensiehouers te verstewig om die toepassing van die Hoofwet beter te ondersteun.

3. INHOUD VAN DIE WETSONTWERP

Die doelwitte en oogmerke van die onderskeie klousules word hieronder uiteengesit.

- 3.1 **Klousule 1** wysig artikel 1 van die Hoofwet deur die vervanging, skraping en invoeging van sekere definisies in ooreenstemming met die veranderinge aan die Wysigingswet op Drankprodukte, 2021 (Wet 8 van 2021), die nuwe skema vir die aanstelling van bestuurders en vir doeleindes van tekstuele verbetering.
- 3.2 **Klousule 2** wysig artikel 9 van die Hoofwet om die Drankowerheid te magtig om die indien van lisensie-aansoeke wat in die kategorie bedoel in artikel 33 (1) van die Hoofwet, te weier indien dit nie aan al die vereistes vir 'n aansoek vervat in die regulasies van die Hoofwet voldoen nie.
- 3.3 **Klousule 3** wysig die opskrif van Hoofstuk 3 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysiging ten opsigte van die aanstelling van twee persone om as Appèltribunale op te tree.

- 3.4 **Klousule 4** wysig artikel 16 van die Hoofwet om die bewoording van die artikel te verbeter en om die vereiste te skrap dat die Raad die Minister voor die aanstelling van 'n plaasvervangende lid van die Dranklisensiëringstribunaal moet raadpleeg.
- 3.5 **Klousule 5** wysig artikel 18 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die verandering van die woordoms krywing van "Minister".
- 3.6 **Klousule 6** wysig artikel 20 van die Hoofwet om die opheffing van die intrekking van 'n lisensie as gevolg van die inwerkingtreeding van die nuwe artikel 63(8) te voorkom. Die beoogde opskorting is nie vatbaar vir intrekking kragtens artikel 20 van die Hoofwet nie en sal slegs ingetrek kan word uit hoofde van die meganismes waarvoor in die nuwe artikel 63 voorsiening gemaak word. Die klousule bevat verder ook 'n gevolglike wysiging wat in verband staan met die aanstelling van twee persone om as Appèltribunale op te tree en maak voorsiening vir die Dranklisensiëringstribunaal om die opleiding van persone wat as bestuurders aangestel word te bepaal.
- 3.7 **Klousule 7** wysig artikel 21 van die Hoofwet vir die tekstuele verbetering daarvan.
- 3.8 **Klousule 8** vervang artikel 24 van die Hoofwet om voorsiening te maak vir die tekstuele verbetering van die artikel, om die samestelling van 'n komitee van die Dranklisensiëringstribunaal te bepaal, en om voorsiening te maak dat bevoegdhede aan 'n komitee gedelegeer kan word soos in artikel 20(1)(d), (e), (f), (g) en (3)(b), (c) en (d) van die Hoofwet uiteengesit. Hierdie vervanging is daarop gemik om die doeltreffendheid van die Dranklisensiëringstribunaal met betrekking tot die hantering van dranklisensie-toepassings-aangeleenthede te verbeter.
- 3.9 **Klousule 9** vervang artikel 25 van die Hoofwet om voorsiening te maak daarvoor dat die Minister twee persone mag aanstel om as Appèltribunale op te tree en ook vir die tekstuele verbetering van die artikel.
- 3.10 **Klousule 10** wysig artikel 26 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysiging van artikel 25 van die Hoofwet wat verband hou met die aanstelling van twee persone om as Appèltribunale op te tree.
- 3.11 **Klousule 11** wysig artikel 27 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysiging van artikel 25 van die Hoofwet wat verband hou met die aanstelling van twee persone om as Appèltribunale op te tree.
- 3.12 **Klousule 12** wysig artikel 30 van die Hoofwet om nuwe verwysings te weerspieël waar nodig en om die invordering van nuwe fooie aan die tersaaklike beampte toe te wys.
- 3.13 **Klousule 13** wysig artikel 36 van die Hoofwet om die lisensie-aansoekprosedure meer vaartbelyn te maak deur voorsiening te maak vir die Drankowerheid om die indiening van aansoeke te aanvaar of te weier na gelang daarvan of die aansoeke ten volle aan die voorgeskrewe vereistes vir aansoeke voldoen. Die klousule bepaal wat die verpligtinge van die Drankowerheid is waar die indiening van 'n aansoek geweier of aanvaar is.

- 3.14 **Klousule 14** vervang artikel 37 van die Hoofwet en bepaal dat 'n kennisgewing van indiening van 'n aansoek deur die Owerheid gepubliseer moet word in die drie amptelike tale van die Provinsie op die Owerheid se webtuiste. Die klousule brei ook die publiek se deelname in die lisensiëringsproses verder uit deur die betrokke aangewese drankbeampte te verplig om kennis te gee van sodanige aansoek waar die indiening suksesvol was aan die belastingbetalersvereniging, indien enige, van die gebied waarin die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is en aan die persone en instellings waarna artikel 34(1)(e) van die Hoofwet verwys, indien enige, in die gebied waarbinne die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is.
- 3.15 **Klousule 15** vervang artikel 38 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysiging van artikels 9 en 36 van die Hoofwet ten opsigte van die Owerheid se magtiging om die indiening van aansoeke om dranklisensies te aanvaar of te weier.
- 3.16 **Klousule 16** wysig artikel 39 van die Hoofwet om te voldoen aan die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013).
- 3.17 **Klousule 17** wysig artikel 40 van die Hoofwet om verkeerde verwysings reg te stel.
- 3.18 **Klousule 18** vervang artikel 41 van die Hoofwet om voorsiening te maak daarvoor dat die Minister inligting kan voorskryf wat die Dranklisensiëringstribunaal in ag moet neem wanneer 'n aansoek om 'n dranklisensie oorweeg word. Die klousule omskryf ook die omvang van die Dranklisensiëringstribunaal se bevoegdheid om gebreke in aansoeke waarvan die indiening aanvaar is en die meegaande dokumente, te kondoneer.
- 3.19 **Klousule 19** vervang artikel 45 van die Hoofwet om 'n voorgeskrewe fooi in te sluit wat betaal moet word vir die opleiding wat 'n aansoeker of werknemer of werknemers van die aansoeker moet ontvang soos vereis deur die Dranklisensiëringstribunaal wanneer dit 'n dranklisensie voorwaardelik toestaan.
- 3.20 **Klousule 20** wysig artikel 48 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysiging van artikel 52 van die Hoofwet met betrekking tot die aanstelling van bestuurders.
- 3.21 **Klousule 21** wysig artikel 50 van die Hoofwet deur die misdryf in artikel 50(2) uit te brei na die lewering van drank aan houers van tydelike dranklisensies en die houers van geleentheidsdranklisensies.
- 3.22 **Klousule 22** wysig artikel 51 van die Hoofwet deur al die bepalings wat betrekking het op die verhuring van gelisensieerde persele uit die artikel te verwyder om dit tekstueel te verbeter.
- 3.23 **Klousule 23** voeg artikel 51A in die Hoofwet in. Die klousule handel oor die verhuring van gelisensieerde persele en bepaal duidelik dat die verhuring van lisensies, handel dryf kragtens 'n lisensie en die gebruik van gelisensieerde persele soos beoog in die klousule slegs toegelaat word tussen lisensiehouers wat tot dieselfde kategorie behoort.
- 3.24 **Klousule 24** vervang artikel 52 van die Hoofwet. Dit bepaal dat wanneer aansoek gedoen word om 'n dranklisensie, 'n lisensiehouer of aansoeker om 'n lisensie, tensy daardie lisensiehouer of aansoeker 'n natuurlike persoon is, ten minste een natuurlike persoon as

bestuurder van die gelisensieerde besigheid moet aanstel. Die bepalings van die klousule is van toepassing op lisensiehouers van alle kategorieë en op 'n voorgenome lisensiehouer aan wie toestemming kragtens artikel 65(5) toegestaan is. Verder vereis die klousule dat 'n persoon wat aangestel is as die bestuurder van 'n gelisensieerde besigheid onderrig en opleiding soos bepaal deur die Dranklisensieëringstribunaal ontvang.

- 3.25 **Klousule 25** vervang artikel 53 van die Hoofwet. Die wysigings aan die artikel handel met aansoeke om toestemming waar 'n lisensiehouer enige uitbreiding van of aan die gelisensieerde perseel wil aanbring of die aard van die besigheid ten opsigte waarvan die lisensie toegestaan is wesenlik wil verander. Die klousule verplig die aangewese drankbeampte, ten opsigte van hierdie aansoeke, om kennis te gee van die betrokke aansoek aan die persone en entiteite gelys in die klousule en om 'n afskrif van die aansoek op die betrokke munisipaliteit te beteken. Die oogmerk hiermee is om die fasilitering van openbare deelname te bevorder.
- 3.26 **Klousule 26** vervang artikel 54 van die Hoofwet. Die wysiging aan die artikel verbied 'n persoon om drank te verkoop, te gee of te verskaf aan 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar, of om toe te laat dat drank gebruik word deur 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar wat in sy of haar sorg is – indien die persoon weet of redelikerwys behoort te weet dat die persoon aan wie drank verkoop, gegee of verskaf word of toegelaat word om drank te gebruik, onder die ouderdom van agtien jaar is. Die klousule verbied ook 'n lisensiehouer of bestuurder om 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar toe te laat om teenwoordig te wees in 'n deel van die gelisensieerde perseel waar sodanige persoon nie mag wees kragtens die Wet of die lisensievoorwaardes nie – indien die lisensiehouer of bestuurder weet of redelikerwys behoort te weet dat sodanige persoon onder die ouderdom van agtien jaar is. Die klousule verplig die lisensiehouer of bestuurder, indien hy of sy redelikerwys glo dat 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar is of dit voorkom dat die persoon onder daardie ouderdom is, om die persoon te versoek om sy of haar geldige identifikasiedokument of -kaart, geldige bestuurslisensie, geldige paspoort of enige ander geldige vorm van fotografiese identifikasie wat sy of haar identiteitsnommer of geboortedatum bevat te toon om die persoon se ouderdom te verifieer.
- 3.27 **Klousule 27** vervang artikel 60 van die Hoofwet. Die wysiging brei die huidige verpligtinge op lisensiehouers wat drank verkoop vir buiteverbruik na alle lisensiehouers uit, insluitende die houër van 'n tydelike dranklisensie, om 'n rekord te hou van alle drank wat verkoop word en om daardie rekords op die voorgeskrewe wyse by die Owerheid in te dien. Die wysiging vereis van hierdie persone om inligting by te hou en by die Owerheid in te dien soos deur die Minister voorgeskryf met betrekking tot die kleinhandelverkope van drank. Hierbenewens moet lisensiehouers wat goedkeuring het vir die mikrovervaardiging van drank kragtens artikel 33(1)(a) van die Hoofwet, op die voorgeskrewe wyse 'n rekord hou van alle drank wat vervaardig word en indien by die Owerheid. Die Minister word deur die klousule gemagtig om regulasies uit te vaardig ten opsigte van die vorm en aard van die inligting wat bygehou en ingedien moet word, die tydperk waarvoor dit bewaar moet word en hoe gereeld die inligting ingedien moet word. Die klousule bepaal verder dat geen persoon, behalwe 'n lisensiehouer, wat insluit 'n houër van 'n tydelike of 'n geleentheidsdranklisensie, meer drank op 'n enkele dag vir verbruik weg van die perseel aan een persoon mag verkoop nie as die hoeveelheid bepaal deur die Minister sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van die voorsittende Beampte.

- 3.28 **Klousule 28** wysig artikel 62 van die Hoofwet en bring gevolglike wysigings aan ten opsigte van die wysiging van artikels 63 en 64 van die Hoofwet asook die wysigings aan artikel 25 van die Hoofwet.
- 3.24 **Draft regulation 24** amends regulation 37 of the principal Regulations by requiring that licensees, where applicable, display the amended Form 15 and the new proposed Form 15A. The amendment further makes provision for the display of an abridged licence.
- 3.25 **Draft regulation 25** amends Annexure 1 to the principal Regulations by introducing a new fee relating to condonation applications referred to in terms of section 64(4) of the draft amendment Bill, and a new fee regarding education and training in terms of sections 45, 52(6) and 65(14) of the draft amendment Bill.

- 3.26 **Draft regulation 26** substitutes Annexure 3 to the principal Regulations, both the Index to the forms and the forms. In addition, the substitution introduces certain new forms required by the amendments proposed in the draft amendment regulations.
- 3.27 **Draft regulation 27** provides for transitional arrangements.
- 3.28 **Draft regulation 28** amends the Arrangement of the Regulations.
- 3.29 **Draft regulation 29** provides for the short title and commencement of the draft amendment regulations.

4. CONSULTATION

Department of Community Safety
Department of the Premier: Legal Services
Western Cape Liquor Authority

5. PERSONNEL IMPLICATIONS

There are no direct personnel implications.

6. FINANCIAL IMPLICATIONS

The Authority currently spends R4 513 960 a year to advertise liquor licence applications in terms of section 36 of which only R1 912 143 is included on the MTEC budget baseline. The remaining R2 601 817 has historically been funded from the roll-over of funds not spent in the previous financial years. The funds were not included in the MTEC budget baseline as they are regarded as a legislative inefficiency. The amendment in clause 14 of the draft amendment Bill will resolve the legislative inefficiency and result in a saving of about R1 500 000 from the MTEC budget baseline.

Furthermore, the Authority currently generates R1 129 577 from penalties on late payments of licence renewals. The amendment in clauses 28 and 29 in the draft amendment Bill will significantly reduce these penalties on the late payments of licence renewals resulting in own revenue losses estimated around R1 000 000. The revenue loss will be funded from the efficiency savings highlighted above.

The legislative amendments will thus result in an estimated saving of R500 000 that will be available for other service delivery priorities of the Authority.

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 322/2023

15 November 2023

**WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)
WES-KAAPSE DRANKREGULASIES, 2011: TWEEDE KONSEPWYSIGING, 2023**

Die Provinsiale Minister van Gemeenskapsveiligheid, ingevolge artikel 88(1) van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), is van voorneme om die regulasies soos uiteengesit in die Bylae te maak.

BYLAE**Woordomskrywing**

1. In hierdie regulasies beteken “die Regulasies” die Wes-Kaapse Drankregulasies, 2011, gepubliseer onder Provinsiale Kennisgewing 366/2011 gedateer 21 Desember 2011, gewysig deur Provinsiale Kennisgewings: 84/2012 gedateer 30 Maart 2012, 371/2012 gedateer 10 Desember 2012, 275/2015 gedateer 14 Augustus 2015, 117/2017 gedateer 31 Mei 2017, 122/2018 gedateer 27 September 2018, 109/2019 gedateer 29 Oktober 2019, 112/2020 gedateer 29 Oktober 2020, 128/2021 gedateer 15 Oktober 2021 en 90/2022 gedateer 20 Julie 2022.

Wysiging van regulasie 1 van die Regulasies

2. Regulasie 1 van die regulasies word gewysig deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van “afdeling” in te voeg:
“**‘handtekening’** sluit in, met betrekking tot elektroniese kommunikasie, die handtekening wat digitaal gegenereer word deur die inligtingstelsel wat deur die Owerheid aangewys is;”.

Wysiging van regulasie 6 van die Regulasies

3. Regulasie 6 van die Regulasies word gewysig—
 - (a) deur subparagraaf (ii) van paragraaf (a) van subregulasie (8) deur die volgende subparagraaf te vervang :
“(ii) die Departementshoof of ’n amptenaar in diens van die Departement aan wie die Departementshoof hierdie plig opdra; en”;
 - (b) deur die volgende subregulasie ná subregulasie (8) in te voeg:
“(8A) ’n Opdrag deur die Departementshoof ingevolge subregulasie (8)(a)(ii)—
 - (i) moet skriftelik gemaak word en mag onderhewig gemaak word aan sodanige bepalinge, voorwaardes en beperkings as wat die Departementshoof bepaal;
 - (ii) moet nie die Departementshoof ontnem van die pligte wat opgedra is nie; en
 - (iii) kan deur die Departementshoof gewysig of teruggetrek word.”;
 - (c) deur subregulasie (10) deur die volgende subregulasie te vervang:
“(10) Die Raad moet die lede van die Dranklisensieëringstribunaal of die plaasvervangende lede, na gelang van die geval, aanstel ná oorweging van die aanbevelings van die betrokke onderhoudspaneel.”;
 - (d) deur subregulasie (11) te skrap; en

(e) deur subregulasie (12) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(12) Die aanstelling van die lede van die Dranklisensieringstribunaal of die plaasvervangende lede, na gelang van die geval, moet met sensitiwiteit vir ras en geslag gedoen word.”.

Wysiging van regulasie 9 van die Regulasies

4. Regulasie 9 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(2) Behoudens artikel 36(2) moet ’n aansoek om ’n lisensie soos na verwys in artikel 33(1) ingedien word by die Owerheid teen 14h00 op die Vrydag wat die eerste Vrydag van enige maand voorafgaan, of, indien daardie voorafgaande Vrydag ’n openbare vakansiedag is, op die laaste werksdag voor daardie openbare vakansiedag.”;

(b) deur die vervanging in subparagraaf (iv) van paragraaf (b) van subregulasie (4) vir die woorde “Artikel 41(1)(c)(i)” van die woorde “Artikel 41(1)(a)(iii)”;

(c) deur die invoeging ná paragraaf (e) van subregulasie (4) van die volgende paragraaf:

“(eA) skriftelike vertoë oor waarom die toestaan van die aansoek in die openbare belang is;”;

(d) deur paragraaf (g) van subregulasie (4) te skrap;

(e) deur die vervanging van paragraaf (i) van subregulasie (4) van die volgende paragraaf:

“(i) sodanige ander dokumente as wat op die aansoekvorm en in die Wet gespesifiseer kan word;”;

(f) deur paragraaf (k) van subregulasie (4) te skrap; en

(g) deur paragraaf (n) van subregulasie (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(n) ten opsigte van ’n aansoeker wat—

(i) ’n natuurlike persoon is, ’n gesertifiseerde afskrif van Vorm 15A uitgereik in die naam van die aansoeker;

(ii) ’n natuurlike persoon is en wat ’n ander persoon as hom- of haarself aanstel as die bestuurder van die voorgestelde gelisensieerde besigheid, Vorm 15 behoorlik ingevul ten opsigte van elke persoon wat as bestuurder aangestel is en ’n gesertifiseerde afskrif van Vorm 15A uitgereik in die naam van elke persoon wat as ’n bestuurder van die voorgestelde gelisensieerde besigheid aangestel is; of

(iii) nie ’n natuurlike persoon is nie, Vorm 15 behoorlik ingevul ten opsigte van elke persoon wat as ’n bestuurder aangestel is en ’n gesertifiseerde afskrif van Vorm 15A uitgereik in die naam van elke persoon wat as bestuurder van die voorgestelde gelisensieerde besigheid aangestel is.”.

Invoeging van regulasie 9A

5. Die volgende regulasie word ná regulasie 9 in die Regulasies ingevoeg:

“ Kennisgewing van weiering of aanvaarding van indiening

9A.(1) Die Owerheid moet binne sewe dae ná die indiening van ’n aansoek om ’n lisensie bedoel in artikel 33(1) die indiening óf weier óf aanvaar ingevolge artikel 36(1A).

(2) Indien die Owerheid die indiening van ’n aansoek om ’n lisensie weier, moet die Owerheid die aansoeker in kennis stel in die vorm van Vorm 3C binne sewe dae ná ontvangs van die indiening dat die indiening geweier is;

(3) Indien die Owerheid die indiening van 'n aansoek om 'n lisensie aanvaar, moet die Owerheid binne sewe dae ná ontvangs van die indiening die aansoeker en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is in kennis stel in die vorm van Vorm 3D dat die indiening aanvaar is.

(4) Die aansoeker moet binne 14 dae vanaf die datum van die kennisgewing bedoel in subregulasie (3)—

- (a) die toepaslike aansoekfooi soos uiteengesit in Item 1 van Aanhangsel 1 aan die Owerheid betaal;
- (b) 'n afskrif van die aansoek om 'n lisensie indien by die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is;
- (c) bewys van betaling van die toepaslike aansoekfooi by die Owerheid indien; en
- (d) bewys aan die Owerheid voorlê dat 'n afskrif van die aansoek by die betrokke aangewese drankbeampte ingedien is.

(5) Die Owerheid moet binne vyf dae vanaf die verstryking van die tydperk bedoel in subregulasie (4) die aansoeker en die betrokke aangewese drankbeampte in kennis stel—

- (a) in die vorm van Vorm 3E dat bewys van die betaling en indiening by die aangewese drankbeampte binne die tydperk ontvang is; of
- (b) in die vorm van Vorm 3F dat bewys van die betaling of die indiening by die aangewese drankbeampte nie binne die tydperk ontvang is nie en dat die indiening geag word geweier te wees ingevolge artikel 36(1A)(b).”.

Wysiging van regulasie 10 van die Regulasies

6. Regulasie 10 van die Regulasies word gewysig—

- (a) deur subregulasie (1A) te skrap;
- (b) deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(3) Die betrokke aangewese drankbeampte moet 'n afskrif van die aansoek op die munisipale bestuurder van die tersaaklike munisipaliteit beteken binne sewe dae vanaf datum van indiening van die aansoek by die aangewese drankbeampte.”; en
- (c) deur subregulasie (4) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(4) Die aangewese drankbeampte moet die kennisgewing bedoel in artikel 37(5) binne sewe dae vanaf die datum van indiening van die aansoek op die aangewese drankbeampte beteken, en waar die tersaaklike munisipaliteit kies om daardie kennisgewing te gee, moet hy dit doen binne sewe dae vanaf die datum waarop 'n afskrif van die aansoek deur die aangewese drankbeampte ingedien is.”.

Wysiging van regulasie 15 van die Regulasies

7. Regulasie 15 van die Regulasies word gewysig—

- (a) deur item (dd) van subparagraaf (ii) van paragraaf (a) van subregulasie (3) deur die volgende item te vervang:

“(dd) 'n onderneming bedoel in artikel 41(1)(a)(iii);”;
- (b) deur die woord "en" aan die einde van subparagraaf (ix) van paragraaf (a) in subregulasie (3) te skrap;
- (c) deur paragraaf (b) van subregulasie (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) enige inligting insluit wat ingevolge artikel 41(1)(a)(iv) deur die Minister voorgeskryf is; en ”;
- (d) deur die volgende paragraaf ná paragraaf (b) van subregulasie (3) by te voeg:

- “(c) ’n aanbeveling vir die toestaan of weiering van die aansoek insluit.”;
- (e) deur subregulasie (4) deur die volgende subregulasie te vervang:
- “(4) Indien die aangewese drankbeampte versuim om sy of haar verslag ingevolge artikel 73(7)(a) in te dien, kan die Hoof- Uitvoerende Beampte ’n afskrif van die aansoek aan ’n inspekteur stuur met ’n skriftelike opdrag om ’n verslag in te dien wat die inligting bevat soos in na verwys in subregulasie (3)(a)(i), (ii), (iii), (v), (vii), (viii) en (ix) en subregulasie (3)(b), ’n aanbeveling oorweeg in subregulasie (3)(c) en, waar beskikbaar, die inligting bedoel in subregulasie (3)(a)(iv) en (vi), ten opsigte van die betrokke aansoek.”.

Wysiging van regulasie 17 van die Regulasies

8. Regulasie 17 van die Regulasies word gewysig—

- (a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:
- “(1) Die Owerheid moet binne sewe dae nadat die Dranklisensiëringstribunaal ’n aansoek ingedien kragtens artikel 36 voorwaardelik toegestaan het ingevolge artikel 42(1), die persone soos na verwys in artikel 46(1) skriftelik van daardie besluit in kennis stel.”; en
- (b) deur paragraaf (d) van subregulasie (11) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(d) ’n aanbeveling vir die toestaan of weiering van die aansoek.”.

Wysiging van regulasie 18 van die Regulasies

9. Regulasie 18 van die Regulasies word gewysig deur subregulasie (1) van die volgende subregulasie:

- “(1) Die Owerheid moet binne sewe dae nadat die Dranklisensiëringstribunaal besluit het oor ’n aansoek wat ingevolge artikel 36 ingedien en aanvaar is, voorwaardelik toegestaan het ingevolge artikel 42(1) die persone soos na verwys in artikel 46(1) skriftelik van die besluit in kennis stel.”.

Wysiging van regulasie 19 van die Regulasies

10. Regulasie 19 van die Regulasies word gewysig—

- (a) deur die vervanging in subparagraaf (iv) van paragraaf (b) van subregulasie (3) vir die woorde "artikel 41(1)(c)(i)" van die woorde "artikel 41(1)(a)(iii)";
- (b) deur paragraaf (n) van subregulasie (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(n) ten opsigte van ’n aansoeker wat—
- (i) ’n natuurlike persoon is en wat ’n ander persoon as hom- of haarself as die bestuurder van die gelisensieerde besigheid aanstel, Vorm 15 behoorlik ingevul ten opsigte van elke persoon wat as bestuurder aangestel is;
- (ii) nie ’n natuurlike persoon is nie, Vorm 15 behoorlik ingevul ten opsigte van elke persoon wat as bestuurder aangestel is.”;
- (c) deur die woorde "artikel 41(1)(c)(i)" in subparagraaf (iv) van subparagraaf (b) van subregulasie (4) te vervang deur die woorde "artikel 41(1)(a)(iii)";
- (d) deur paragraaf (m) van subregulasie (4) deur die volgende subparagraaf te vervang:
- “(m) ten opsigte van ’n aansoeker wat—
- (i) ’n natuurlike persoon is en wat ’n ander persoon as hom- of haarself as die bestuurder van die gelisensieerde besigheid aanstel, Vorm 15 behoorlik ingevul ten opsigte van elke persoon wat as ’n bestuurder aangestel is;

- (ii) nie 'n natuurlike persoon is nie, Vorm 15 behoorlik ingevul ten opsigte van elke persoon wat as bestuurder aangestel is.”;
- (e) deur die woorde “regulasie 15(3)(b)” in subregulasie (5) deur die woorde “regulasie 15(3)(c)” te vervang; en
- (f) deur die woorde “regulasie 15(3)(b)” in subregulasie (7) deur die woorde “regulasie 15(3)(c)” te vervang.

Wysiging van regulasie 21 van die Regulasies

11. Regulasie 21 van die Regulasies word gewysig-

- (a) deur die woorde “of gelisensieerde perseel te verhuur” in die opskrif te skrap;
- (b) deur subregulasie (2) te skrap;
- (c) deur subregulasie (4) te skrap;
- (d) deur subregulasie (5) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(5) Die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, moet binne 14 dae nadat 'n aansoek ingedien is 'n afskrif van sy of haar verslag beoog in artikel 51(5) op die gesamentlike aansoekers beteken en die verslag by die Owerheid indien tesame met bewys dat die verslag op die gesamentlike aansoekers beteken is.”;
- (e) deur subregulasie (7) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(7) Indien die aangewese drankbeampte versuim om sy of haar verslag ingevolge subregulasie (6) in te dien, mag die Hoof- Uitvoerende Beampte 'n afskrif van die aansoek aan 'n inspekteur stuur met 'n skriftelike opdrag om 'n verslag in te dien wat die inligting beoog in artikel 51(5) bevat”;
- (f) deur subregulasie (10) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(10) Die Voorsittende Beampte moet binne 30 dae ná ontvangs van al die dokumente waarna in hierdie regulasie verwys word, die aansoek óf toestaan óf weier.”; en
- (g) deur regulasie (11) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(11) Die Owerheid moet binne sewe dae nadat die Voorsittende Beampte besluit het oor 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (1) die gesamentlike aansoekers en elke persoon wat 'n skriftelike beswaar of verdoë ten opsigte van die aansoek by die Owerheid ingedien het, skriftelik van die besluit in kennis stel.”.

Invoeging van regulasie 21A

12. Die volgende regulasie word in die Regulasies ná regulasie 21 ingevoeg:

“Verhuring van lisensie, bedryf van besigheid kragtens die lisensie en gebruik van gelisensieerde perseel

21A.(1) 'n Lisensiehouer wat die lisensie aan 'n ander persoon wil verhuur, 'n ander persoon toelaat om besigheid ingevolge die lisensie te bedryf of 'n ander persoon toelaat om die gelisensieerde perseel te gebruik soos beoog in artikel 51A(1) en daardie ander persoon (waarna daar in hierdie regulasie verwys word as die gesamentlike aansoekers) moet gesamentlik 'n aansoek in die vorm van Vorm 14 in Aanhangsel 3 by die Owerheid en 'n afskrif daarvan by die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is indien en hulle moet albei in die aansoek die inligting verskaf wat in daardie vorm vereis word.

- (2) 'n Aansoek wat ingevolge subregulasie (1) ingedien word, moet vergesel wees van—
- (a) bewys van betaling van die toepaslike aansoekfooi aan die Owerheid uiteengesit in Item 18 van Aanhangsel 1;
 - (b) gedokumenteerde bewys van die voorgestelde verhuring van die lisensie, die bedryf van die besigheid kragtens die lisensie of die gebruik van die gelisensieerde perseel;
 - (c) 'n afskrif van die betrokke lisensie;
 - (d) 'n gesertifiseerde afskrif van die volgende ten opsigte van die persoon wat beoog om die lisensie van die lisensiehouer te verhuur, besigheid ingevolge die lisensie te bedryf of die gelisensieerde perseel te gebruik:
 - (i) sy of haar identiteitskaart of -dokument;
 - (ii) sy of haar paspoort en visum of, waar van toepassing, permanente verblyfpermit, indien daardie persoon 'n buitelander is;
 - (iii) die tersaaklike registrasiedokumente wat die identiteit en, waar van toepassing, die finansiële belang van al die lede, direkteure, vennote, begunstigdes of trustees aandui, indien daardie persoon nie 'n natuurlike persoon is nie;
 - (e) 'n afskrif van die lisensie van die persoon bedoel in paragraaf (d);
 - (f) 'n leesbare, omvattende vloerplan van die gelisensieerde perseel op standaard wit papier van hoogstens A3-grootte wat duidelik in kontrasterende kleure aandui —
 - (i) die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel wat geraak sal word deur die voorgestelde verhuring van die lisensie, die bedryf van besigheid kragtens die lisensie of die gebruik van die gelisensieerde perseel in verhouding tot die hele perseel;
 - (ii) die afmetings van die tersaaklike gedeelte;
 - (iii) die afmetings van elke vertrek op die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel;
 - (iv) die gebruike van al die vertreke op die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel;
 - (v) alle deure, vensters en toonbanke, waar van toepassing, en middele van interne en eksterne toegang;
 - (vi) waar op die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel drank geberg sal word in verhouding tot die hele perseel;
 - (vii) die gebiede op die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel waar drank verkoop sal word in verhouding tot die hele perseel;
 - (viii) die gebiede op die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel waar drank verbruik sal word in verhouding tot die hele perseel; en
 - (g) geïndekseerde kleurfoto's wat die volgende aandui—
 - (i) die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel;
 - (ii) die hele gelisensieerde perseel.
- (3) Die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, moet binne 14 dae nadat 'n aansoek ingedien is 'n afskrif van sy of haar verslag beoog in artikel 51A(3) op die gesamentlike aansoekers beteken en die verslag by die Owerheid indien tesame met bewys dat die verslag op die gesamentlike aansoekers beteken is.
- (4) Indien die aangewese drankbeampte versuim om sy of haar verslag ingevolge subregulasie (3) by die Owerheid in te dien, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte binne 21 dae vanaf die datum van indiening van die aansoek die betrokke aangewese drankbeampte skriftelik versoek om die verslag binne drie dae by die Owerheid in te dien.
- (5) Indien die aangewese drankbeampte versuim om sy of haar verslag ingevolge subregulasie (4) in te dien, kan die Hoof- Uitvoerende Beampte 'n afskrif van die aansoek aan 'n

inspekteur stuur met 'n skriftelike opdrag om 'n verslag in te dien wat die inligting bedoel in artikel 51A(3) bevat.

(6) 'n Inspekteur moet binne die tydperk bepaal deur die Hoof- Uitvoerende Beampte ooreenkomstig die opdrag bedoel in subregulasie (5) sy of haar verslag by die Owerheid indien en 'n afskrif daarvan aan die gesamentlike aansoekers stuur.

(7) Die gesamentlike aansoekers moet binne sewe dae nadat 'n afskrif van enige van die verslae op hulle beteken is hul reaksie op die verslag deur die aangewese drankbeampte bedoel in subregulasie (3) of (4) of die verslag deur 'n inspekteur bedoel in subregulasie (6) by die Owerheid indien.

(8) Die Voorsittende Beampte moet binne 30 dae ná ontvangs van al die dokumente waarna in hierdie regulasie verwys word die aansoek óf toestaan óf weier.

(9) Die Owerheid moet binne sewe dae nadat die Voorsittende Beampte besluit het oor 'n aansoek wat ingevolge subregulasie (1) gedoen is, die gesamentlike aansoekers en elke persoon wat 'n skriftelike beswaar of verdoë ten opsigte van die aansoek by die Owerheid ingedien het, skriftelik van die besluit in kennis stel.

(10) Indien 'n aansoek toegestaan word, moet die Owerheid binne 14 dae nadat die toestemming verleen is 'n skriftelike toestemming uitreik.”.

Vervanging van regulasie 22 van die Regulasies

13. Die volgende regulasie vervang regulasie 22 van die Regulasies:

“Aanstelling van bestuurder

14.(1) 'n Aansoeker of 'n lisensiehouer beoog in artikel 52(1) en (3) moet die Owerheid in die vorm van Vorm 15 in kennis stel dat die persoon waarna in die vorm verwys word as 'n bestuurder van die betrokke gelisensieerde besigheid aangestel is.

(2) Die Owerheid moet, binne 14 dae ná die suksesvolle voltooiing van die onderrig en opleiding bedoel in artikel 52(4)(c) aan die persoon wat die onderrig en opleiding suksesvol voltooi het 'n sertifikaat uitreik in die vorm van Vorm 15A in Aanhangsel 3.”.

Invoeging van regulasie 22A

14. Die volgende regulasie word ná regulasie 22 in die Regulasies ingevoeg:

“ Onderrig- en opleidingsfooi

22A. Die—

(a) aansoeker bedoel in artikel 45;

(b) aansoeker en lisensiehouer beoog in artikel 52(6); en

(c) voorgestelde lisensiehouer bedoel in artikel 65(14),

moet die fooi soos uiteengesit in Item 13 van Aanhangsel 1 aan die Owerheid betaal.”.

Vervanging van regulasie 23 van die Regulasies

15. Die volgende regulasie vervang regulasie 23 van die Regulasies:

“Aansoek om toestemming om gelisensieerde perseel of aard van gelisensieerde perseel te verander

23.(1) ’n Lisensiehouer wat toestemming nodig om enige aksie bedoel in artikel 53(1)(a) uit te voer, moet by die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, ’n aansoek indien in die vorm van Vorm 16 in Aanhangsel 3, vergesel van —

- (a) ’n leesbare, omvattende vloerplan van die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel wat bestem is om verander, aangebou of verbou te word op standaard wit papier van hoogstens A3-grootte wat duidelik in kontrasterende kleure die volgende aandui—
 - (i) die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel in verhouding tot die hele perseel;
 - (ii) die afmetings van die tersaaklike gedeelte;
 - (iii) die afmetings van elke vertrek op die tersaaklike gedeelte;
 - (iv) die gebruike van elke vertrek op die tersaaklike gedeelte;
 - (v) alle deure, vensters en toonbanke, waar van toepassing, en middele van interne en eksterne toegang;
 - (vi) die strate en plekke waarheen sodanige middele van eksterne toegang lei;
 - (vii) hoe die tersaaklike gedeelte by die gelisensieerde perseel aansluit;
 - (viii) waar drank op die tersaaklike gedeelte geberg sal word;
 - (ix) die gebiede op die tersaaklike gedeelte waar drank in verhouding tot die hele perseel verkoop sal word;
 - (x) die gebiede op die tersaaklike gedeelte waar drank in verhouding tot die hele perseel verbruik sal word;
- (b) ’n beskrywing van die voorgestelde wysigings;
- (c) in ’n afsonderlike dokument, ’n beskrywing van die tersaaklike gedeelte van die gelisensieerde perseel, met verwysing na die konstruksie, uitleg, meubilering, los en vaste toebehore en vloerbedekking;
- (d) bewys dat die aansoeker die reg het om die gelisensieerde perseel te verander vir die doel in die aansoek beoog;
- (e) bewys van betaling aan die Owerheid van die aansoekfooi in Item 6 van Aanhangsel 1 uiteengesit;
- (f) skriftelike vertoë ter ondersteuning van die aansoek; en
- (g) geïndekseerde kleurfoto's wat die voltooide interne en eksterne kenmerke van die gelisensieerde perseel toon;

(1A) Die bepalinge van subregulasie (1) is van toepassing op ’n lisensiehouer wat toestemming nodig om enige bedrywigheid bedoel in artikel 53(1A)(a) uit te voer.

(1B) ’n Aansoek ingevolge subregulasie (1A) moet ook vergesel wees van—

- (a) bewys dat die aansoeker die reg het om die tersaaklike gedeelte te okkupeer; en
- (b) bewys van eienaarskap van die gelisensieerde perseel, of, indien die aansoeker nie die eienaar van die perseel is nie, skriftelike toestemming van die eienaar dat die aansoeker die tersaaklike gedeelte vir die doeleindes van die lisensie mag gebruik.

(2) 'n Lisensiehouer wat toestemming nodig om enige bedrywigheid bedoel in artikel 53(1A)(b) uit te voer, moet by die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, 'n aansoek indien in die vorm van Vorm 17 in Aanhangsel 3, vergesel deur—

- (a) 'n beskrywing van die voorgestelde verandering aan die aard van die besigheid;
- (b) bewys van betaling aan die Owerheid van die aansoekfooi uiteengesit in Item 6 van Aanhangsel 1;
- (c) skriftelike vertoë ter ondersteuning van die aansoek;
- (d) bewys dat die aansoeker die reg het om die aard van die besigheid ten opsigte waarvan die lisensie toegestaan is, wesenlik te verander;
- (e) die dokumente gespesifiseer op die aansoekvorm of soos wat die Owerheid mag versoek.

(3) 'n Lisensiehouer wat toestemming nodig om enige handeling bedoel in artikel 53(1)(c) uit te voer, moet by die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is 'n aansoek in die vorm van Vorm 18 in Aanhangsel 3 indien, vergesel van—

- (a) 'n beskrywing van enige ander besigheid, handel wat gedryf of beroep wat beoefen word op die voorgestelde perseel waarop beoog word om die besigheid kragtens die lisensie te bedryf;
- (b) bewys van betaling aan die Owerheid van die aansoekfooi uiteengesit in Item 6 van Aanhangsel 1;
- (c) skriftelike vertoë ter ondersteuning van die aansoek;
- (d) 'n leesbare, omvattende vloerplan van die toepaslike gedeelte van die voorgestelde perseel waarop daar beoog word om besigheid kragtens die lisensie te bedryf, op standaard wit papier van hoogstens A3-grootte en wat duidelik in kontrasterende kleure die volgende aandui—
 - (i) die tersaaklike gedeelte van die voorgestelde perseel met betrekking tot die hele perseel;
 - (ii) die afmetings van die tersaaklike gedeelte;
 - (iv) die afmetings van elke vertrek op die tersaaklike gedeelte van die voorgestelde perseel;
 - (iv) die gebruike van elke vertrek op die tersaaklike gedeelte van die voorgestelde perseel;
 - (v) alle deure, vensters en toonbanke, waar van toepassing, en middele van interne en eksterne toegang;
 - (vi) die strate en plekke waarheen sodanige middele van eksterne toegang lei;
 - (vii) waar drank op die tersaaklike gedeelte van die voorgestelde perseel geberg sal word;
 - (viii) die gebiede op die tersaaklike gedeelte van die voorgestelde perseel waar drank verkoop sal word in verhouding tot die hele perseel;
 - (ix) die gebiede op die tersaaklike gedeelte van die voorgestelde perseel waar drank in verhouding tot die hele perseel verbruik sal word;
- (e) in 'n afsonderlike dokument, 'n beskrywing van die tersaaklike gedeelte van die voorgestelde perseel, met verwysing na die konstruksie, uitleg, meubilering, los en vaste toebehore en vloerbedekking;
- (f) bewys dat die aansoeker die reg het om die tersaaklike gedeelte van die voorgestelde perseel te okkupeer;
- (g) bewys van eienaarskap van die voorgestelde perseel of, indien die aansoeker nie die eienaar van die perseel is nie, skriftelike toestemming van die eienaar dat die

aansoeker die tersaaklike gedeelte van die voorgestelde perseel vir die doeleindes van die lisensie mag gebruik; en

(h) geïndekseerde kleurfoto's wat die interne en eksterne kenmerke van die voorgestelde perseel toon.

(3A) Die aangewese drankbeampte moet, ten opsigte van 'n aansoek ingevolge subregulasie (1A) of (2), 'n afskrif van die kennisgewing na verwys in artikel 53(2A)(b) binne sewe dae vanaf die datum van indiening van die betrokke aansoek beteken.

(3B) Skriftelike vertoë bedoel in artikel 53(2B) moet binne 14 dae vanaf die datum van betekening van die kennisgewing ingevolge subregulasie (3A) ingedien word.

(3C) Die bepalinge van regulasie 13(2) en (3) is van toepassing op vertoë wat ingevolge subregulasie (3B) ingedien is.

(3D) Indien 'n aansoeker van voorneme is om op vertoë ingevolge artikel 53(2C) te reageer, moet die reaksie binne 14 dae ná ontvangs van die vertoë by die aangewese drankbeampte ingedien word.

(4) Die aangewese drankbeampte moet—

(a) binne 14 dae nadat 'n aansoek ingevolge subregulasie (1) of (3) ingedien is; of

(b) binne 35 dae nadat 'n aansoek ingevolge subregulasie (1A) of (2) ingedien is,

'n afskrif van sy of haar verslag bedoel in artikel 53(2A)(a) of (b), na gelang van die geval, op die aansoeker beteken en die verslag by die Owerheid indien, tesame met bewys dat die verslag op die aansoeker beteken is.

(5) Indien die aangewese drankbeampte versuim om sy of haar verslag ingevolge subregulasie (4) by die Owerheid in te dien, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte binne 21 dae vanaf datum van indiening van die aansoek die betrokke aangewese drankbeampte skriftelik in kennis stel om die verslag binne drie dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing in te dien.

(6) Indien die aangewese drankbeampte versuim om sy of haar verslag ingevolge subregulasie (5) in te dien, kan die Hoof- Uitvoerende Beampte 'n afskrif van die aansoek na 'n inspekteur stuur met 'n skriftelike opdrag om 'n verslag met die inligting bedoel in subregulasie (4) ten opsigte van die betrokke aansoek in te dien.

(7) 'n Inspekteur moet sy of haar verslag by die Owerheid indien en 'n afskrif daarvan na die aansoeker stuur binne die tydperk bepaal deur die Hoof- Uitvoerende Beampte ooreenkomstig die opdrag bedoel in subregulasie (6).

(8) Die aansoeker moet sy of haar reaksie op 'n verslag deur die aangewese drankbeampte bedoel in subregulasie (4), of 'n verslag deur 'n inspekteur bedoel in subregulasie (7), binne sewe dae nadat 'n afskrif van enige verslag op hom of haar beteken is, indien.

(9)(a) Die Voorsittende Beampte moet, ten opsigte van 'n aansoek gedoen ingevolge subregulasie (1) of (3), binne 30 dae ná ontvangs van alle tersaaklike dokumente bedoel in subregulasie (1) of (3), na gelang van die geval, en subregulasies (4)(a) tot (8), die aansoek óf toestaan óf weier.

(b) Die Dranklisensieringstribunaal moet, ten opsigte van 'n aansoek gedoen ingevolge subregulasie (1A) of (2), binne 30 dae ná ontvangs van alle tersaaklike dokumente bedoel in subregulasies (1A) of (2), wat die geval ook al mag wees, en subregulasies (3A) tot (3D), (4)(b) en (5) tot (8), óf die aansoek toestaan óf weier.

(10) Die Owerheid moet binne sewe dae nadat die Voorsittende Beampte of die Dranklisensieringstribunaal, na gelang van die geval, 'n besluit geneem het oor 'n aansoek gedoen ingevolge subregulasie (1), (1A), (2) of (3), die aansoeker en elke persoon wat 'n skriftelike beswaar of vertoë ten opsigte van die betrokke aansoek by die Owerheid ingedien het, skriftelik van die besluit in kennis stel.

(11) Indien 'n aansoek toegestaan word, moet die Owerheid binne 14 dae nadat die toestemming verleen is, 'n skriftelike toestemming uitreik.

(12) Wanneer 'n aansoek ingevolge hierdie regulasie toegestaan word, moet die aansoeker die fooie soos uiteengesit in Item 7, 8 of 9, na gelang van die geval, in Deel A van Aanghangsel 2 aan die Owerheid betaal.”

Wysiging van regulasie 25 van die Regulasies

16. Regulasie 25 van die Regulasies word gewysig deur die woorde “regulasie 15(3)(b)” in subregulasies (3) en (5) deur die woorde “regulasie 15(3)(c)” te vervang.

Wysiging van regulasie 26 van die Regulasies

17. Regulasie 26 van die Regulasies word gewysig deur die woorde “regulasie 15(3)(b)” in subregulasie (8) deur die woorde “regulasie 15(3)(c)” te vervang.

Vervanging van regulasie 27 van die Regulasies

18 . Die volgende regulasie vervang regulasie 27 van die Regulasies:

“ Hoeveelheid drank verkoop en die hou van rekords

27.(1) Die rekords en inligting bedoel in artikel 60(1) moet—

(a) in skriftelike of elektroniese vorm wees;

(b) vir die doeleindes van artikel 60(1)(a), die volgende insluit:

(i) naam en adres van die gelisensieerde besigheid;

(ii) lisensienommer van die gelisensieerde besigheid;

(iv) faktuurnommers en datums van uitreiking;

(iv) soort en hoeveelheid drank verkoop;

(v) koste van die drank wat verkoop is;

(vi) verkoopprijs van die drank wat verkoop is; en

(vi) naam en adres van die persoon of persone van wie die lisensiehouer die drank wat verkoop is, gekoop het;

(c) vir die doeleindes van artikel 60(1)(b), die volgende bevat vir die tydperk 1 Januarie van 'n jaar tot 31 Desember van daardie jaar:

(i) ten opsigte van die verkoop van drank van meer as 100 liter aan een persoon op 'n enkele dag, die naam, adres, identiteitsnommer en telefoonnommer van elke sodanige koper van daardie drank;

(ii) die hoeveelheid drank wat die lisensiehouer op 1 Januarie van die tydperk in voorraad het;

(iii) die hoeveelheid drank wat die lisensiehouer op 31 Desember van die tydperk in voorraad het; en

(d) vir die doeleindes van artikel 60(1)(c) die volgende bevat:

(i) die inligting uiteengesit in paragraaf (b)(i) tot (v) en (c); en

(ii) die soort en hoeveelheid drank wat vir die tydperk 1 Januarie van 'n jaar tot 31 Desember van daardie jaar vervaardig is.

(1A) Die rekords en inligting moet jaarliks teen 31 Maart van 'n jaar by die Owerheid ingedien word in die vorm van Vorm 19A in Aanghangsel 3.

(1B) Die lisensiehouer beoog in artikel 60(1) moet 'n afskrif van die rekords en inligting wat by die Owerheid ingedien is by die gelisensieerde perseel bewaar vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van indiening by die Owerheid, niesteenstaande enige wet tot die teendeel.

(2) Die maksimum hoeveelheid drank wat in artikel 60(2) beoog word, is 150 liter.

(3) Waar 'n toestemming ingevolge artikel 60(2) verleen is, moet die rekord bedoel in artikel 60(1)(a) ook die naam, adres, identiteitsnommer en telefoonnommer van die koper bevat.”.

Vervanging van regulasie 30 van die Regulasies

19. Die volgende regulasie vervang regulasie 30 van die Regulasies:

“Outomatiese hernuwing van lisensies

30.(1) Die jaarlikse en tweejaarlikse hernuwingskennisgewing bedoel in artikel 63(3) moet in die vorm van Vorm 21A in Aanhangsel 3 wees.

(2) Die lisensiehouer moet die toepaslike fooi uiteengesit in Deel C van Aanhangsel 2 aan die Owerheid betaal.

(3) 'n Lisensiehouer wat van voorneme is om op 'n tweejaarlikse hernuwingsiklus soos na verwys in artikel 63(1) in te teken, moet 'n kennisgewing in die vorm van Vorm 21B in Aanhangsel 3 teen nie later nie as 30 November van die jaar waarin die Owerheid die jaarlikse hernuwingskennisgewing bedoel in artikel 63(3) uitgereik het by die Owerheid indien”.

Vervanging van regulasie 31 van die Regulasies

20. Die volgende regulasie vervang regulasie 31 van die Regulasies:

“Aansoek om hernuwing van lisensie

31.(1) 'n Aansoek bedoel in artikel 64(1) om die hernuwing van 'n lisensie moet in die vorm van Vorm 22 in Aanhangsel 3 wees.

(2A) 'n Aansoek om kondonering ingevolge artikel 64(4) moet in die vorm van Vorm 23 in Aanhangsel 3 wees.

(2) Die aansoek om die hernuwing van 'n lisensie moet by die Owerheid ingedien word en 'n afskrif daarvan by die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is en waar 'n lisensiehouer om kondonering aansoek doen, moet die lisensiehouer ook by die Owerheid 'n aansoek om kondonering en 'n afskrif daarvan by die betrokke aangewese drankbeampte indien.

(3) Die aansoek om hernuwing van die lisensie moet insluit—

(a) skriftelike vertoë ter ondersteuning van die aansoek;

(b) die volle naam, adres en ander kontakbesonderhede van die lisensiehouer;

(c) die dokumente wat op die aansoekvorm gespesifiseer of deur die Owerheid versoek word;

(d) bewys van betaling van die fooi aan die Owerheid soos uiteengesit in Item 9(a) van Aanhangsel 1; en

(e) waar die lisensiehouer aansoek doen om kondonering, ook bewys van betaling aan die Owerheid van die fooi uiteengesit in Item 9(b) van Aanhangsel 1.

(5) Die Owerheid moet die inspektoraat skriftelik in kennis stel van 'n aansoek ingevolge subregulasie (1) gedoen en, waar van toepassing, 'n aansoek om kondonering gemaak

ingevolge subregulasie (2A), binne sewe dae vanaf die datum van indiening van die aansoek of aansoeke, na gelang van die geval.

(6) Die inspektoraat en die aangewese drankbeampte moet elk—

- (a) binne 14 dae vanaf die datum van indiening van die aansoek of aansoeke, na gelang van die geval, ’n verslag by die Owerheid indien wat die faktore waarna in artikel 64(1)(a) tot (d) verwys word, ondersoek; en
- (b) ’n afskrif van die verslag op die lisensiehouer beteken.

(7) Die lisensiehouer moet sy of haar reaksie, indien enige, op die verslag deur die aangewese drankbeampte of die verslag van die inspekteur indien binne sewe dae nadat ’n afskrif van enige van die verslae op hom of haar beteken is.

(8) Die Dranklisensiëringstribunaal moet binne 30 dae ná ontvangs van al die tersaaklike dokumente in hierdie regulasie die volgende oorweeg en daaroor besluit—

- (a) die aansoek om die hernuwing van die lisensie; of
- (b) die aansoek om kondonering.

(8A) Indien die Dranklisensiëringstribunaal ’n aansoek om kondonering toestaan ingevolge subregulasie (8)(b), moet die Dranklisensiëringstribunaal binne die tydperk beoog in daardie subregulasie gelyktydig die gepaardgaande aansoek om die hernuwing van die lisensie oorweeg en daaroor besluit.

(9) Die Owerheid moet, binne sewe dae nadat die Dranklisensiëringstribunaal besluit het oor—

- (a) ’n aansoek om die hernuwing van die lisensie; of
- (b) ’n aansoek om kondonering, en waar toepaslik, die gepaardgaande aansoek om die hernuwing van die lisensie,

die lisensiehouer, die aangewese drankbeampte, die betrokke munisipale bestuurder en elke persoon wat ’n skriftelike beswaar of verdoë ten opsigte van die aansoek of aansoeke, na gelang van die geval, by die Owerheid ingedien het, skriftelik van die besluit in kennis stel.”.

Wysiging van regulasie 32 van die Regulasies

21. Regulasie 32 van die regulasies word gewysig—

(a) deur subregulasie (22) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(22) Die aansoek moet vergesel wees van—

- (a) bewys van betaling aan die Owerheid van die aansoekfooi uiteengesit in Item 10(b) van Aanhangsel 1;
- (b) skriftelike verdoë ter ondersteuning van die aansoek; en
- (c) ten opsigte van ’n aansoeker wat—
 - (i) ’n natuurlike persoon is en wat ’n ander persoon as hom- of haarself as die bestuurder van die gelisensieerde besigheid aanstel, Vorm 15 behoorlik ingevul ten opsigte van elke persoon wat as ’n bestuurder aangestel is; of
 - (ii) nie ’n natuurlike persoon is nie, Vorm 15 behoorlik ingevul ten opsigte van elke persoon wat as ’n bestuurder aangestel is.”; en

(b) deur paragraaf (d) van subregulasie (38) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) ’n aanbeveling vir die toestaan of weiering van die aansoek.”.

Vervanging van regulasie 33 van die Regulasies

22. Die volgende regulasie vervang regulasie 33 van die Regulasies:

“ Aansoek om verwydering van lisensie

33.(1) ’n Lisensiehouer wat van voorneme is om ’n lisensie te verwyder ingevolge artikel 66(2), moet ’n aansoek om die verwydering by die Owerheid en ’n afskrif daarvan by die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel tans geleë is, indien en, waar die toestaan van die aansoek die verwydering van die lisensie na die regsgebied van ’n ander aangewese drankbeampte tot gevolg sal hê, ook by die aangewese drankbeampte van daardie gebied.

(2) Behoudens die volgende, is die bepalings van regulasies 10, 11, 13, 14 en 15 van toepassing, met die nodige veranderinge wat deur die samehang vereis word, op ’n aansoek wat ingevolge subregulasie (1) gedoen word:

- (a) Die Owerheid moet kennisgewings van aansoeke gedoen ingevolge subregulasie (1) in die vorm van Vorm 27A publiseer.
- (b) Die aansoeker moet die kennisgewing beoog in regulasie 10(2) in die vorm van Vorm 27B vertoon.

(7) ’n Aansoek bedoel in subregulasie (1) moet—

- (a) in die vorm van Vorm 27 in Aanhangsel 3 wees;
- (b) op A4-grootte standaard wit papier wees; en
- (c) die inligting bevat wat in daardie vorm vereis word.

(8) Die aansoek moet vergesel wees van—

- (a) ’n leesbare, omvattende vloerplan van die voorgestelde gelisensieerde perseel op standaard wit papier van hoogstens A3-grootte en wat duidelik in kontrasterende kleure die volgende aandui—
 - (i) die voorgestelde gelisensieerde perseel in verhouding tot die hele perseel;
 - (ii) die afmetings van die voorgestelde gelisensieerde perseel;
 - (iii) die afmetings van elke vertrek op die voorgestelde gelisensieerde perseel;
 - (iv) die gebruike van al die vertreke op die voorgestelde gelisensieerde perseel;
 - (v) alle deure, vensters en toonbanke, waar van toepassing, en middele van interne en eksterne toegang;
 - (vi) die strate en plekke waarheen sodanige middele van eksterne toegang lei;
 - (vii) waar op die voorgestelde gelisensieerde perseel drank geberg sal word ;
 - (viii) die gebiede op die voorgestelde gelisensieerde perseel waar drank verkoop sal word in verhouding tot die hele perseel;
 - (ix) die gebiede op die voorgestelde gelisensieerde perseel waar drank verbruik sal word in verhouding tot die hele perseel;
- (b) ’n leesbare terreinplan van die voorgestelde gelisensieerde perseel op standaard wit papier van hoogstens A3-grootte wat duidelik aandui—
 - (i) in verhouding tot die voorgestelde gelisensieerde perseel, ’n buitelyn van elke gebou op die erf waarop die aansoek betrekking het en waarvoor daardie geboue gebruik word;
 - (ii) die verhouding van die voorgestelde gelisensieerde perseel tot ’n woongebied;
 - (iii) die verhouding van die voorgestelde gelisensieerde perseel tot enige instellings bedoel in artikel 34(1)(e)(ii) tot (v), met afstande in meter aangedui;
 - (iv) ander gelisensieerde persele op die erf;

- (v) die verhouding van die voorgestelde gelisensieerde perseel tot 'n onderneming bedoel in artikel 41(1)(a)(iii) met afstande in meter aangedui;
 - (vi) ander gelisensieerde persele;
 - (vii) die verhouding van die voorgestelde gelisensieerde perseel met gebiede waar afleweringsovertuie sal stop om goedere op en af te laai;
 - (c) 'n lugbeeldkaart wat die verhouding van die voorgestelde gelisensieerde perseel tot 'n woongebied toon;
 - (d) in 'n afsonderlike dokument, 'n beskrywing van die perseel, met verwysing na die konstruksie, uitleg, meubilering, los en vaste toebehore en vloerbedekking ;
 - (e) geïndekseerde kleurfoto's wat die voltooide interne en eksterne kenmerke van die gelisensieerde perseel aandui of, waar die aansoek betrekking het op 'n onvoltooide perseel, die stadium van voltooiing van die perseel;
 - (f) skriftelike versoë ter ondersteuning van die aansoek en van enige bepaling, toestemming, goedkeuring of magtiging waarvoor terselfdertyd aansoek gedoen word;
 - (g) bewys van betaling aan die Owerheid van die toepaslike aansoekfooï uiteengesit in Item 11 van Aanhangsel 1;
 - (h) 'n gesertifiseerde afskrif van die-
 - (i) identiteitskaart of -dokument van die aansoeker;
 - (ii) paspoort en visum of, waar van toepassing, die permanente verblyfpermit van die aansoeker, indien die aansoeker 'n buitelande is; of
 - (iii) tersaaklike registrasiedokumente wat die identiteit en, waar van toepassing, die finansiële belang van al die lede, direkteure, vennote, begunstigdes of trustees van die aansoeker aandui, indien die aansoeker nie 'n natuurlike persoon is nie;
 - (i) sodanige dokumente as wat in Vorm 27 in Aanhangsel 3 en in die Wet gespesifiseer mag word, of wat die Dranklisensieëringstribunaal mag versoek;
 - (j) 'n beëdigde verklaring deur die aansoeker dat hy, sy of dit nie ingevolge artikel 35 gediskwalifiseer is om 'n dranklisensie te hou nie;
 - (k) bewys dat die aansoeker 'n afskrif van die aansoek ingedien het by die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel tans geleë is en, waar die toestaan van die aansoek die verwydering van die lisensie na die regsgebied van die lisensie na die regsgebied van 'n ander aangewese drankbeampte tot gevolg sal hê, bewys dat die aansoeker 'n afskrif van die aansoek by die aangewese drankbeampte van daardie gebied ingedien het;
 - (l) bewys dat die aansoeker die reg het om die voorgestelde gelisensieerde perseel te okkupeer;
 - (m) bewys van eienaarskap van die voorgestelde gelisensieerde perseel of, indien die aansoeker nie die eienaar van die perseel is nie, skriftelike toestemming van die eienaar dat die aansoeker die voorgestelde gelisensieerde perseel mag gebruik vir die doeleindes van die lisensie ten opsigte waarvan die aansoek om die verwydering ingevolge subregulasie (1) ingedien is.
- (9) Alle planne wat by die aansoek aangeheg word, moet die datum van voorbereiding van en die naam en adres van die persoon wat die plan voorberei het, aandui.
- (14) Die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die perseel tans geleë is en, waar die toestaan van die aansoek die verwydering van die lisensie na die regsgebied van 'n ander aangewese drankbeampte tot gevolg sal hê, moet die aangewese drankbeampte van daardie gebied ook binne 35 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing van indiening van die aansoek, 'n afskrif van sy of haar verslag ten opsigte van die aansoek op

die aansoeker beteken en die verslag by die Owerheid indien tesame met bewys dat die verslag op die aansoeker beteken is.

(15) Die verslag van die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die perseel tans geleë is, moet die volgende bevat:

- (a) die adres van die gelisensieerde perseel;
- (b) 'n opsomming van die wyse waarop die lisensiehouer sy of haar besigheid op die gelisensieerde perseel bedryf het; en
- (c) 'n aanbeveling oor die toestaan of weiering van die aansoek.

(16) Die verslag van die aangewese drankbeampte na wie se regsgebied die lisensie verwyder staan te word, moet die volgende bevat:

- (a) die adres van die voorgestelde gelisensieerde perseel;
- (b) die ligging van die voorgestelde gelisensieerde perseel in verhouding tot—
 - (i) die instellings bedoel in artikel 34(1)(e)(ii) tot (v);
 - (ii) 'n woongebied;
 - (iii) ander gelisensieerde persele; en
 - (iv) 'n onderneming bedoel in artikel 41(1)(a)(iii);
- (c) die geskiktheid van die voorgestelde gelisensieerde perseel;
- (d) die openbare belang;
- (e) misdaadsyfers, indien enige, wat hy of sy tersaaklik tot tot die voorgestelde gelisensieerde perseel ag;
- (f) 'n aanbeveling dat die aansoek toegestaan of geweier word;
- (g) 'n verklaring of die aansoeker aan die vereistes van regulasie 10(2) voldoen het;
- (h) 'n verklaring of 'n afskrif van die aansoek ooreenkomstig regulasie 10(3) op die tersaaklike munisipaliteit beteken is;
- (i) 'n verklaring of kennis van die aansoek kragtens regulasie 10(4) gegee is;
- (j) enige inligting deur die Minister voorgeskryf ingevolge artikel 41(1)(a)(iv).

(17) Indien enige van die aangewese drankbeamptes bedoel in subregulasie (1) versuim om sy of haar verslag ingevolge subregulasie (14) in te dien, mag die Hoof- Uitvoerende Beampte 'n afskrif van die aansoek na 'n inspekteur stuur met 'n skriftelike opdrag om 'n verslag in te dien wat die inligting bevat waarna verwys word in:

- (a) subregulasie (15)(a) en (b) en 'n aanbeveling in subregulasie (15)(c); of
- (b) subregulasie (16)(a), (b), (c), (d), (g), (h), (i), 'n aanbeveling beoog in subregulasie (16)(f) en, waar beskikbaar, die inligting bedoel in subregulasie (16)(e), na gelang van die geval, ten opsigte van die betrokke aansoek.

(18) 'n Inspekteur moet sy of haar verslag by die Owerheid indien en 'n afskrif daarvan aan die aansoeker stuur binne 21 dae ná ontvangs van die opdrag soos na verwys in subregulasie (17).

(19) Indien die verslag deur die aangewese drankbeampte bedoel in subregulasie (14) of 'n verslag deur 'n inspekteur bedoel in subregulasie (18) ten opsigte van die aansoek enige inligting of aanbeveling bevat wat die aansoek benadeel, moet die aansoeker sy of haar reaksie op sodanige verslag by die Owerheid indien binne sewe dae nadat 'n afskrif daarvan beteken is.

(20) Die Dranklisensieëringstribunaal moet 'n aansoek indien ingevolge subregulasie (1) binne 30 dae ná ontvangs van al die tersaaklike dokumente bedoel in subregulasies (1), (7), (8), (14), (18) en (19) en in regulasies 15(1) en 13 oorweeg.

(21) Die Owerheid moet binne sewe dae nadat die Dranklisensieëringstribunaal besluit het oor 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (1) die aansoeker en elke persoon wat 'n skriftelike beswaar of verdoë ten opsigte van die aansoek by die Owerheid ingedien het, skriftelik in die vorm van Vorm 27C in Aanhangsel 3 van die besluit in kennis stel.

- (22) Wanneer die Dranklisensieringstribunaal 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (1) voorwaardelik toestaan of 'n aansoek soos beoog in artikel 66(8)(b) toestaan, na gelang van die geval, moet die Owerheid binne sewe dae die aansoeker en elke persoon wat 'n skriftelike beswaar of verhoë ten opsigte van die aansoek by die Owerheid ingedien het, skriftelik in die vorm van Vorm 27D in Aanhangsel 3, van die besluit in kennis stel.
- (23) Wanneer 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (1) toegestaan word, moet die Owerheid, behoudens subregulasie (24), binne 14 dae ná betaling deur die aansoeker van die toepaslike fooi uiteengesit in Deel B van Aanhangsel 2, 'n sertifikaat van verwydering ingevolge artikel 66(9) in die vorm van Vorm 28 in Aanhangsel 3 uitreik.
- (24) Wanneer 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (1) voorwaardelik toegestaan word of 'n aansoek toegestaan word soos beoog in artikel 66(8)(b) moet die Owerheid binne sewe dae nadat die Voorsittende Beampte hom- of haarself oortuig het dat die aansoeker voldoen het aan die voorwaardes opgelê deur die Dranklisensieringstribunaal of die voorwaardes soos gewysig deur die Voorsittende Beampte, die aansoeker skriftelik daarvan in kennis stel.
- (25) Die kennisgewing aan die aansoeker moet in die vorm van Vorm 27E in Aanhangsel 3 wees.
- (26) Die aansoeker moet die toepaslike fooi soos uiteengesit in Deel B van Aanhangsel 2 aan die Owerheid betaal en bewys van betaling by die Owerheid indien.
- (27) Die Owerheid moet binne 14 dae ná ontvangs van bewys van die betaling bedoel in subregulasie (26) 'n verwyderingsertifikaat in die vorm van Vorm 28 in Aanhangsel 3 aan die aansoeker uitreik.
- (28) 'n Aansoek om kondonering ingevolge artikel 66(11) moet in die vorm van Vorm 27F in Aanhangsel 3 by die Owerheid ingedien word.
- (29) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet binne 30 dae ná ontvangs van 'n aansoek bedoel in subregulasie (28) die aansoek oorweeg.
- (30) Die Owerheid moet binne sewe dae nadat die Hoof- Uitvoerende Beampte besluit het oor 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (28) die aansoeker skriftelik van die besluit in kennis stel.
- (31) Indien die Hoof- Uitvoerende Beampte die aansoek bedoel in subregulasie (28) toestaan, moet die aansoeker die toepaslike fooi tesame met die boete bedoel in artikel 66(11) aan die Owerheid betaal.
- (32) 'n Aansoek om—
- (a) die voorwaardes te wysig of in te trek wat die Dranklisensieringstribunaal opgelê het toe hy in 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (1) voorwaardelik toegestaan het;
 - (b) enige voorwaarde of vereiste wat kragtens artikel 66(8)(b) bepaal is, in te trek of te wysig;
 - (c) die goedkeuring van 'n gewysigde plan soos na verwys in artikel 66(14), moet gedoen word deur 'n aansoek in die vorm van Vorm 27G in Aanhangsel 3 by die Owerheid en 'n afskrif daarvan by die aangewese drankbeampte na wie se regsgebied die lisensie verwyder staan te word, in te dien.
- (33) Die aansoek moet—
- (a) vergesel wees van bewys van betaling aan die Owerheid van die aansoekfooie uiteengesit in Item 17(a), (b) of (d) van Aanhangsel 1, na gelang van die geval;
 - (b) vergesel wees van skriftelike verhoë ter ondersteuning van die aansoek; en
 - (c) ten opsigte van 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (32)(c), ook vergesel wees van 'n afskrif van die gewysigde plan van die perseel.
- (34) Die aangewese drankbeampte na wie se regsgebied die lisensie verwyder staan te word, moet binne 14 dae nadat 'n aansoek ingevolge subregulasie (32)(a), (b) of (c), na gelang van

die geval, ingedien is 'n afskrif van sy of haar verslag ten opsigte van die aansoek op die aansoeker beteken en die verslag tesame met bewys dat die verslag op die aansoeker beteken is by die Owerheid indien.

(35) Die verslag deur die aangewese drankbeampte moet die volgende bevat:

- (a) 'n verklaring oor die uitwerking wat die voorgestelde wysiging of intrekking van die voorwaardes of intrekking of wysiging van die voorwaardes of vereistes moontlik op die publiek kan hê;
- (b) 'n verklaring oor die uitwerking wat die voorgestelde wysiging of intrekking van die voorwaardes of intrekking of wysiging van die voorwaardes of vereistes moontlik kan hê op instellings bedoel in artikel 34(1)(e)(ii) tot (v);
- (c) enige ander inligting, indien enige, wat na die mening van die aangewese drankbeampte in aanmerking geneem moet word by die oorweging van die aansoek; en
- (d) 'n aanbeveling dat die aansoek toegestaan of geweier word.

(36) Indien die aangewese drankbeampte versuim om sy of haar verslag ingevolge subregulasie (34) in te dien, kan die Hoof- Uitvoerende Beampte 'n afskrif van die aansoek aan 'n inspekteur stuur met 'n skriftelike opdrag om 'n verslag ten opsigte van die tersaaklike aansoek in te dien wat die inligting soos na verwys in subregulasie (35) bevat.

(37) 'n Inspekteur moet sy of haar verslag by die Owerheid indien en 'n afskrif daarvan na die aansoeker stuur binne die tydperk bepaal deur die Hoof- Uitvoerende Beampte ingevolge die opdrag soos na verwys in subregulasie (36).

(38) Die aansoeker moet sy, haar of die reaksie op 'n verslag deur die aangewese drankbeampte soos na verwys in subregulasie (34) of op 'n verslag deur 'n inspekteur soos na verwys in subregulasie (37) binne sewe dae nadat hy, sy of dit met 'n afskrif van enige van die verslae beteken is by die Owerheid indien.

(39) Die Dranklisensiëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, moet 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (32)(a), (b) of (c) binne 30 dae ná ontvangs van al die tersaaklike dokumente soos na verwys in subregulasies (32) tot (38) oorweeg.

(40) Die Owerheid moet binne sewe dae nadat die Dranklisensiëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, besluit het oor 'n aansoek ingedien ingevolge (32)(a), (b) of (c) die aansoeker en elke persoon wat 'n skriftelike beswaar of verdoë ten opsigte van die aansoek by die Owerheid ingedien het, skriftelik in die vorm van Vorm 27H in Aanhangsel 3 van die besluit in kennis stel.

(41) 'n Aansoek om die tydperk wat deur die Dranklisensiëringstribunaal bepaal is, te verleng ingevolge—

- (a) artikel 42(3);
- (b) artikel 66(8)(b);
- (c) artikel 66(5),

ten opsigte van 'n aansoek om verwydering vir 'n vasgestelde tydperk, moet in die vorm van Vorm 27G in Aanhangsel 3 by die Owerheid ingedien word.

(42) Die aansoek moet vergesel wees van—

- (a) bewys van betaling aan die Owerheid van die aansoekfooi uiteengesit in Item 17(c) van Aanhangsel 1; en
- (b) skriftelike verdoë ter ondersteuning van die aansoek wat die volgende uiteensit—
 - (i) die redes waarom daar nie binne die tydperk bepaal deur die Dranklisensiëringstribunaal aan die voorwaardes beoog in artikel 66(5)(c) of die voorwaardes en vereistes beoog in artikel 66(8)(b) voldoen is of voldoen kon word nie;
 - (ii) die mate waarin die aansoeker aan die voorwaardes of vereistes voldoen het;

- (iii) die stappe wat die aansoeker beoog om te doen om aan die voorwaardes of vereistes te voldoen; en
- (iv) die tyd wat die aansoeker reken nodig sal wees om die voorgestelde stappe af te handel.

(43) Die Voorsittende Beampte moet binne 30 dae ná ontvangs van al die tersaaklike dokumente soos na verwys in subregulasies (41) en (42) 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (41)(a) of (b) oorweeg.

(44) Die Owerheid moet binne sewe dae nadat die Voorsittende Beampte besluit het oor 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (41)(a) of (b), die aansoeker en elke persoon wat 'n skriftelike beswaar of verhoër ten opsigte van die aansoek by die Owerheid ingedien het, skriftelik in die vorm van Vorm 27H in Aanhangsel 3 van die besluit in kennis stel.

(45) Wanneer 'n aansoek ingevolge hierdie regulasie toegestaan word, moet die aansoeker, behalwe ten opsigte van 'n aansoek ingedien ingevolge subregulasie (28), die toepaslike fooi uiteengesit in Deel B van Aanhangsel 2 aan die Owerheid betaal.

Wysiging van regulasie 34 van die Regulasies

23. Regulasie 34 van die Regulasies word gewysig deur die volgende subregulasies by te voeg:

“(36) Bo en behalwe vir 'n appèl of aansoek om hersiening ingedien ten opsigte van 'n aansoek ingevolge regulasie 19(1)(a) of (b), indien—

(a) daar 'n vakature van 'n Appèltribunaal is; of

(b) ná ontvangs van die dokumente bedoel in subregulasie (9), die betrokke Appèltribunaal onbeskikbaar word om vir 'n tydperk wat na die mening van die Hoof- Uitvoerende Beampte die oorweging van die appèl of aansoek om hersiening onredelik sal vertraag,

moet die Hoof- Uitvoerende Beampte die Dranklisensiëringstribunaal, Voorsittende Beampte of Adjunk-Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, die appellant, elke belanghebbende party bedoel in subregulasie (5)(b)(i) en die oorblywende Appèltribunaal in kennis stel dat die appèl of aansoek om hersiening nie vatbaar is vir beregting nie om die redes wat in die kennisgewing gelys word.

(37) Die oorblywende Appèltribunaal moet binne twee dae ná ontvangs van die kennisgewing bedoel in subregulasie (36), die Hoof- Uitvoerende Beampte in kennis stel van die tyd wat hy of sy sal benodig om hom- of haarself te vergewis van die dokumente wat in subregulasie (9) gelys word en om in 'n posisie te wees om die oorweging van die appèl of aansoek om hersiening te hervat.

(38) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan die prosedures en toepaslike tydperke waarna in subregulasies (10) tot (35) verwys word slegs vir die duur van die tydperk vervat in die kennisgewing soos na verwys in subregulasie (37) opskort.

(39) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet binne twee dae ná ontvangs van die kennisgewing bedoel in subregulasie (37) die Dranklisensiëringstribunaal, Voorsittende Beampte of Adjunk-Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, die appellant en elke belanghebbende party beoog in subregulasie (5)(b)(i) en die oorblywende Appèltribunaal in kennis stel dat die prosedures en toepaslike tydperke waarna in subregulasies (10) tot (35) verwys word, opgeskort word en die tydperk waarvoor dit opgeskort word.

(40) Die prosedures en toepaslike tydperke hervat by die verstryking van die tydperk aangedui in die kennisgewing bedoel in subregulasie (39) en die oorblywende

Appèltribunaal moet die appèl of aansoek om hersiening oorweeg daarvoor besluit en in ooreenstemming met daardie prosedures en toepaslike tydperke.

(41) Waar die appèl of aansoek om hersiening ingedien is ten opsigte van ’n aansoek wat ingevolge regulasie 19(1)(a) of (b) gemaak is, en indien—

(a) daar ’n vakature van ’n Appèltribunaal is; of

(b) ná die ontvangs van die dokumente soos na verwys in subregulasie (9), die betrokke Appèltribunaal onbeskikbaar word,

moet die Hoof- Uitvoerende Beampte die oorblywende Appèltribunaal onmiddellik in kennis stel van die redes waarom die appèl of aansoek om hersiening nie vatbaar is vir beregting deur die tersaaklike Appèltribunaal nie en, tesame met die kennisgewing, al die dokumente wat in subregulasie (9) gelys is by die oorblywende Appèltribunaal indien om die appèl of aansoek om hersiening te oorweeg en daarvoor te besluit in ooreenstemming met die prosedures en toepaslike tydperke waarna in subregulasies (9) tot (35) verwys word.”.

Wysiging van regulasie 37 van die Regulasies

24. Regulasie 37 van die Regulasies word gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(2) ’n Lisensiehouer moet op ’n prominente plek op die gelisensieerde perseel die volgende vertoon—

- (a) die lisensie of, indien van toepassing, die verwyderingsertifikaat, oordragsertifikaat of verkorte lisensie in die vorm van Vorm 7A;
- (b) die bewys van betaling aan die Owerheid van die hernuwingsfooi vir die tersaaklike jaar of tweejaartydperk;
- (c) indien van toepassing, ’n afskrif van die voltooide Vorm 21B in Aanhangsel 3 waardeur die lisensiehouer aansoek gedoen het om op ’n tweejaarlikse hernuwingsiklus ingevolge artikel 63(1) in te teken;
- (d) indien van toepassing, ’n gewaarmerkte afskrif van elke tersaaklike Vorm 15; en
- (e) indien van toepassing, ’n gewaarmerkte afskrif van elke tersaaklike betrokke Vorm 15A.”.

Wysiging van Aanhangsel 1

25. Aanhangsel 1 tot die Regulasies word gewysig deur—

- (a) die byvoeging van die volgende nuwe item na item 9, en die bestaande item word item 9(a):

“

	(b) Aansoek om kondonering ingevolge artikel 64(4)	2 339
--	----------------------------------------------------	-------

”; en

- (b) die invoeging na item 12 van die volgend item:

“

13.	Onderrig en opleiding ingevolge artikels 45, 52(6) en 65(14)	550
-----	--------------------------------------------------------------	-----

”

Vervanging van Aanhangsel 3 by die Regulasies

26. Die volgende aanhangsel word deur Aanhangsel 3 by die Regulasies vervang:

“AANHANGSEL 3

Inhoudsopgawe van vorms

REGULASIE	VORM NR.	BESKRYWING
AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE RAAD EN DRANKLISENSIËRINGS-TRIBUNAAL		
2(3)	1	Benoemingsvorm vir aanstelling as lid van die Raad
6(6)	2	Benoemingsvorm vir aanstelling as lid of plaasvervangende lid van Dranklisensiëringstribunaal
AANSOEKPROSEDURE VIR NUWE LISENSIE		
9(3)	3	Aansoek om ’n lisensie ingevolge artikel 36
9 A(2)	3C	Weiering van indiening van aansoek ingevolge artikel 36(1A)(b)
9 A(3)	3D	Aanvaarding van indiening van aansoek ingevolge artikel 36(1C)(a)
9A(5) (a)	3E	Kennisgewing ingevolge regulasie 9A(6)(a)
9A(5)(b)	3F	Kennisgewing ingevolge regulasie 36(1C)(e)
10(2)	3B	Kennisgewing van indiening van aansoek om dranklisensie

REGULASIE	VORM NR.	BESKRYWING
KENNISGEWINGS EN DAGVAARDINGS		
16(1)	4A	Kennisgewing om teenwoordig te wees by 'n vergadering van die Dranklisensiëringstribunaal ingevolge artikel 23(2)
16(1)	4B	Dagvaarding ingevolge artikel 23(5)
VOORWAARDELIKE TOESTAAN VAN LISENSIES		
17(2)	5A	Kennisgewing van voorwaardelike toestaan van lisensie ingevolge regulasie 17(2)
17(8) en (18)	5B	Aansoek— A – Ingevolge artikel 42(4) vir die wysiging of intrekking van die voorwaardes opgelê ingevolge artikel 42(1) B – Ingevolge artikel 42(5)(b) vir die wysiging van die plan van die perseel; of C – Ingevolge artikel 42(5)(a) vir die verlenging van die tydperk
17(17) en (22)	5C	Kennisgewing van besluit ingevolge regulasie 17(17) of (22)
17(28)	5D	Kennisgewing van intrekking ingevolge artikel 42(4A) van lisensie wat voorwaardelik toegestaan is
17(25)	5E	Kennisgewing ingevolge regulasie 17(25)
UITREIKING VAN LISENSIE		
18(2)	6A	Kennisgewing van toestaan van lisensie
17(4)	6B	Kennisgewing ingevolge regulasie 17(4) dat daar voldoen is aan die voorwaardes vir die voorwaardelike toestaan van die lisensie
18(3A)	6C	Aansoek om kondonering van die versuim om voorgeskrewe fooi te betaal ingevolge artikel 46(6)

REGULASIE	VORM NR.	BESKRYWING
17(6) en 18(4)	7	Dranklisensie
	7A	Verkorte dranklisensie
AANSOEK OM TYDELIKE DRANKLISENSIE OF GELEENTHEIDSDRANKLISENSIE		
19(2) (a) (ii)	8	Aansoek om 'n tydelike dranklisensie ingevolge artikel 48(1)
19(2) (b) (ii)	9	Aansoek om 'n geleentheidsdranklisensie ingevolge artikel 48(4)
19(18) (b)	10	Tydelike dranklisensie
19(18) (b)	11	Geleentheidsdranklisensie
19(14)	12A	Aansoek om kondonering van die laat indiening van 'n aansoek om 'n tydelike dranklisensie of 'n geleentheidsdranklisensie ingevolge artikel 48(10)
19(19)	12B	Kennisgewing ingevolge regulasie 19(19)
AANSOEK OM OORDRAG VAN FINANSIËLE BELANG IN GELISENSIEERDE BESIGHEID OF VERHURING VAN GELISENSIEERDE BESIGHEID		
21(1)	13	Aansoek om 'n finansiële belang in die gelisensieerde besigheid oor te dra ingevolge artikel 51(1)
21 A(1)	14	Aansoek om 'n perseel aan 'n ander persoon te verhuur, 'n ander persoon toe te laat om besigheid ingevolge die lisensie te bedryf of 'n ander persoon toe te laat om die gelisensieerde perseel te gebruik ingevolge artikel 51A(1)
BENOEMING VAN BESTUURDER		
22(1)	15	Kennisgewing van die aanstelling van 'n bestuurder ingevolge artikel 52

REGULASIE	VORM NR.	BESKRYWING
22(2)	15A	Sertifikaat in Dranklisensieopleiding
VERANDERING VAN GELISENSIEERDE BESIGHEID OF AARD VAN BESIGHEID		
23(1)	16	A – Aansoek om toestemming om strukturele veranderings, aanbouings of verbouings van of aan die gelisensieerde perseel ingevolge artikel 53(1)(a) uit te voer B – Aansoek om toestemming om uitbreiding van of na die gelisensieerde perseel uit te voer ingevolge artikel 53(1A)(a)
23(2)	17	Aansoek om toestemming om die aard van die gelisensieerde besigheid wesenlik te verander ingevolge artikel 53(1A)(b)
23(3)	18	Aansoek om toestemming om 'n besigheid onder 'n lisensie te bedryf op 'n perseel waarop enige ander besigheid bedryf word, insluitend 'n besigheid waarop enige ander lisensie betrekking het, of enige ander handel gedryf of beroep beoefen word ingevolge artikel 53(1)(c)
HANDELSURE		
26(1)	19	Aansoek om die verlenging van handelsure ingevolge artikel 59(4)
27	19A	Hoeveelheid drank verkoop en hou van rekords ingevolge artikel 60(1)

REGULASIE	VORM NR.	BESKRYWING
ABANDONNERING VAN LISENSIE		
29	20	Kennisgewing van abandonnering van lisensie
OUTOMATIESE HERNUWING VAN LISENSIE EN KONDONERING VAN DIE VERSUIM OM HERNUWINGSFOOI TEEN BETAALDATUM TE BETAAL		
30(1)	21A	Jaarlikse of tweejaarlikse hernuwingskennisgewing
30(3)	21B	Tweejaarlikse hernuwingskennisgewing: Kennisgewing van intekening op tweejaarlikse hernuwingsiklus
AANSOEK OM HERNUWING VAN LISENSIE		
31(1)	22	Aansoek om hernuwing van lisensie ingevolge artikel 64(1)
31(4)	23	Aansoek om kondonering van die versuim om vir die hernuwing van 'n lisensie aansoek te doen ingevolge artikel 64(4)
OORDRAG VAN LISENSIE		
32(2) (a)	24	Aansoek om oordrag van lisensie ingevolge artikel 65(1)
32(10)	24A	Kennisgewing van toestaan of weiering van oordrag van lisensie
32(11)	24B	Kennisgewing van voorwaardelike toestaan van oordrag van lisensie ingevolge regulasie 32(11)
32(14)	24C	Kennisgewing dat daar voldoen is aan die voorwaardes van die voorwaardelike toestaan van oordrag van die lisensie ingevolge regulasie 32(14)
32(17)	24D	Aansoek om kondonering van versuim om voorgeskrewe fooi te betaal ingevolge artikel 65(19)

REGULASIE	VORM NR.	BESKRYWING
32(35) en (46)	24E	Aansoek— A – Ingevolge artikel 65(12B) om voorwaardes opgelê ingevolge artikel 64(12) te wysig of in te trek; of B – Ingevolge artikel 65(12C) om die tydperk bepaal ingevolge artikel 65(12A) te verleng
32(45) en (49)	24F	Kennisgewing van besluit ingevolge regulasie 32(45) of (49)
32(12) en (16)	25	Sertifikaat van oordrag van dranklisensie ingevolge artikel 65(17)
32(21)	26	Aansoek om toestemming om gelisensieerde besigheid te bedryf hangende die oordrag van die lisensie ingevolge artikel 65(3)
32(31)	26A	Aansoek ingevolge artikel 65(6) om die tydperk van toestemming verleen ingevolge artikel 65(5) te verleng
32(34)	26B	Toestemming vir die verlenging van die tydperk verleen ingevolge artikel 65(5)
AANSOEK OM VERWYDERING VAN LISENSIE		
33(7)	27	Aansoek om die verwydering van 'n lisensie ingevolge artikel 66(2)
33(2) (a)	27A	Kennisgewing van indiening van aansoek om verwydering van dranklisensie ingevolge artikel 66(2)
33(2) (b)	27B	Kennisgewing van indiening van aansoek om verwydering van dranklisensie
33(21)	27C	Kennisgewing van toestaan of weiering van verwydering van lisensie

REGULASIE	VORM NR.	BESKRYWING
33(22)	27D	Kennisgewing van voorwaardelike toestaan van verwydering van lisensie ingevolge regulasie 33(22)
33(25)	27E	Kennisgewing dat daar volgoen is aan die voorwaardes van voorwaardelike toestaan ingevolge regulasie 33(25).
33(28)	27F	Aansoek om kondonering van die versuim om voorgeskrewe fooi te betaal ingevolge artikel 66(11)
33(32) en (41)	27G	Aansoek— A – Ingevolge artikel 66(5)(c) saamgelees met artikel 42 vir die wysiging of intrekking van voorwaardes; B – Ingevolge artikel 66(8)(b) saamgelees met artikel 44 om enige voorwaarde of vereiste in te trek of te wysig; C – Ingevolge artikel 66(5)(c) saamgelees met artikel 42(5) om die goedkeuring van 'n gewysigde plan; of D – Om die tydperk te verleng wat die Dranklisensiërings-tribunaal ingevolge artikels 42(3), 66(5) en 66(8)(b) bepaal het ten opsigte van 'n verwydering vir 'n vasgestelde tydperk
33(40) en (44)	27H	Kennisgewing van besluit ingevolge regulasie 33(39) of (44)
33(23) en (27)	28	Sertifikaat van verwydering van lisensie ingevolge artikel 66
APPËLLE EN HERSIENINGS		
34(6)	29	Kennisgewing van appèl of aansoek om hersiening ingevolge artikel 68(3)
VOLDOENING		
35(1)	30	Kennisgewing van voldoening ingevolge artikel 69(1)
35(3)	31	Sertifikaat van voldoening ingevolge artikel 69(6)

REGULASIE	VORM NR.	BESKRYWING
ADMINISTRATIEWE KENNISGEWING		
37 A(1)	32	Kennisgewing ingevolge regulasie 37A(1)
VRYSTELLINGS		
36(1)	33	Aansoek om vrystelling ingevolge artikel 84(2)

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (4 VAN 2008)

VORM 1**BENOEMINGSVORM VIR AANSTELLING AS LID VAN DIE RAAD**

[Reg. 2(3)]

DEEL A: VIR VOLTOOIING DEUR DIE PERSOON WAT DIE BENOEMING DOEN**1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE**

1.1 Volle naam: _____

1.2 Identiteitsnommer: _____

1.3 Geboortedatum: _____ / _____ / _____

1.4 Woonadres: _____

Poskode: _____

1.5 Posadres: _____

Poskode: _____

1.6 Telefoonnommers:

Kantoor: _____

Selfoon: _____

Huis of ander: _____

1.7 Faksnommer: _____

E-posadres: _____

2. VERHOUDING MET BENOEMDE

Benoemer moet die aard van die verhouding (eggenoot, familielid, vennoot of sakevennoot) tussen hom- of haarself en die benoemde aandui:

3. REDES VIR DIE BENOEMING VAN DIE BENOEMDE

Benoemer moet die redes aandui waarom die benoemde as lid van die Raad aangestel moet word:

GETEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____

20 _____

Handtekening van persoon wat die benoeming doen

DEEL B: VIR VOLTOOIING DEUR DIE BENOEMDE

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

1.1 Volle naam: _____

1.2 Identiteitsnommer: _____

1.3 Geboortedatum: _____ / _____ / _____

1.4 Woonadres: _____

 Poskode: _____

1.5 Posadres: _____

 Poskode: _____

1.6 Telefoonnommers:

Kantoor: _____

Selfoon: _____

Huis of ander: _____

1.7 Faksnommer: _____

1.8 E-posadres: _____

2. KWALIFISERING VAN BENOEMDE

2.1(a)	Is u 'n burger van die Republiek van Suid-Afrika en permanent woonagtig in die Provinsie?	Ja	Nee
(b)	Is u jonger as vyf-en-twintig (25) jaar oud?	Ja	Nee
(c)	Is u in die voorafgaande tien (10) jaar skuldig bevind aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of enige soortgelyke wet?	Ja	Nee
(d)	Is u in die voorafgaande tien (10) jaar, hetsy in die Republiek of elders, skuldig bevind aan diefstal, bedrog, vervalsing, die produsering van 'n vervalste dokument, meened of enige misdryf kragtens die Korrupsiewet, 1992 (Wet 94 van 1992), of die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Korrupte Aktiwiteite, 2004 (Wet 12 van 2004), of enige oortreding waarvan oneerlikheid 'n element is?	Ja	Nee
(e)	Is u 'n ongerehabiliteerde insolvent of onderhewig aan enige handelingsonbevoegdheid?	Ja	Nee
(f)	Is u in die voorafgaande tien (10) jaar uit enige amp van vertroue verwyder weens wangedrag of oneerlikheid?	Ja	Nee
(g)	Is u 'n politieke ampsdraer?	Ja	Nee
(h)	Het u, hetsy persoonlik of deur u gade, familielid, vennoot of besigheidsdeelgenoot—	Ja	Nee
	(i) regstreekse of onregstreekse finansiële belang in enige drankbesigheid of -onderneming?; of		
	(ii) enige belang in enige besigheid of onderneming wat in stryd kan wees of kan inmeng met die behoorlike uitvoering van u pligte as 'n lid van die Raad ten opsigte van enige lisensie kragtens hierdie Wet uitgereik?	Ja	Nee
<p><i>Neem asseblief kennis: Vir die doeleindes van subparagraaf (h), sluit 'n onregstreekse finansiële belang nie 'n onregstreekse belang in wat deur enige fonds of belegging gehou word nie indien die persoon wat sodanige belang hou geen beheer het oor die beleggingsbesluite wat ten opsigte van daardie fonds of belegging geneem word nie.</i></p>			

2.2 Indien enige van die vrae in paragraaf 2.1(b) tot (h) "ja" is, verskaf asseblief volledige besonderhede:

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig.)

2.3 Indien u vir aanstelling ingevolge artikel 3(1)(a) van die Wet benoem:

Beskik u oor toepaslike kennis of ondervinding van stelsels en prosesse om behoorlike integriteit en openheid in die bedryf van die besigheid van die Owerheid as 'n organisasie te verseker? **JA / NEE**

Indien ja, dui asseblief u kennis of ervaring aan:

2.4 Indien u vir aanstelling ingevolge artikel 3(1)(b) van die Wet benoem is:

Beskik u oor toepaslike kennis of ondervinding van die bestryding van die negatiewe maatskaplike gevolge van die misbruik van drank? **JA / NEE**

Indien ja, dui asseblief u kennis of ervaring aan:

3. AKADEEMIESE KWALIFIKASIES

Verskaf asseblief volledige besonderhede van al u akademiese kwalifikasies, met inbegrip van kortkursusse, indien enige:

4. GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

Verskaf asseblief besonderhede van u gemeenskapsbetrokkenheid.

5. MOTIVERING TER ONDERSTEUNING VAN DIE AANSTELLING

Verskaf asseblief 'n omvattende motivering waarom u glo dat u as lid van die Raad aangestel moet word:

ONDERTEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____

20 _____

Handtekening van benoemde

'n Persoon wat, met betrekking tot 'n aansoek, beswaar of verhoë ingevolge die Wes-Kaapse Drankwet, 2008, inligting indien of verskaf wat hy of sy weet vals of misleidend is, of wat hy of sy nie weet waar is nie, of 'n vervalste dokument indien of een wat voorgee om 'n ware afskrif van die oorspronklike te wees, maar nie is nie, is skuldig aan 'n misdryf ingevolge artikel 77(a) van die Wet.

'n Persoon wat aldus skuldig bevind word, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000,00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met beide sodanige boete en so 'n tydperk van gevangenisstraf.

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 2

BENOEMINGSVORM VIR AANSTELLING AS LID OF PLAASVERVANGENDE LID
VAN DRANKLISENSIËRINGSTRIBUNAAL

[Reg. 6(6)]

DEEL A: VIR VOLTOOIING DEUR PERSOON WAT DIE BENOEMING DOEN

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

1.1 Volle naam: _____

1.2 Identiteitsnommer: _____

1.3 Geboortedatum: _____ / _____ / _____

1.4 Woonadres: _____

Poskode: _____

1.5 Posadres: _____

Poskode: _____

1.6 Telefoonnommers:

Kantoor: _____

Selfoon: _____

Huis of ander: _____

1.7 Faksnommer: _____

1.8 E-posadres: _____

2. VERWANTSKAP AAN BENOEMDE

Benoemer moet die aard van die verwantskap (eggenoot, familielid, vennoot of besigheidsdeelnoot) tussen hom of haar en die benoemde aandui:

3. REDES VIR DIE BENOEMING VAN DIE BENOEMDE

Benoemer moet redes aandui waarom die benoemde as lid of plaasvervangende lid van die Dranklisensiëringstribunaal aangestel moet word:

ONDERTEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____

20 _____

Handtekening van persoon wat die benoeming doen

DEEL B: VIR VOLTOOIING DEUR DIE BENOEMDE

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

1.1 Volle naam: _____

1.2 Identiteitsnommer: _____

1.3 Geboortedatum: _____ / _____ / _____

1.4 Woonadres: _____

Poskode: _____

1.5 Posadres: _____

Poskode: _____

1.6 Telefoonnommers:

Kantoor: _____

Selfoon: _____

Huis of ander: _____

1.7 Faksnommer: _____

1.8 E-posadres: _____

2. KWALIFISERING VAN BENOEMDE

2.1(a)	Is u in die voorafgaande tien (10) jaar aan 'n misdryf skuldig bevind aan 'n misdryf en gevonnisd tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete?	Ja	Nee
(b)	Is u in die voorafgaande tien (10) jaar skuldig bevind aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, die Drankwet, 2003 (Wet 59 van 2003), die Drankwet, 1989 (Wet 27 van 1989), of enige soortgelyke wet?	Ja	Nee
(c)	Is u 'n ongerehabiliteerde insolvent of iemand wat onderworpe is aan enige handelingsonbevoegdheid?	Ja	Nee
(d)	Is u jonger as vyf-en-twintig (25) jaar oud?	Ja	Nee
(e)	Het u enige regstreekse belang in die drankhandel?	Ja	Nee
(f)	Is u 'n familielid, vennoot of besigheidsdeelnoot van 'n persoon met 'n regstreekse belang in die drankhandel?	Ja	Nee
(g)	Is u ingevolge artikel 35 van die Wet gediskwalifiseer om 'n dranklisensie te hou?	Ja	Nee
(h)	Woon u tans in die provinsie?	Ja	Nee

- 2.2 Indien die antwoord enige van die vrae in paragraaf 2.1 (a) tot (g) "ja" is, verskaf volledige besonderhede.

(Heg 'n afsonderlike aanhangsel aan indien nodig.)

3. AKADEMIESE KWALIFIKASIES

Verskaf asseblief volledige besonderhede van al u akademiese kwalifikasies, met inbegrip van kortkursusse, indien enige:

4. MOTIVERING TER ONDERSTEUNING VAN AANSTELLING

Verskaf asseblief 'n omvattende motivering oor waarom u glo dat u as 'n lid of plaasvervangende lid van die Dranklisensieringstribunaal aangestel moet word.

ONDERTEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____

20 _____

Handtekening van benoemde

'n Persoon wat, met betrekking tot 'n aansoek, beswaar of vertoë ingevolge die Wes-Kaapse Drankwet, 2008, inligting indien of verskaf wat hy of sy weet vals of misleidend is, of wat hy of sy nie weet waar is nie, of 'n vervalste dokument indien of een wat voorgee om 'n ware afskrif van die oorspronklike te wees, maar nie is nie, is skuldig aan 'n misdryf ingevolge artikel 77(a) van die Wet.

'n Persoon wat aldus skuldig bevind word, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000,00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met beide sodanige boete en so 'n tydperk van gevangenisstraf.

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 3**AANSOEK OM 'N LISENSIE INGEVOLGE ARTIKEL 36**

[Reg. 9(3)]

OORSPRONKLIKE WEERGAWE MOET BY OWERHEID INGEDIEN WORD

Datumstempel van Owerheid by ontvangs van aansoek

INHOUD

Beskrywing van dokumente wat aangeheg moet word	Aanhangsel
Omvattende vloerplan van die voorgestelde gelisensieerde perseel	A
Terreinplan	B
Lugbeeldkaart	C
Beskrywing van die perseel	D
Geïndekseerde kleurfoto's	E
Skriftelike verstoë ter ondersteuning van die aansoek	F
Beëdigde verklaring deur die aansoeker dat hy of sy nie ingevolge artikel 35 gediskwalifiseer is om 'n dranklisensie te hou nie	G
Bewys van reg om die voorgestelde gelisensieerde perseel te okkupeer	H
Bewys van eienaarskap van die voorgestelde gelisensieerde perseel of, indien die aansoeker nie die eenaar is nie, skriftelike toestemming van die eenaar van die voorgestelde gelisensieerde perseel dat die aansoeker die voorgestelde gelisensieerde perseel mag gebruik vir die doeleindes van die lisensie waarvoor aansoek gedoen word	I

Beskrywing van dokumente wat aangeheg moet word	Aanhangsel
'n Gewaarmerkte afskrif van die identiteitskaart of -dokument, of die paspoort en visum of permanente verblyfpermit van die aansoeker indien die aansoeker 'n buitelander is, of, in die geval van 'n aansoeker wat nie 'n natuurlike persoon is nie, afskrifte van die tersaaklike registrasiedokumente wat die identiteit aandui en, waar van toepassing, die finansiële belange van alle lede, direkteure, vennote, begunstigdes of trustees	J
Bewys van betaling van die toepaslike aansoekfooi	K
'n Soneringsertifikaat of 'n afskrif van 'n beplanningsaansoek wat ingevolge toepaslike beplanningswetgewing by die betrokke munisipaliteit ingedien word	L
Ander dokumente wat in die Wet vereis word of deur die Owerheid vereis word	M
Kennisgewing van aanstelling van 'n bestuurder of bestuurders ooreenkomstig regulasie 22, indien van toepassing	N
Vertoë oor waarom die toestaan van die aansoek in die openbare belang is	O
Sertifikaat van Dranklisensieopleiding	P

Naam, handtekening en kontakbesonderhede van persoon wat hierdie aansoek voorberei het:

Naam: _____

Handtekening : _____

Posadres: _____

Poskode: _____

Fisiese adres: _____

Poskode: _____

Telefoonnommers:

Kantoor: _____

Selfoon: _____

Huis of ander: _____

Faksnommer: _____

E-posadres: _____

1. BESONDERHEDE VAN AANSOEKER

1.1 Volle naam: _____

1.2 Identiteitsnommer: _____

(Indien aansoeker 'n natuurlike persoon is)

Registrasienommer : _____

(Indien aansoeker nie 'n natuurlike persoon is nie)

1.3 Geboortedatum : _____ / _____ / _____

(Indien aansoeker 'n natuurlike persoon is)

1.4 Woonadres: _____

Poskode: _____

1.5 Posadres: _____

Poskode _____

1.6 Adres vir betekening van alle kennisgewings en dokumente: _____

Poskode: _____

1.7 Adres vir betekening van alle kennisgewings en dokumente nadat aansoek bepaal is:

Poskode: _____

1.8 Kontakbesonderhede van aansoeker of, indien die aansoeker nie 'n natuurlike persoon is nie, van kontakpersoon:

Telefoonnommers:

Kantoor: _____

Selfoon: _____

Huis of ander: _____

1.9 Faksnommer : _____

1.10 E-posadres: _____

2. KWALIFISERING VAN AANSOEKER

2.1	Is die aansoeker iemand wat—	Merk "ja" of "nee"	
(a)	binne die vyf (5) jaar voor die indiening van hierdie aansoek gevonnissen is tot gevangenisstraf sonder die keuse van die betaling van 'n boete?	Ja	Nee
(b)	binne die vyf (5) jaar voor die indiening van die aansoek onbevoeg verklaar is om 'n registrasie deur die Nasionale Drankowerheid of 'n lisensie deur enige provinsiale drankowerheid te hou?	Ja	Nee
(c)	'n ongerehabiliteerde insolvent is?	Ja	Nee
(d)	minderjarig is?	Ja	Nee
(e)	die houër was van 'n lisensie wat binne 'n tydperk van twaalf (12) maande voor die indiening van hierdie aansoek ingetrek is ingevolge die bepalings van hierdie Wet of gekanselleer is ingevolge 'n wet wat dranklisensies in enige ander provinsie reguleer?	Ja	Nee
(f)	'n gade of lewensmaat van 'n persoon in (a), (b) of (e) hierbo beskryf is?	Ja	Nee
(g)	enigiemand wat geestesongesteld is soos omskryf in die Mental Health Care Act, 2002 ("Wet op Geestesgesondheidsorg") (Wet 17 van 2002)?	Ja	Nee
2.2	In die geval van 'n aansoeker wat nie 'n natuurlike persoon is nie: Is enige lid, direkteur, vennoot, begunstigde of trustee van die aansoeker 'n persoon wat in paragraaf 2.1(a), (b), (c), (d) of (e) beskryf word?	Ja	Nee

2.3 Indien die antwoord enige van die vrae in paragraaf 2.1 of 2.2 "ja" is, verskaf volledige besonderhede: _____

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig.)

3. FINANSIËLE BELANG

3.1 Verskaf die naam, identiteitsnommer en adres van elke persoon, met inbegrip van die aansoeker, wat enige finansiële belang in die besigheid het en vermeld in elke geval die aard en omvang van sodanige belang:

[Indien die aansoeker 'n openbare maatskappy, statutêre instelling of koöperasie is soos beoog in die Wet op Koöperasies, 2005 (Wet 14 van 1981), is dit voldoende as slegs die naam en posadres van sodanige maatskappy, statutêre instelling of koöperasie, na gelang van die geval, die naam van elke direkteur (indien enige) daarvan en die aard en omvang van die finansiële belang van sodanige maatskappy, statutêre instelling of koöperasie verstrek word en nie ook die belange van individuele lede van sodanige maatskappy, statutêre instelling of koöperasie nie.]

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig.)

3.2	Indien die aansoeker 'n maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of trust is, meld of 'n persoon beoog in paragraaf 3.1 hierbo —	Merk "ja" of "nee"	
(a)	'n beherende belang in die maatskappy, beslote korporasie of trust het?	Ja	Nee
(b)	'n vennoot in die vennootskap is?	Ja	Nee
(c)	die hoofbegunstigde onder die trust is?	Ja	Nee

3.3 Indien die antwoord op enige van die vrae in paragraaf 3.2(a), (b) of (c) "ja" is, verskaf volledige besonderhede:

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig.)

4. BESONDERHEDE VAN AANSOEK

4.1 Verskaf die kategorie lisensie waarvoor aansoek gedoen word: _____

4.2 Verskaf die soort(e) drank wat die aansoeker beoog om onder die lisensie te verkoop of te vervaardig:

4.3 Onder watter naam sal die besigheid bedryf word? _____

4.4 Adres van die perseel wat gelisensieer moet word, met verwysing na die nommer van die erf, straat/strate, woonstel(le), winkel(s) of plaas, na gelang van die geval, waar die besigheid bedryf sal word:

4.5 Besit die aansoeker die voorgestelde gelisensieerde perseel? **JA / NEE**

Indien nee, gee besonderhede van die eienaar en die aansoeker se reg op okkupasie:

Eienaar se naam: _____

Eienaar se adres: _____

Aansoeker se reg van okkupasie: _____

Tydsduur van reg op okkupasie: _____

4.6	Word die aansoek gedoen ten opsigte van persele wat—	Merk "ja" of "nee"	
(a)	nog nie opgerig is nie?	Ja	Nee
(b)	reeds opgerig is, maar aanbouings of veranderings nodig het om dit geskik te maak vir die doeleindes van die voorgestelde besigheid?	Ja	Nee
(c)	reeds opgerig is en, volgens die aansoeker se mening nie aanbouings of veranderings nodig het om dit geskik te maak vir die doeleindes van die voorgestelde besigheid nie?	Ja	Nee

4.7 Indien die antwoord op enige van die vrae in paragraaf 4.6 (a) of (b) "ja" is, verskaf asseblief—

(a) die datum wanneer sodanige oprigting, aanbouing of veranderings sal begin:

_____ / _____ / 20____; en

(b) die tydperk wat nodig sal wees vir die oprigting, aanbouings of veranderings:

4.8 Handelsure verlang waartydens daar voorgeneem word om drank op die gelisensieerde perseel te verkoop of verbruik:

4.9 Indien die aansoek toegestaan word, dui aan of die lisensie outomaties op 'n **jaarlikse** of **tweejaarlikse** basis hernu sal word. (*Merk wat van toepassing is.*)

4.10 Werkseleenthede wat geskep sal word:

(a) Hoeveel persone sal in diens van die besigheid wees?

(b) Hoeveel persone sal as bestuurders in diens geneem word?

(c) Hoeveel persone sal spesifiek vir die verkoop van drank in diens geneem word?

5. BESONDERHEDE VAN AANSOEKER INDIEN AANSOEKER NIE 'N NATUURLIKE PERSOON IS NIE

(Moet ingevul word indien aansoeker 'n maatskappy, beslote korporasie, trust of vennootskap is.)

5.1 Geregistreeerde naam: _____

5.2 Registrasienommer: _____

5.3 Datum van registrasie: _____

(Heg bewys van registrasie in 'n aanhangsel aan.)

5.4 Besonderhede van lede, direkteure, vennote of trustees:

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig .)

(Eerste persoon)

Volle naam: _____

Fisiese adres: _____

Poskode: _____

Posadres: _____

Poskode: _____

Identiteitsnommer: _____

(Tweede persoon)

Volle naam: _____

Fisiese adres: _____

Poskode: _____

Posadres: _____

Poskode: _____

Identiteitsnommer: _____

6. ANDER LISENSIES

- 6.1 Gee volledige besonderhede van enige bestaande dranklisensie op die eiendom waar die voorgestelde perseel geleë is:

Lisensiehouer : _____

Soort lisensie: _____

Owerheidsverwysingsnommer: _____

(Die ligging van sodanige ander gelisensieerde perseel in verhouding tot die voorgestelde perseel moet op 'n terreinplan aangedui word.)

- 6.2 Verskaf volledige besonderhede van alle dranklisensies wat deur die aansoeker in die Provinsie Wes-Kaap gehou word, asook volledige besonderhede van enige registrasie wat by die Nasionale Drankowerheid gehou word kragtens die Drankwet, 2003 (Wet 59 van 2003):

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig.)

Datum

**Handtekening van aansoeker of persoon
 deur aansoeker gemagtig**

Naam in drukskrif

'n Persoon wat, met betrekking tot 'n aansoek, beswaar of verhoë ingevolge die Wes-Kaapse Drankwet, 2008, inligting indien of verskaf wat hy of sy weet vals of misleidend is, of wat hy of sy nie weet waar is nie, of 'n vervalste dokument indien of een wat voorgee om 'n ware afskrif van die oorspronklike te wees, maar nie is nie, is skuldig aan 'n misdryf ingevolge artikel 77(a) van die Wet.

'n Persoon wat aldus skuldig bevind word, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000,00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met beide sodanige boete en so 'n tydperk van gevangenisstraf.

WES-KAAPSE DRANKWET 4 VAN 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 3A**KENNISGEWING VAN AANSOEKE OM DRANKLISENSIES INGEVOLGE ARTIKEL
37(1) VAN DIE WES-KAAPSE DRANKWET, 2008**[Reg. 10(1)]

Hiermee word kennis gegee dat die volgende aansoeke om dranklisensies deur die Owerheid ingedien word en deur die aangewese drankbeamptes by die aangewese kantore van die Suid-Afrikaanse Polisie ingedien is.

Die betrokke aansoek kan tot en met die ag-en-twintigste (28ste) dag vanaf die datum van die publikasie van die aansoek op versoek en gratis deur enige persoon by die kantore van die Owerheid of die aangewese drankbeampte hieronder gelys besigtig word. 'n Afskrif van 'n aansoek kan ná betaling van die voorgeskrewe fooi by die Owerheid verkry word.

Besware en verdoë moet ingevolge artikel 39 van die Wet skriftelik deur die Owerheid en die aangewese drankbeampte ingedien word.

WESTERN CAPE LIQUOR ACT, 2008 (ACT 4 OF 2008)

FORM 3A**NOTICE OF APPLICATIONS FOR LIQUOR LICENCES IN TERMS OF SECTION 37(1)
OF THE WESTERN CAPE LIQUOR ACT, 2008**[Reg. 10(1)]

Notice is hereby given that the following applications for liquor licences have been lodged with the Authority and with the designated liquor officers at the indicated South African Police Service offices.

The applications concerned may, up to and including the 28th day from the date of publication of the application, upon request and free of charge, be inspected by any person, at the offices of the Authority or the designated liquor officer listed hereunder. Copies of an application can be obtained from the Authority after payment of the prescribed fee.

Objections and representations must be lodged in writing with the Authority and the designated liquor officer in accordance with section 39 of the Act.

UMTHETHO WOTYWALA WENTSHONA KOLONI, 2008 (UMTHETHO 4 KA-2008)

IFOMU 3A

ISAZISO SOKUFAKWA KWESICELO SEPHEPHA MVUME NGOKWECANDELO 37(1)
LOMTHETHO WOTYWALA WENTSHONA KOLONI KA-2008

[Reg. 10(1)]

Isaziso siyanikezelwa ukuba ezi zicelo zilandelayo zamaphepha mvume otywala zifakiwe kwabasemaGunyeni ezoTywala eNtshona Koloni (abasemaGunyeni) nakumagosa ajongene nemiba engotywala kwii-ofisi-ofisi-ofisi-zemazneizo eZeisali-Afrika

Izicelo ekubhekiselelwa kuzo zingakwazi kwiintsuku ezingamashumi amabini anesibhozo (28) ukususela ngomhla wokupapashwa kwesi sicelo, xa eceliwe kwaye simahla, ziye kuhlolwa nguye nawuphi umntu okema-guny umntu okwielijeego likopi zesicelo zingafumaneka kwabasemaGunyeni emva kwentlawulo emiselweyo.

Uchaso neengxelo ezixhasayo ezibhaliweyo zingafakwa kwabasemaGunyeni nakwigosa elijongene nemiba engotywala ngokwecandelo 39 loMthetho.

Geen.	Full name of applicant Volle naam van aansoeker Igama elipheleleyo lomfaki-sicelo	Name under which business will be conducted Naam waaronder besigheid bedryf sal word Igama ishishini eza kushishina phantsi kwalo	Address of the proposed premises Adres van die voorgestelde perseel Idilesi yesakhiwo	Kind of licence applied for Soort lisensie waarvoor aansoek gedoen word Uhlobo lwephepha mvume olucelayo	South African Police Services designated liquor officer office where the application has been lodged Suid-Afrikaanse Polisiediens-kantoor van die aangewese drankbeampte waar die aansoek ingedien is i-Ofisi yeGosa elijongene nemiba engotywala yeeNkonzo zamaPolisa eMzantsi Afrika apho isicelo sifakwe khona

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 3B**KENNISGEWING VAN INDIENING VAN AANSOEK OM DRANKLISENSIE**

[Reg. 10(2)]

Kennis word hiermee gegee dat 'n aansoek vir 'n dranklisensie, waarvan besonderhede hieronder verskyn, by die Owerheid ingedien en deur die Owerheid aanvaar is.

Die betrokke aansoek kan tot en met die ag-en-twintigste (28ste) dag vanaf die datum van publikasie van die aansoek op versoek en gratis deur enige persoon by die kantore van die Owerheid en die aangewese drankbeampte geïnspekteer word. Afskrifte van die aansoek kan by die Owerheid verkry word ná betaling van die voorgeskrewe fooi.

Ingevolge artikel 39 kan u besware of verhoë vir of teen die bogenoemde aansoek indien. Indien u dit wil doen, moet die besware of verhoë skriftelik by die Owerheid en die kantoor van die aangewese drankbeampte ingedien word.

Datum van kennisgewing: _____

(Hierdie datum moet ooreenstem met die datum van indiening van die aansoek.)

Volle naam van aansoeker: _____

Identiteitsnommer of registrasienommer van aansoeker: _____

Straatadres van aansoeker: _____

Posadres van aansoeker: _____

Poskode: _____

Soort lisensie waarvoor aansoek gedoen word: _____

Soort(e) drank wat mikrovervaardig en/of verkoop sal word:

Naam waaronder besigheid bedryf sal word: _____

Adres van die perseel wat gelisensieer moet word, met verwysing na die nommer van die erf, straat/strate, woonstel(le), winkel(s) of plaas waar die besigheid bedryf sal word, na gelang van die geval:

Naam en handtekening van persoon wat hierdie aansoek voorberei het:

Naam: _____

Handtekening: _____

Posadres: _____

Fisiese adres: _____

Telefoonnommers:

Kantoor: _____

Selfoon: _____

Faksnommer: _____

E-posadres: _____

'n Persoon wat, met betrekking tot 'n aansoek, beswaar of verhoë ingevolge die Wes-Kaapse Drankwet, 2008, inligting indien of verskaf wat hy of sy weet vals of misleidend is, of wat hy of sy nie weet waar is nie, of 'n vervalste dokument indien of een wat voorgee om 'n ware afskrif van die oorspronklike te wees, maar nie is nie, is skuldig aan 'n misdryf ingevolge artikel 77(a) van die Wet.

'n Persoon wat aldus skuldig bevind word, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000,00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met beide sodanige boete en so 'n tydperk van gevangenisstraf.

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 3C**WEIERING VAN INDIENING VAN AANSOEK INGEVOLGE ARTIKEL 36(1A)(b)**

[Reg. 9A(2)]

VERWYSINGSNOMMER:**NAAM:****ADRES :**

U word hiermee ingevolge artikel 36(1A)(b) van die Wet in kennis gestel dat die indiening van u aansoek om 'n dranklisensie om die volgende redes geweier word;

Vind ingeslote die aansoeke en die dokumente wat in verband daarmee deur u by die Owerheid ingedien is. U is geregtig daarop om u aansoek weer in te dien kragtens regulasie 9(2) nadat u aandag gegee het aan al die uitstaande aangeleenthede hierbo gelys.

Uitgereik te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20__

Sekretaris

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 3D**AANVAARDING VAN INDIENING VAN AANSOEK INGEVOLGE ARTIKEL 36(1A)(a)**

[Reg. 9A(2)]

VERWYSINGSNOMMER:**AANGEWESSE DRANKBEAMPTE****NAAM:****ADRES :**

U word hiermee ingevolge artikel 36(1C)(a) van die Wet in kennis gestel dat die indiening van u aansoek om 'n dranklisensie aanvaar word. Daar word van u vereis om die aansoek binne 14 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing by die aangewese drankbeampte, soos hierbo aangedui, in te dien.

Ingevolge regulasie 9A(4) word van u vereis om binne 14 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing:

- (a) die voorgeskrewe aansoekfooi ten bedrae van R ... aan die Owerheid te betaal;
- (b) bewys van die betaling van die voorgeskrewe fooi en indiening by die aangewese drank-beampte by die Owerheid in te dien.

Versuim om aan regulasie 9A(4) te voldoen kan daartoe lei dat die indiening van u aansoek as geweier geag word ingevolge artikel 36(1A)(b).

Uitgereik te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20__

Sekretaris

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 3E

KENNISGEWING INGEVOLGE REGULASIE 9A(5)(a)

[Reg. 9A(5)(a)]

VERWYSINGSNOMMER: NAAM: ADRES :	AANGEWESE DRANKBEAMPTE
------------------------------------------------------------	-------------------------------

U word hiermee ingevolge regulasie 9A(5)(a) in kennis gestel dat:

- (a) bewys van die betaling van die toepaslike aansoekfooi; en
- (b) bewys van die indiening van u aansoek om 'n dranklisensie by die aangewese drankbeamppte hierbo aangedui,

deur die Owerheid ontvang is.

Ingevolge regulasie 10(2) word van u vereis om die kennisgewing waarna in artikel 37(2) van die Wet verwys word, te vertoon.

Daar word van u vereis om binne 7 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing by die Owerheid bewys te lewer van die kennisgewing bedoel in artikel 37(2).

Uitgereik te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20__

 Sekretaris

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 3F

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 36(1C)(e)

[Reg. 9A(5)(b)]

VERWYSINGSNOMMER:

AANGEWESSE DRANKBEAMPTE

NAAM:

ADRES :

U word hiermee ingevolge artikel 36(1C)(e) van die Wet in kennis gestel dat u aansoek as gevolg van u versuim om die volgende ooreenkomstig regulasie 9A(4)(a) by die Owerheid in te dien, word indiening van u aansoek geag geweier te wees:

- bewys van die betaling van die toepaslike aansoekfooi; en
- bewys dat 'n afskrif van die aansoek vir 'n dranklisensie by die aangewese drankbeampste hierbo aangedui, ingedien is.

Vind ingesluit die aansoek en dokumente wat in verband daarmee deur u by die Owerheid ingedien is. U is geregtig om u aansoek weer in te dien in kragtens regulasie 9(2).

Uitgereik te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20__

Sekretaris

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 4A

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 23(2) OM BY 'N VERGADERING VAN DIE DRANKLISENSIËRINGSTRIBUNAAL TEENWOORDIG TE WEES

[Reg. 16(1)]

AAN : Naam: _____

Adres: _____

Uit hoofde van die bevoegdheid wat berus by die Voorsittende Beampte deur artikel 23(2) van die wet, en as gevolg van die feit dat u nadelig geraak kan word by die oorweging van 'n aangeleentheid deur die Dranklisensiëringstribunaal, word u hiermee in kennis gestel om teenwoordig te wees by 'n vergadering van die Dranklisensiëringstribunaal wat in verband staan met die aansoek of lisensie met die volgende besonderhede:

Naam en adres van perseel: _____

Naam van aansoeker/lisensiehouer:

Owerheidsverwysingsnommer: _____

Die vergadering sal gehou word op die datum, tyd en plek soos hieronder aangedui:

Datum: _____ / _____ /20_____

Tyd: _____

Plek: _____

Let asseblief op die volgende:

- (i) Dit is belangrik dat u persoonlik verskyn. U kan 'n advokaat, prokureur of enige ander persoon aanstel om namens u te verskyn.
- (ii) Die Voorsittende Beampte kan van u vereis om getuienis te lewer of om enige dokument of enigiets wat in u besit of bewaring of onder u beheer is, voor te lê.

Uitgereik te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20__

Sekretaris

SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK

Ek sertifiseer dat ek hierdie kennisgewing beteken het op die persoon genoem in die kennisgewing deur—

(a) die lewering van 'n ware afskrif aan _____

PERSOONLIK

OF

(b) die lewering van 'n ware afskrif aan _____,

klaarblyklik ouer as 16 jaar en klaarblyklik woonagtig of werksaam by die WOONPLEK/
WERK/BESIGHEID van die bogenoemde _____ aangesien hy/sy te
vinde was by _____

_____.

Die aard en dringendheid van hierdie kennisgewing is aan die ontvanger hiervan verduidelik.

Tyd van betekening:

Tyd: _____ Dag: _____ Maand: _____ 20_____

Handtekening van polisiebeampte of inspekteur

WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 (WET 4 VAN 2008)

VORM 4B

DAGVAARDING INGEVOLGE ARTIKEL 23(5)

[Reg. 16(1)]

AAN :

Naam: _____

Adres: _____

